# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

3

Kwartaal 3




Onderwysersgids

3

Kwartaal 3

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies:**
Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Omslag: **Anja Stoeckigt**

Ander illustrasies is verskaf deur:
**Crazy Cat:** Bladsy 30 en 104;
**Patrick Latimer:** Bladsy 29, 31, 35, 43, 45, 47, 49, 53, 54, 77 en 101;
**Jiggs Snaddon-Wood:** Bladsy 31, 33, 41, 55, 62, 57, 89 en 127;
**Alex Latimer:** Bladsy 67, 91, 101, 103, 125, 127, 129, 131 en 133;
**Rassie Erasmus:** klankwoorde.

---

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media Team: alle foto's geneem by skole en in klaskamers, Bladsy 29: **Claude Monet** (*Impression: Sunrise*), **iStock:** Bladsy 33: **Denis Kabanov** (Gautrein), Bladsy 65: **DEBOVE SOPHIE** (koorsboom), Bladsy 67: **mischach** (Knysnawoud), Bladsy 69: **andiikoval** (boompie), **AndreaWillmore** (aloe ferox), **R Rees** (baobab), Bladsy 71: **Dr. Jurgen Bockynek** (maroelaboom), **IMNSTURE** (maroelavrugte), **amuel howell** (keiappels), Bladsy 73: **tifonimages** (papiermeulel), Bladsy 79: **Johan Karisson** (houtstoof), **Augustin Val** (ou melkbeker), Bladsy 81: **Karin de Mamiel** (skoene gemaak van motorbande), Bladsy 83: **MWayOut** (Zoeloe-mans), **sundrawalex** (Europese vrou uit die 18de eeu); **Gallo Images:** Bladsy 37: **Misha Jordaan** (Two Oceans Aquarium – clownfish), **Jaco Marais** (Two Oceans Aquarium – pylstertvis), Bladsy 61: *Beeld* (Wangari Maathai), **Stephane Mahe** (Virgil Abloh), Bladsy 103: **Sovfoto/Contributor** (Laika die ruimtehond); **Road Traffic Management Corporation en Arrive Alive:** Bladsy 43 (padtekens); **WikiCommons:** Bladsy 69: **Divet Dilman** (koorsboom), Bladsy 77: **Olli1800** (BMW 525i deur dr. Esther Mahlangu), **Freddejager** (geverfde opstal deur dr. Esther Mahlangu), Bladsy 81: **nickCB** (veldskoen), Bladsy 91: **Jean-Pierre Dalbéra** from the Musée de quai Branly (houtkopstut), Bladsy 113: **Falcon Heavy Demo Mission** (lansering van ruimteskip); **Shutterstock:** Bladsy 56: **Greta Thunberg**, Bladsy 67: **Tish1** (spekboom), Bladsy 112: **Fram Stock Footage** (ruimterommel); **Giraffe Project Heroes:** Bladsy 55 (Yola Mgogwana); **WikiHow:** Bladsy 80 (hoe om skoene te maak); **Design Indaba: Woza Moya Crafters:** Bladsy 77 (*Dreams for Africa-stoel*); **Brooklyn Museum Kostuumversameling** by die Metropolitan Museum of Art, geskenk deur Brooklyn Museum, 2009, geskenk deur Herman Delman, 1994: Bladsy 79: (Barokskoene); **Smithsonian National Postal Museum:** Bladsy 79 (Jan E. Matzeliger-posseël); **Henry Ford Museum:** Bladsy 81 (Ford se vierwielfiets); **Rogers Fund:** Bladsy 81 (papirussandale uit Ou Egipte); **The Metropolitan Museum:** The Michael C. Rockefeller-herdenkingsversameling, geskenk deur Nelson A. Rockefeller, 1972: Bladsy 93 (Benin se bronsbeeld), Bequest of Alice K. Bache, 1977: Bladsy 93 (Benin se bronsbeeld van 'n koning); **The Trustees of the British Museum:** Bladsy 95 (enkelbandjie en voorskoot met kralewerk, en kleipot en bake van erdewerk); **National Aeronautics en Space Administration:** Bladsy 113 (ruimtevaarder Kayla Barron en ruimtevaarder sonder gravitasie), Bladsy 115 (ruimtevaarder Mae Jemison), **NASA Earth Observatory image** deur Robert Simmon, deur die gebruik van Suomi NPP VIIRS data soos voorskaf met vergunning van Chris Elvidge (NOAA National Geophysical Data Center). Suomi NPP NPP is die gevolg van 'n vennootskap tussen NASA, **NOAA, en die Department van Verdediging:** Bladsy 121 (opkoms van aarde); Leonard C. Hanna, Jr. Class of 1913, **Fonds:** Bladsy 115: (*Starry Night* deur Jean-François Millet); **Flickr:** Bladsy 115: **famile.sebile** (ruimtevaarder Tuân Pham); **Blue Origin:** Bladsy 115 (lansering van die ruimtetuig NS-16); **Library of Congress:** Bladsy 117 (*A fairy moon en a lonely star* deur Hiroshige Utagawa); **Google Art Project:** Bladsy 119 (*The Starry Night* deur Vincent van Gogh).

'n Spesial dank aan Joanne Bloch vir die gebruik van die foto's van Robert Mazibuko op bladsy 57 en 59.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-36-1

Version 1: 2024

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
***Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 3, Kwartaal 3, CC BY 4.0.***

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud


**Ikone en afkortings** .... **iv**

**Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram** .... **1**

Weeklikse rooster, Kwartaal 3 .... 1

Inhoud, Kwartaal 3 .... 2

Assesseringsplan, Kwartaal 3 .... 4

**Geïntegreerde leer – die Funda Wande-benadering** .... **5**

**Onderrig Huistaal** .... **6**

Luister en Praat .... 6

Klanke .... 7

Handskrif .... 8

Lees en Skryf Fokustyd .... 10

Leeslesse .... 10

Skryflesse .... 18

**Onderrig Lewensvaardigheid** .... **21**

Aanvangskennis .... 21

Skeppende Kunste .... 23

Liggaamsopvoeding .... 24

**Week 1** Bly veilig .... 26

**Week 2** Bly veilig .... 38

**Week 3** Besoedeling .... 50

**Week 4** Besoedeling .... 62

**Week 5** Hoe mense lank gelede geleef het .... 74

**Week 6** Hoe mense lank gelede geleef het .... 86

**Week 7** Ruimte .... 98

**Week 8** Ruimte .... 110

**Week 9** Meer oor hoe mense lank gelede geleef het .... 122

**Week 10** Vaslegging en hersiening .... 134

**Assessering Kwartaal 3** .... **136**

Geletterdheid – Huistaal: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 3 .... 136

Luister en Praat Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 138

Klanke Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 139

Lees en Begrip Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 140

Handskrif Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 141

Skryf Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 142

Huistaal Kwartaal 3 Puntestaat .... 143

Lewensvaardigheid: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 3 .... 144

Aanvangskennis en PSW Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 146

Visuele Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 147

Uitvoerende Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 148

Liggaamsopvoeding Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste .... 149

Lewensvaardigheid Kwartaal 3 Puntestaat .... 150

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of Mondeling |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW en Welsyn |
|  | Skeppende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  Skryf |  Kleur in of teken |  Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in Pare – PL
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderrig – DBO

## Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram

| Tyd per dag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **10 min** | **Admin.-periode: Register/kalendar/verjaarsdae/aankondigings** | | | | |
| **1 uur 30 min** | **WISKUNDEBLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1h 35 min** | **GELETTERDHEIDSBLOK** | | | | |
| **15 min** | Mondeling: Nuus | Luister en Praat | Luister en Praat | Luister en Praat | Mondeling: Hersiening van week |
| **OORGANGSTYD: Skerpmaak van potlode, uitdeel van boeke, handoefeninge** | | | | | |
| **15 min** | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke |
| **10 min** | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif |
| **OORGANGSTYD: Aksierympie/-liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Lees: Hardoplees deur die onderwyser | Gedeelde lees: Begrip | Gedeelde Lees: Woordeskat | Gedeelde Lees: A. Taal B. Vlotheids-oefening | Lees: Hersiening van Onafhanklike Werk |
| **15 min** | E-klaskamer | Skryf: Begrip | Skrif: Woordeskat | Skryf: Taal | Onafhanklike Skryf |
| **OORGANGSTYD: Strek en skud. Groep beweeg na die mat vir GBL** | | | | | |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **(30 min parallel met GBL)** | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk |
| **45 min** | **EAT-BLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1 uur 25 min** | **LEWENSVAARDIGHEIDSBLOK** | | | | |
| **30 min** | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis: Hersiening van konsep | DBO-werkboek Lewens-vaardigheids-bladsy Huistaal-bladsy |
| **OORGANGSTYD: Asemhalingsoefening, uitdeel van materiaal** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste: Visuele Geletterdheid/ Prakties | Visuele Kunste: Prakties | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste | |
| **OORGANGSTYD: Verklee, beweeg na buite, voorsien apparaat** | | | | | |
| **25 min** | Opstel van Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies |

## Inhoud, Kwartaal 3

| Week | Tema | Hardoplees storie | Gedeelde Leesstorie | Onafhleeswerk | Klanke |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | Bly veilig | Lewendige draad! | 'n Nag wat ek nóóit sal vergeet nie | Oorvertelling: 'n Spesiale skooldag; 'n Verjaarsdag-bederf; 'n Reis; Die akwarium | Woorde met dubbel-medeklinkersin die middel<br>Woorde wat begin met 'n v- |
| **2** | Bly veilig | Die Gekroonde Kraanvoël | 'n Nag wat ek nóóit sal vergeet nie | Die groot dag – 'n storie in vier hoofstukke oor veiligheid by 'n sokkerwedstryd | Woorde wat begin met 'n f-<br>Woorde wat eindig op -ik |
| **3** | Besoedeling | Kinders kan 'n verskil in die omgewing maak | Die Umgenirivier | Eko-stryders: Greta Thunberg, Ayakha Melithafa, Wangari Mathai, Robert Mazibuko | Woorde wat eindig op -ike<br>Woorde wat eindig op -ig/-ige |
| **4** | Besoedeling | Afrikalegende: Die vrugteboom | Die Umgenirivier | Bome vir klimaats-verandering<br>Bome vir medisyne Bome vir papier<br>Bome vir kos | Woorde met 'n kappie<br>Woorde met 'n deelteken |
| **5** | Hoe mense lank gelede geleef het | Voorwerpe in die museum | Die skoenmaker | Voorwerpe toe en nou: skoene, motors, klere, elektrisi<br>teit | Meervoude wat 'n deelteken kry<br>Woorde met -ae |
| **6** | Hoe mense lank gelede geleef het | Dinge wat my ouma se ouma haar vertel het | Die skoenmaker | Briewe uit die verlede: koprusstuk Beninse Brons, kralewerk en kleipotte | Dae van die week |
| **7** | Ruimte | Ruimte | Marlene en die maan | Mense en voorwerpe in die ruimte: diere, mense, satelliete, ruimterommel | Verkleinwoorde: Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat op -k, -s, -f, -g, -p) eindig. Die laaste konsonant verdubbelen kry 'n -ie aan die einde |
| **8** | Ruimte | Om té naby aan die son te vlieg | Marlene en die maan | Vier kunswerke wat die naghemel vertoon | Verkleinwoorde: Woorde met 'n lang klank (dubbelklank) en eindig op (-k, -s, -f, -g, -p). As daar twee van dieselfde vokale soos aa, ee en uu, val van die vokale weg en kry 'n -ie aan die einde |
| **9** | Meer oor hoe mense lank gelede geleef het | Skool lank gelede | Oumas en hul kleinkinders (speel) | Khanya se daaglikse dagboek (vervolg vanaf Kwartaal 2) | Verkleinwoorde: Woorde met dubbelklanke, diftonge en dubbel-konsonante wat eindig op 'n (-k, -s, -f, -g, -p), kry 'n -ie aan die einde |
| **10** | Vaslegging | | | | |

| Taal en Begrip | Skryf | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste: VK | Skeppende Kunste: UK | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Vrae om die toneel te skep: wie, wanneer, waar, wat | Oorvertelling: 'n Dag in my vakansie (persoonlike skryf) | KWL: Bly veilig<br>Lewendige drade! Brandveiligheid by die huis | Kunsgalery: Fokuspunte | Rolspel n onveilige situasie by die huis | Onderwyser kies 4 aktiwiteite vir die week |
| Volgorde van woorde: eerste, daarna, toe, uiteindelik | Oorvertelling: 'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie (twee paragrawe, verlede tyd, eerste persoon) | Skadelike middels (stowwe)<br>Veiligheidstekens – pas en ontwerp | 'n Skildery met 'n fokuspunt | Sing en beweeg op 'n Suid-Afrikaanse liedjie | |
| Identifisering en opsomming van die stappe van 'n proses | Hoe om my skooltas te pak (proses-vloeikaart) | KWL: Besoedeling<br>Tel die vullis op<br>Watter rommel het jy gevind? | Kuns-waardering: Maak patrone en afdrukke uit die natuur | Bewegingsin op verskillende vlakke | |
| Identifisering en opsomming van die stappe van 'n proses<br>Voegwoorde | Hoe om papier te maak (proses-vloeikaart wat op 'n teks gebaseer is) | Boomplantdag<br>Plant bome om besoedeling te bebeveg<br>Omskep 'n vloeikaart in skryfwerk | Maak 'n Boomplan-dagprent | Skep 'n mimie-kroetine<br>Mimiek 'n storie | |
| Woorde vir volgorde (hersien)<br>Voegwoorde | Hoe om skoene te maak (proseseer die narratief vanaf die vloeikaart) | KWL: Hoe mense lank gelede geleef het<br>'n Besoek aan 'n museum<br>Voorwerpe van lank gelede | Kunsgallery: Patrone in Afrikakuns | Groep-dramatisering | |
| Woorde vir volgorde (hersien)<br>Voegwoorde | Iets uit lank gelede (beskrywing, verlede tyd) | Tegnologiese proses – ontwerp, maak, evalueer, kommunikeer oor skoene | Ontwerp en teken herhalende Afrikapatrone | Groep-dramatisering | |
| Langer sinne/ voegwoorde | My droom (persoonlike skryf) | KWL: Feite oor ruimtereise<br>Ons sonnestelsel<br>Identifiseer uit leidrade | Vorms in kuns – geometriese en organiese<br>Bewertjie van sonnestelsel | Skep beweginsoor die ruimte | |
| Langer sinne/ voegwoorde | 'n Droomstorie: (drie paragrawe, kreatiewe skryf, begin, middel, einde) | Ruimtevaarders<br>Ruimteverkenners<br>Voltooi 'n tabel | Bewertjie van sonne stelsels | Beweging op maat van musiek | |
| Spelling | Dialoog tussen grootouer en 'n kleinkind | KWL: Meer oor lank gelede<br>Skool, toe en nou | 3D-prentraam met patrone | Groepe se toneel-opvoerings | |

## Assesseringsplan, Kwartaal 3

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Week 4** | Vr. | Skryf 1: 'n Proses: 'n Vloeidiagram | PRAKTIES | OG bl. 72 |
| **Week 6** | Di.–Do. | Luister en Praat 1: Aanbieding – Iets uit lank gelede | MONDELING | OG bl. 90, 92, 94 |
| | Di. | Luister en Praat 2: Luisterbegrip – Dinge wat my ouma se ouma haar vertel het | LAB bl. 115 | OG bl. 90 |
| | Ma.–Di. | Visuele Kunste 1: Afrikapatronekuns | PRAKTIES | OG bl. 89, 91 |
| | Wo.–Do. | Uitvoerende Kunste 1: Groepdramatisering | PRAKTIES | OG bl. 93, 95 |
| | Vr. | Liggaamsopvoeding 1: Speletjies | PRAKTIES | OG bl. 97 |
| **Week 7** | Di.–Do. | Luister en Praat 1: Aanbieding – Iets uit die verlede (vervolg) | MONDELING | OG bl. 102, 104, 106 |
| | Di. | Klanke 1: Skryf klanke | LAB bl. 139 | OG bl. 102 |
| | Di. | Lees 1: Leesbegrip – Marlene en die maan | LAB bl. 140 | OG bl. 102 |
| | Wo. | Aanvangskennis 1: Watter planeet is ek? | LAB bl. 147 | OG bl. 105 |
| **Week 8** | Ma.–Vr. | Lees 2: Mondelinge Hardoplees (GBL) | MONDELING | OG bl. 113, 115, 117, 119, 121 |
| | Di.–Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Balans | PRAKTIES | OG bl. 115, 117, 119, 121 |
| | Wo. | Aanvangskennis 2: Feite oor ruimtereis | LAB bl. 165 | OG bl. 117 |
| | Do.–Vr. | Skryf 2: 'n Droom storie | OEFENBOEK | OG bl. 118, 120 |
| | Vr. | Handskrif 1: Lopende skrif en verbindings | LAB bl. 153 | OG bl. 120 |
| | Vr. | Klanke 2: Leesspoed van woorde | LAB bl. 169 | OG bl. 120 |



# Geïntegreerde leer – die Funda Wande benadering

Die Funde Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid. Dit word gedoen deur algemene temas en geïntegreerde lesplanne te gebruik en sleutelwoordeskat te herhaal.

## Hoekom?

- Verbeter en gee diepte aan albei vakke.
- Verseker dat alle taalvaardighede in die **betekenisvolle konteks** van ’n relevante onderwerp aangeleer word.
- **Inhoud- en konsepkennis** van die Lewensvaardigheid-onderwerp word verdiep.
- Verbreed, verdiep en herhaal **sleutelwoordeskat**.
- Dieper begrip van konsepte en hoe hulle met mekaar verband hou, verbeter **leesbegrip** en algehele akademiese bevoegdheid.
- Alle leer is dieper, meer betekenisvol en meer relevant.

## Hoe?

- Die onderwyser doen navorsing oor die onderwerpe wat in die kurrikulum uiteengesit word om te verseker dat nuwe leer nie oppervlakkig is nie.
- Sy verstaan die **sleutelkonsepte** en die uitkomste of **doel** van die onderwerp.
- Die onderwerp word in ’n Lewensvaardigheid-les bekendgestel, hetsy mondeling of deur ’n niefiksie-leesteks te gebruik.
- Hardoplees-, Gedeelde Lees- en Selfstandige lees-tekste word gekoppel aan die onderwerp, en word voorsien vir leesoefening.
- Lewensvaardigheid-lesse ontwikkel nuwe konsepte, nuwe woordeskat en vaardighede wat verband hou met die onderwerp verder.
- Geletterdheid-lesse ontwikkel mondelinge, lees-, skryf- en taalvaardighede in hierdie konteks verder.
- Lees- en skryfaktiwiteite in albeid vakke herhaal en versterk nuwe woordeskat.

## GEÏNTEGREERDE LEERSIKLUS

1. Onderwyser verdiep eie kennis van onderwerp deur navorsing te doen. →
2. Onderwyser volg die lesplanne wat rondom die onderwerp gebou is. →
3. In Lewensvaardigheid word nuwe konsepte, vaardighede en woordeskat aangeleer. →
4. In Geletterdheid lees kinders tekste wat verband hou met die onderwerp. Alle taalwerk is op hierdie tekste gebaseer. →
5. In albei vakke word belangrike konsepte en woordeskat herhaal en versterk. →
6. Vaardighede in albei vakke word verbeter.

# Onderrig Huistaal



## LUISTER EN PRAAT 15 min

### Hoekom?

- Om luistervaardighede te ontwikkel.
- Om praatvaardighede te ontwikkel.

### Hoe?

Naweeknuus (**Maandag**)
Luister- en Praatvaardighede (**Dinsdag**)
Luister- en Praatvaardighede (**Woensdag**)
Luister- en Praatvaardighede (**Donderdag**)
Hersiening van die week se werk (**Vrydag**)

### Dink-pare-deel metodiek

- Die leerders is op die mat (verkieslik).
- Die onderwyser stel die probleem of taak bekend.
- **Dink:** Dink *in stilte*. (1 min)
- **Pare:** Die leerders deel hul gedagtes met ’n maat. Hulle luister na ’n maat se gedagtes. (5 min)
- **Deel:** Kies ’n paar die leerders en laat hulle hul gedagtes met die klas deel. (5 min)
- **Reageer:** Die onderwyser demonstreer hoe om antwoorde te bevestig en hoe om hoflik te vra indien iets onduidelik is. Die leerders leer en oefen hierdie vaardighede.

### Inhoud

In Week 1–8 word daar gefokus op oorvertellings oor persoonlike ervarings, besprekings oor onderhoudvoering met ouer mense, aanbiedinge oor voorwerpe uit die verlede, oorvertelling van ’n storie en beantwoording van oop-einde-vrae. In Week 9 word daar gefokus op luister na en die opvoering van ’n toneelleesstuk en dialoog.



## KLANKE 15 min

### Hoekom?

- Om kennis van letter-klank-verhoudings in die konteks van woorde te ontwikkel.
- Om hierdie kennis te gebruik om klanke te meng en klanke te segmenteer wanneer hulle lees en skryf.
- Om elke week te leer om 10 nuwe woorde te spel.
- Om op sig hoëfrekwensiewoorde/algemene woorddele te herken deur spoedlees van woorde.

### Klankekurrikulum Graad 3

Hersien die klanke wat reeds aangeleer is, in Kwartaal 1.

| | Week 1 | Week 2 | Week 3 | Week 4 | Week 5 | Week 6 | Week 7 | Week 8 | Week 9 | Week 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kw. 1** | Hersien: enkel-letters en -klanke | Hersien: aa, ee, oo, uu | Hersien: ie, oe, ui | Hersien: ou, eu, ei | Hersien: aai, eeu | Hersien: ooi, oei | Hersien: bl, br, dr, dw, fl, fr, gl, gr | Hersien: kr, kw, pl, pr, sk, sl, sm, sn, sp | Hersien: st, sw, tw, tr, vl, kl, vr | Hersien |
| **Kw. 2** | Hersien woorde met twee mede-klinkers aan die einde van ’n woord | Woorde met twee mede-klinkers aan die begin en aan die einde van ’n woord | Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, i, o en u) | Woorde met drie mede-klinkers | Woorde wat eindig met ’n “d” wat soos ’n “t” klink | Woorde wat begin met be- ge-, ver- | Woorde wat eindig met -le, -se, -te, -we, -pe, -de | Woorde met -ng- en -nk- in die middel | Same-stellings | Hersien |
| **Kw. 3** | Dubbel mede-klinker in middel, Mve.: oop lettergrepe | Mve.: woorde met “d” wat soos “t” klink | Mve. wat met “we” eindig<br>Woorde wat eindig op “e”, maar klink soos “i” | Dubbel mede-klinkers in middel | Woorde wat met “v” begin<br>Woorde wat met “f” begin | Woorde wat eindig op “f”<br>Woorde met “f” in die middel | Woorde wat eindig op: -ig, -ik, -ige, -ike | Woorde met ’n kappie<br>Woorde met ’n deelteken<br>Woorde met “ae” | Vk.we.: -tjie en -jie | Hersien |
| **Kw. 4** | Vk.we.: met -ie, -kie, -tjie | Vk.we.: met -ie | Vk.we.: met -pie en -etjie | Vk.we.: wat eindig op -ng | Hersien vk.we. | Drieletter-grepige woorde<br>Dae en maande van die jaar | Hersiening | Hersiening | Her-siening | Hersien |

### Hoe?

**Vinnige klankherkenning (Alternatiewe dae – vir 2 minute)**

- Die doel is om automatiese en akkurate klankherkenning te ontwikkel.
- Wys teen ’n vinnige pas die flitskaarte of klanke wat alreeds aangeleer is (of wys na hulle op die muur of bord).
- Individuele die leerders, groepe of die klas sê die klanke.

**Hoëfrekwensiewoorde (tydens GBL)**

- ’n Alfabetiese lys van die mees algemene woorde in Afrikaans kan op die agterste bladsy van hierdie Onderwysersgids gevind word. Hierdie woorde is woorde wat die leerders teen die einde van die jaar behoort te kan lees.
- Skryf die **hoëfrekwensiewoorde** op die bord of flitskaarte.
- Onderrig die **hoëfrekwensiewoorde** as **volle woorde**.
- Lees gereeld, byvoorbeeld, op flitskaarte. Gaan elke keer ’n bietjie vinniger. Verander die volgorde.

**LAB-aktiwiteite (daagliks)**

- In die LAB is daar aktiwiteitsbladsye om klanke wat alreeds aangeleer is, te oefen.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Voorsien verdere instruksies gedurende GBL, indien nodig. Merk die leerders se sinne.
- Kontroleer antwoorde as ’n klas.

### Spoedlees woorde (elke tweede Vrydae)

- Vorm pare. Elke maat kry ’n beurt om die woorde vir 1 minuut te lees.
- Die onderwyser hou tyd en sê “begin”en “stop”.
- Die leerders omkring die woord wat laaste gelees is.
- Die onderwyser lees ná die tyd al die woorde.
- Die leerders kontroleer en tel die woorde wat korrek gelees is. (Trek woorde wat verkeerd gelees is, af.)
- Daag die leerders uit om hul telling te verbeter.

### Diktee (elke tweede Vrydae)

- Diktee toets die leerders se vermoëns om klankwoorde korrek te spel en om sinne te skryf.
- Sê elke woord of sin duidelik en stadig. Herhaal slegs een keer.
- Gee die leerders tyd om elke woord in hul beste handskrif te skryf.
- Sien na en korrigeer: Skryf die woorde of sinne op die bord vir die leerders om te merk.
- Indien ’n woord verkeerd gespel is, skryf die leerders die korrekte woord met ’n potlood bokant die verkeerde woord.






## HANDSKRIF 15 min

### Hoekom?

- In Kwartaal 3 gaan die leerders voort om lopende skrif te oefen en op spoed en leesbaarheid te fokus.
- In Handskriflesse is die fokus op die skryf van woorde en kort sinne.
- Dit behels die vaslegging van die korrekte formasie van hoof- sowel as kleinletters en die gebruik van onder- en oorverbindings. Spasiëring tussen woorde word belangrik.
- Leerders kan begin om lopende skrif vir alle skryfaktiwiteite in Kwartaal 3 te gebruik.

### Hoe?

- Daar is weekliks een LAB-bladsy vir Handskrif, wat ‘n les vir elke dag van die week insluit, aangedui deur verskillende kleure.
- Leerders trek elke dag die letter of patroon vir die dag in hul LAB na, en doen dan verdere oefeninge in hul oefenboeke.

### Voorbereiding vir handskriflesse

- Trek stelle van vier lyne elk op ’n deel van die bord. Dit kan permanent (verf) of semi-permanent (bordkryt wat in suikerwater gedoop is) wees.
- Die leerders het hul LAB, handskrifoefenboek en ’n skerp potlood nodig. Geen uitveërs mag gebruik word nie!

### Die lesproses

***Demonstreer op die bord***

- Die leerders kyk na die bord tydens die demonstrasie.
- Die onderwyser skryf elke letter op die lyne op die bord.
- Beskryf/artikuleer die letterformasie: waar om te begin en die posisionering op die lyn, die soort verbinding (bo of onder), hoofletter, ens. Wys die spasie tussen die woorde.
- Demonstreer ook die letterverbinding vir die dag.
- Demonstreer ook deur nie die kryt op te lig nie en om met ’n egalige vloei te skryf.

***Die leerders***

- Skryf **met hul vinger op hul banke** terwyl die onderwyser demonstreer.
- Skryf **onafhanklik in hul LAB**, trek oor die woorde van die dag.
- Skryf **onafhanklik in hul handskrifoefenboeke** om die woorde of sin van die dag na te trek vir addisionele oefening.

***Die onderwyser***

Loop deur die klas en gee terugvoering oor:

- potloodgreep en postuur: paddabeentjiesgreep; ’n ondersteunende hand op die papier; sit regop en nie met die kop vooroor gebuig nie; elmboog moet vrylik kan beweeg.
- handskrif: gepaste druk op papier; begin- en eindposisie; korrekte letterformasie; moenie potlood oplig nie; netjiese verbindings.

**Die leerders kies** hul “beste” letter/woord in elke lyn en omkring dit vir die onderwyser om na te kyk. Die onderwysers kan as ’n alternatief die goed gevormde letters merk wanneer hulle dit nasien.

**Boeke moet gereeld ingeneem word vir terugvoering.** Skryf enige verkeerde letters op ’n skoon reël. Die leerder voltooi die reël. Prys goed gevormde letters. Leerders doen die volgende week verbeterings tydens Onafhanklike Werk.



## LEES EN SKRYF FOKUSTYD

2 uur 15 min



## LEESLESSE

Die onderwyser lees hardop (Maandag) →
Gedeelde Lees: Begrip (Week A Dinsdag)/Vlotheid (Week B Dinsdag) →
Woordeskat (Week A Woensdag)/Woordeskat- en Taalhersiening (Week B Woensdag) →
Taal- (Week A Donderdag)/Vlotheidsoefening (Week B Donderdag) →
Hersien Onafhanklike Lees (Vrydag)
**Elke dag:** Groepbegeleide Lees met 2 verskillende groepe; Onafhanklike Werk

### Die onderwyser lees hardop (Maandag)

Die onderwyser lees hardop stories wat literatuurgebaseerd is asook stories wat by Lewensvaardigheid aansluit.

- Die literatuurgebaseerde stories sluit aan by die Gedeelde Lees-teks of die tema.
- Die Lewensvaardigheid-stories stel ’n nuwe tema op ’n gepaste verhalende wyse bekend, deur óf bespreking óf ’n denkbeeldige storie.

#### Hoekom?

- Om luister- en konsentrasievaardighede te ontwikkel.
- Om ryk taal bekend te stel en om die leerders se woordeskat uit te brei.
- Om verskillende genres van literatuur of ’n nuwe tema in Lewensvaardigheid bekend te stel.

#### Hoe?

**Vóór lees**

- Vra 2–3 vrae om aan te sluit by die leerders se bestaande kennis/ondervinding.
- Gee ’n doel of rede om te luister.

**Lees die storie**

- Gebruik uitdrukking of dramatisering om die leerders se aandag te trek.
- Verduidelik kortliks enige onbekende woorde terwyl jy die storie lees sonder om die vloei van die storie te bederf.

**Ná lees**

- Laat 1–2 minute toe vir spontane reaksie.
- Kontroleer begrip en konsentrasie deur 2–3 vrae te vra.



## Gedeelde Lees (Dinsdag)

### Hoekom?

- Om lees- en taalvaardighede met die ondersteuning van die onderwyser binne 'n betekenisvolle konteks te ontwikkel.
- Hierdie vaardighede sluit in: begrip, woordeskatontwikkeling, sinskonstruksie en leesvlotheid.

### Hoe?

**Vóór lees**

- Oriënteer die leerders tot die boek deur hul bestaande kennis te gebruik, die titel te lees, en na 1–2 illustrasies te kyk. **MOENIE MEER AS 2–3 MINUTE HIERAAN SPANDEER NIE.**

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie saam met die leerders. Die leerders volg, lees saam waar hulle kan en wys na die woorde in hul LAB terwyl jy lees.
- Lees vlot en met uitdrukking.
- Lees weer die storie. Sodra die leerders met meer selfvertroue begin lees, kan jy sagter begin lees. Verhef weer jou stem wanneer jy moeilike woorde of frases teëkom.
- Vra die leerders elke dag om 'n woord of sin buite konteks te lees om te kontroleer dat hulle die woorde wel lees en nie memoriseer nie.

**Ná lees**

Binne die tweeweeklikse tema, sal die leerders die volgende leesvaardighede oefen:

- Begrip: Vir elke teks word 'n ander begripstrategie geoefen; elke teks word deur twee kort geskrewe begripsaktiwiteite gevolg.
- Woordeskat: Vyf leeswoordeskatwoorde word met elke verhaal bekendgestel.
- Taal/sinswerk: Een word uit die storie geneem en gebruik om kennis van grammatika te ontwikkel.
- Vlotheid/tempo: Vlotheid word gedemonstreer en 'n aktiwiteit word verskaf.



## Taal

- ’n Sleutelsin word in die Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer om die kennis van taal te ontwikkel.
- Die sin word geanaliseer met ’n spesifieke fokus.
- Die leerders skryf hul eie sin wat op die sinspatroon gebaseer is. Dit sal verseker dat selfs die minder bevoegde leerder elke week 2–3 samehangende en grammatikaal korrekte sinne sal skryf.

## Hoekom?

- Om taalvaardighede te ontwikkel sodat individuele woorde/woordgroepe/dele van woorde in ’n sin geïdentifiseer kan word.
- Verbind grammatikale kenmerke met spesifieke skryfgenres, bv. prosesse, oorvertellings, oordra van inligting na ‘n tabel of diagram.
- Om ’n begrip van korrekte sinstruktuur te ontwikkel.
- Om die leerders se skryfselfvertroue te ontwikkel.

## Hoe?

### Stel die sin bekend

- Skryf die sleutelsin op die bord. Lees dit saam met die leerders.
- Die leerders soek en vind die sin in die teks en onderstreep dit.

### Werk met die sin

Identifiser spesifieke woorde/woordgroepe/dele van woorde. Vra mondelinge vrae:

- **Wie?**- en **Wat?**-vrae help die leerders om selfstandige naamwoorde te identifiseer (mense en dinge).
- **Doen wat?**-vrae help die leerders om werkwoorde te identifiseer (aksies, dinge wat mense sê en voel, tydsvorm).
- **Wanneer?**-vrae help die leerders om die tyd toe iets gebeur het te identifiseer (bywoordelik).
- **Waar?**-vrae help die leerders om ’n posisie of plek te identifiseer (bywoordelik).
- **Waarom (Hoekom)?**-vrae help die leerders om ’n rede vir die aksie te identifiseer (bywoordelik).
- **Hoe?**-vrae help die leerders om die manier waarop iets gebeur te identifiseer (bywoordelik).

### Skryf

- Hulle skryf hul eie sin wat op die sleutelsin gebaseer is.



## Woordeskat

Woordeskat-/flitskaartwoorde word in elke Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer. Die leerders sal die woorde hoor en sien, en leer om dit te lees en skryf.

### Hoekom?

- Om leeswoordeskat te verbreed.

### Hoe?

#### Woordeskatflitskaarte

- Maak flitskaarte vir die vyf woordeskatwoorde.
- Plaas dit teen die woordmuur en lees dit elke dag oor die twee-weeklikse tema.
- Werk met woorde: wys 'n aspek van die struktuur van die woord uit (bv. die aantal lettergrepe, beginklank, eindklank ens.); plaas in alfabetiese volgorde; sorteer in woorde met dieselfde getal letters wat met dieselfde letter begin/eindig, ens.

#### Vind die woorde

- Lees weer die storie, of 'n gedeelte daarvan (wat om te lees word in die OG aangedui), as Gedeelde Lees saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep/omkring/verlig die woordeskatwoorde in die teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord in die konteks van die storie.

#### Oefen lees en skryf die

- Die leerders skryf die woorde as deel van die LAB-aktiwiteite.
- Hulle kopieer die woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.
- Daarby kan hulle met die flitskaartwoorde werk soos beskryf.



## Leesvlotheid

### Hoekom?

- Om die vermoë te ontwikkel om vinnig, akkuraat en met uitdrukking te lees.
- Mondelinge leesvlotheid is 'n **oorbrugging na begrip**: Indien die leerders woorde vinnig en akkuraat kan lees, sal hulle in staat wees om op die betekenis van die teks te fokus.
- Herhaalde leesoefening ontwikkel vlotheid.
- Die assessering van die aantal woorde in 'n teks wat 'n leerder in een minuut kan lees, gee aan die onderwyser 'n goeie aanduiding van die leerder se leesvermoë.
- Om deur herhaalde lees van 'n teks of memorisering van hoëfrekwensiewoorde vlotheid te ontwikkel.

### DBO se riglyne vir vlotheid van hardoplees in Afrikaans

| | | |
|---|---|---|
| | **80** | **Einde van Graad 3**<br>Alle leerders behoort ten minste 80 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **50** | **Einde van Graad 2**<br>Alle leerders behoort ten minste 50 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **40** | **Einde van Graad 1**<br>Alle leerders behoort hul **LETTERSKLANKE** goed te ken, en ten minste 40 **LETTERS** per minuut korrek te kan se. |

### Hoe?

- Elke tweede Dinsdag doen die leerders 'n spoedleesoefening met die Gedeelde Lees-storie, sonder enige prentaanwysings. Herhaalde lees verbeter leesspoed.
- Elke tweede Vrydag doen hulle spoedlees van hoëfrekwensiewoorde of klankwoorde. Herhaalde lees verbeter leesspoed.

### Metodologie

- Leerders werk in pare. Die onderwyser stel die stophorlosie.
- Die eerste leerder lees 'n LAB-teks hardop vir 'n maat. Onbekende woorde word oorgeslaan.
- Die onderwyser stop die horlosie na een minuut. Die leerders omkring die laaste woord wat gelees is.
- Ruil om.
- Die onderwyser lees die teks saam met die leerders sodat enige onbekende woorde gelees kan word.
- Die leerders tel die aantal woorde wat gelees is – die onbekende woorde word uitgesluit.
- **Herhaal** hierdie spoedleesaktiwiteit sodat die leerders 'n geleentheid kan kry om hul tyd te verbeter.
- Let wel: Hierdie is **nie 'n kompetisie tussen die leerders nie**, maar die leerders probeer eerder om hul **eie tyd** met elke lees elke twee weke verbeter. Moedig leerders na afloop van die les aan om die teks of woorde te herlees vir verdere vlotheid. Hulle kan dit in hulle vrye tyd met 'n maat wat tydhou doen, of by die huis met 'n familielid.



## Onafhanklike Lees (Elke dag, parallel met GBL)

### Hoekom?

- Om onafhanklikheid in lees te ontwikkel om die leerders voor te berei vir die hoër grade.
- Om daagliks oefening in dekodering en lees te kry.
- Om leesmotivering te ontwikkel deur interessante, outentieke tekste te lees.
- Om die leerder se agtergrondkennis te verskerp wat bydra tot beter begrip.

### Hoe?


DATUM
'n Spesiale skooldag


DATUM
'n Verjaarsdagbederf


DATUM
'n Reis


DATUM
Die akwarium


DATUM
Die groot dag (Hoofstuk 1)

#### Onafhanklike Lees-tekste

- Vyf kort tekste word vir elke week voorsien.
- Die eerste teks bestaan uit sinne wat op die spelling van woorde en bekende klanke gebaseer is. Al die leerders, selfs die minder bevoegdes, moet in staat wees om die woorde te klank en die teks te lees.
- Die volgende vier tekste hou verband met die tema. Dit hersirkuleer die woordeskat in verskillende kontekste. Dit is geïllustreerd.
- Elke teks het 'n kort aktiwiteit of vrae om die leerders se begrip te toets en om hulle toe te laat om skriftelik op die teks te reageer.

#### Verduidelik en demonstreer in Week 2

- Verduidelik wat onafhanklike lees is. *Jy gaan 'n teks op jou eie lees, sonder om die woorde hardop te sê. Jy "waag 'n kans" met dekodering en begrip.*
- Verduidelik wat jy **nie doen** wanneer jy onafhanklik lees nie: *Praat, staan op, gee op.*
- Verduidelik wat om te doen wanneer jy by 'n woord kom wat jy nie verstaan nie: *Kyk na dele van die woord, klank die letters, vra 'n maat, raai wat dit beteken en lees verder.*
- Verduidelik wat om te doen wanneer die teks klaar gelees is. *Beantwoord die vrae.*

#### Hersien elke Vrydag

- Op Vrydae lees die onderwyser die week se Onafhanklike Lees-tekste **vir** die leerders terwyl hulle in hul boeke volg.
- Bespreek die tekste, beantwoord vrae mondelings.

## Groepbegeleide Lees (Elke dag)

### Hoekom?

- Om gedifferensieërde onderrig aan kleiner groepe met dieselfde vermoëns en behoeftes te voorsien.
- Om geskikte gegradeerde tekste te gebruik sodat die leerders leessukses ervaar.
- Om ’n geleentheid te skep om vordering te kontroleer en nuwe leesvaardighede te onderrig.

### Hoe?

**Begeleide Lees-groepe**

- Verdeel die klas in vyf groepe volgens hul vermoëns.
- Party leerders mag op die Vroeë Lees-vlak wees, maar ander kan reeds Vroeë Vlotlesers te wees.
- Roep elke groep om vir 15 minute saam met jou te werk, twee maal per week. (Indien die nie moontlik is nie, spandeer een keer per week 30 minute met elke groep.)
- Gebruik ’n geskikte teks vir die vlak van die groep. Dit kan beteken jy moet ’n teks kies uit:
  - ’n keurbundel of enige boek op die leerders se vlak
  - hierdie week se Gedeelde Lees-teks
  - een van die Onafhanklike Lees-tekste.
- Dit is jou spesiale tyd met elke groep. Kontroleer die leerders se vordering. Gebruik onderriggeleenthede om hul leesvaardighede te ontwikkel.
- Bepaal waar ekstra hulp nodig is en maak tyd daarvoor.

- Vir aktiwiteite vir die Vroeë Lees-vlak, klik hier
- Vir aktiwiteite vir die Vroeë Vlotlees-vlak, klik hier






# Klim die Leesleer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroeë vlotleser | 5<br>**Leesster**<br> | **Ek kan langer tekste lees**<br>• Lees 4 of meer sinne<br>• Lees hardop of stil<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Klank onbekende woorde<br>• Lees vlot, let op na leestekens<br>• Beantwoord hoër orde-vrae | **Ek benodig**<br>• Meer dinge om te lees.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vroeë vlotleser | 4<br>**Leesvuurpyl**<br> | **Ek kan Verstaan wat ek lees**<br>• Voorspel betekenis vanuit die titel/illustrasies<br>• Let op na leestekens<br>• Lees met uitdrukking<br>• Beantwoord vreae | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vroeë Leser | 3<br>**Leesson**<br> | **Ek kan Hardop lees**<br>• Klank woorde<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Lees 1–3 kort sinne hardop<br>• Lees hulle teen 'n goeie pas | **Ek benodig**<br>• Help my om dit te klank.<br>• Gee vir my HF-woorde om te leer.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Vroeë Leser | 2<br>**Leesarend**<br> | **Ek kan Letters herken**<br>• Tel letters in 'n woord<br>• Sê watter letters is dieselfde<br>• Benoem klanke<br>• Vind hoofletters | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Kyk saam met my na die alfabet.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Ontuikende Leser | 1<br>**Leesvoëltjie**<br> | **Ek kan Klanke in woorde hoor**<br>• Klap lettergrepe<br>• Tel lettergrepe<br>• Sê beginklanke<br>• Sê eindklanke<br>• Tel die klanke in 'n woord<br>• Herken die klank wat nie pas nie | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Gee vir my 'n paar voorbeelde.<br>• Oefen lees in GBL. |



## SKRYFLESSE

**Week A:** Geskrewe begrip (**Dinsdag**) → Onafhanklike skryf (**Vrydag**)
**Week B:** Geskrewe begrip (**Dinsdag**) → Gedeelde skryf/skryfvoorbereiding (**Donderdag**) → Onafhanklike skryf (**Vrydag**)

## Onafhanklike skryf

### Hoekom?

- Om die leerders te help om sinvolle tekste te skryf en hulself duidelik en met gemak uit te druk.

### Hoe?

- Kopieer die aktiwiteit op die bord soos in die dag-vir-dag notas aangedui.
- Leerders se skryfwerk word in hulle oefenboeke gedoen.
- In Kwartaal 3 sal Onafhanklike skryfwerk afwisselend tussen Week A met een enkele skryfsessie en Week B met twee opeenvolgende skryflesse plaasvind.



### Enkele skryflesse (Week A, Vrydag)

- In die kort vóór-skryf bespreking (2–3 minute), stel die taak bekend.
- Leerders skryf vryelik gebaseer op ’n taak. Hierdie is ’n stresvrye geleentheid vir leerders om hulle skryfselfvertroue te ontwikkel.
- Moedig en komplimenteer nuwe en interessante idees en woordeskat aan.
- Moedig leerders aan om “’n kans te waag” met speling.
- **Nasien:** Lewer eerder kommentaar as om ’n punt te gee. Hierdie aktiwiteite is eerder om hulle aan te moedig as om te toets. Reageer op die inhoud. Byvoorbeeld: *Jou oom klink na ’n interessante persoon.* of *Ek wens ék het Durban besoek.*

### Dubbellesse (Week B, Donderdag en Vrydag)

- Hierdie lesse is meer gestruktueerde skryf om leerders te leer om in ’n spesifieke genre korrek te skryf.
- In Kwartaal 3 is die genres oorvertellings, onderhoude en dagboekinskrywings.
- Elke genre sluit aan by ’n leessteks as voorbeeld. Wys die volgende uit:
  - tekskenmerke soos paragrafering, opskrifte, onderhofies en uitleg.
  - grammatika wat aansluit by die genre (tydsvorme, wie skryf, spesiale leestekens).
- Die sleutelsin wat vir Taallesse gekies is, sluit ook by die genre aan.
- In die eerste van die twee skryflesse sal daar voorbereiding wees (gedeelde skryf of die maak van notas, skryf van ’n konsep).
- In die tweede les sal leerders hul finale konsep skryf.
- Probeer sover moontlik dat leerders hul skryfwerk vir ’n maat of groep lees sodat hulle kan kontroleer of dit sin maak, en dit self redigeer.

- Nasien: Merk hierdie meer gestruktueerde tekste.
  - **Ken 50% van die punte toe aan inhoud:** Let op na: logiese organisering van idees eerder as lukrake idees; oorspronklike idees; interessante woordkeuse (bywoorde, voornaamwoorde wat die skryf meer interessant maak), een onderwerp per paragraaf, verstaan van die genre.
  - **Ken 50% van die punte toe aan grammatika, spelling en korrekte tekskenmerke:** Let op na: sinne en nie frases nie, korrekte sinkonstruksie, toepaslike leestekens, korrekte spelling van hoë-frekwensie woorde; toepaslike tydsvorme vir die genre, konsekwente gebruik van tydsvorm, korrekte uitleg en organisering.



## Geskrewe begrip

Daar is elke week 'n kort begripstaak om die leerders se selfvertroue te help verbeter en om 'n positiewe houding teenoor begripstoetse te verseker. Alhoewel daar net 'n beperkte aantal vrae per begripstaak is, is die fokus in graad 3 op afleibare, en nie op feitelike nie, vrae. Daar is ook verwysingstipe-vrae waar die leerders 'n bladsynommer in plaas van 'n antwoord gee.



### Hoekom?

- Om die leerders te onderrig om antwoorde in die teks te vind (deur nie die teks te memoriseer nie, maar dit van nader te bekyk of te analiseer).
- Om die leerders bekend te stel aan **verskillende tipes vrae** wat hulle in eksterne of gestandaardiseerde toetse mag teëkom, bv. tabelle, veelvuldige keuse, kontrolelyste, vul-die-gaping, volsinne, ens.
- Om die leerders bekend te stel aan verskillende **vlakke van vrae** sodat hulle die skakel tussen 'n vraag, die soort verwagte antwoord en waar die antwoord gevind mag word, kan sien. Leerders behoort in staat te wees om te identifiseer of die vraag 'n **soek-en-vind-** (feitelik), **lees-en-dink-** (afleibaar) of **op-my-eie-** (persoonlike mening) vraag is.
- Om **begripstrategieë bekend** te stel wat die leerders kan gebruik terwyl hulle lees sodat hulle met begrip kan lees. Vir hierdie kwartaal sluit dit in: voorspelling, bepaling van die feite in **'n niefiksie-** teks, onderskeiding tussen fiksie en niefiksie, opsomming van 'n storie, identifisering van die karakters, agtergrond en hoofidees van 'n storie, gee van 'n mening van die storie, en regverdiging van 'n mening.

## Hoe?

### Lees die begripsvrae

- Verduidelik wat nodig is om die verskillende vraagtipes te beantwoord.
- **Verduidelik slegs die vraagtipes vir daardie week**, bv.:
  - **Voltooi ’n tabel:** Stel die inligting vanuit die teks in ’n tabel voor.
  - **Veelkeusige-vraag:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *slegs* die korrekte een.
  - **Kontrolelys:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *almal* wat korrek is.
  - **Vul-die-gaping:** Selekteer (kies) ’n paar woorde om die sin te voltooi.
  - **Volsinne:** Beantwoord die vraag in ’n volsin met korrekte leestekens.
  - **Volgorde van gebeure:** Nommer die gebeure in ’n storie.
- Herinner die leerders aan die verskillende tipes antwoorde wat vereis mag word:
  -  **Soek en vind –** letterlik: Die antwoord is in die teks.
  -  **Lees en dink –** afleibaar: Die antwoord is voorgestel in die teks, maar jy moet dink daaroor en dit in jou eie woorde omskryf.
  -  **Op my eie –** persoonlike mening: Die antwoord is nie in die teks nie, maar in jou eie denke.
- Verduidelik die **begripstrategie** vir die week, indien nodig (soms is dit eerder implisiet as eksplisiet).

### Skriftelike werk

- Die leerders voltooi die geskrewe begripsoefening in die LAB.
- Indien die tyd dit toelaat, merk die aktwiteit saam met die klas en verduidelik waarom sekere antwoorde korrek is, verduidelik waarom sekere antwoorde korrek of geskik is, selfs wanneer verskillende leerders verskillende antwoorde geskryf het.

# Onderrig Lewensvaardigheid

**Maandag en Dinsdag:**
Aanvangskennis/PSW; Visuele Kunste, LO →
**Woensdag en Donderdag:**
Aanvangskennis/PSW; Uitvoerende Kunste, LO →
**Vrydag:** Tema-oorsig, LO.



## AANVANGSKENNIS

## Lees om lesse te leer

### Hoekom?

- Om lees-om-te-leer-vaardighede te ontwikkel vir toekomstige handboeke en om niefiksie-tekste te lees.
- Om kennis van die struktuur van niefiksie-tekste en organisatoriese toestelle soos tabelle te ontwikkel.
- Om vaardighede te ontwikkel om kennis oor te dra.

### Hoe?

**Aanvangskennis**

- Gedeelde Lees: Lees die titel en oriënteer die leerders in die onderwerp.
- Vind uit wat hulle reeds oor die onderwerp weet (mondelings).

**Nuwe kennis**

- Wys die struktuur/formaat van die teks, bv. tabelle, Venn-diagram, eksperiment, diagram met byskrifte, vergelyking, paragrawe met sub-opskrifte, foto's met byskrifte, ens.
- Lees die teks vir die leerders en verduidelik enige nuwe woorde binne konteks.

**Skryf**

- Lees die aktiwiteit wat aan die teks gekoppel is.
- Die leerders voltooi die LAB-aktiwiteit.

## KWL-lesse

### Hoekom?

- Om die leerders te help om kennis te bou deur nuwe inligting te integreer met dit wat hulle reeds weet.
- Om geleentheid te sket om hul eie vrae te formuleer en om antwoorde te soek.
- Om skryfoefening te bied.
- Om die leerders aan te moedig om te reflekteer op dit wat hulle geleer het.

## Hoe?

**Kopieer die KWL-kaart uit die LAB op die skryfbord (Week A Maandag)**




### Dink-pare-deel

- **Dink:** Op hul eie dink die leerders oor wat hulle reeds van die onderwerp weet.
- **Pare:** Die leerders bespreek saam wat hulle reeds weet.
- **Deel:** Party leerders vertel vir die klas (gee aan elkeen 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal). Die onderwyser teken **'n paar** idees in kolom 1 van die KWL-kaart op die bord aan.

### Skryf

- Vra die leerders wat hulle oor die onderwerp wil leer. Moedig al die leerders aan om vrae te formuleer. Skryf **'n paar** vrae in ry 2.
- Die leerders kies ten minste een idee uit elke ry om op hul KWL-kaart te kopieer, of skryf hul eie idees.

### Reflekteer oor wat geleer is (Week A en B Donderdag)

- Gaan terug na Maandag se KWL-kaart.
- Vra vrae:
  - Wat het ons hierdie week geleer?
  - Het ons uitgevind wat ons wou weet?
  - Wat wil julle volgende week uitvind? (slegs die eerste Donderdag)
- Help die leerders om hul antwoorde op die kaart te skryf.

## Aanvaar/verwerp (ook genoem Konsepkontroleringsvrae)

### Hoekom?

- Om die leerders se kennis van sleutelkonsepte te verdiep.
- Om die leerders se begrip van sleutelkonsepte te assesseer.

### Aktiwiteit

- Kies drie sleutelkonsepte wat aan die onderwerp verwant is en skryf elkeen op 'n flitskaart neer.
- Hou 'n flitskaart op en vra die leerders om dit hardop te lees.




- Maak drie stellings wat verband hou met die konsep.
- Vra die leerders om hul duime op te wys, indien die stelling waar is, en hul duime af te wys, indien dit onwaar is.
- Herhaal vir die ander twee konsepte.

## EAT (Eerste Addisionele Taal)

### Hoekom?

- Om leerders se akademiese geletterdheid in Engels te ontwikkel.

### Aktiwiteit

- Hou al die flitskaarte wat in Aanvaar/verwerp gebruik word omhoog.
- Vra leerders of hulle die woorde in Engels ken. Draai die flitskaart om om die Engelse woord te wys.
- Help hulle om die woorde in sinne te gebruik.
- Sit die Engelse woorde op die EFAL-woordmuur.
- Leerders skryf die woorde in hul persoonlike woordeboeke/woordeskatboeke.

## Aktiwiteit/proseslesse

### Hoekom?

### Aanvangskennis

- Dit sluit aan by Lees-om-te-leer-teks.

### Nuwe kennis

- Ontwikkel prosesvaardighede wat aansluit by Aanvangskennis, bv. kategorisering, waarneming, eksperimentering, ens.
- Ontwikkel algemene kennis, ervaringskennis en spesifieke dieptekennis van sekere onderwerpe.
- Ontwikkel vaardighede om kennis oor te dra.



## SKEPPENDE KUNSTE

### Hoekom?

- Om verskillende maniere te onwikkel om na die wêreld te kyk.
- Om die geleentheid te skep om idees visueel en fisiek uit te druk en te verken.
- Om kreatiwiteit en verbeelding aan te moedig.

### Hoe?

- Daar is vir elke tweede week 'n bladsy in die LAB vir Visuele Kunste. Dit wissel tussen onderrig van Visuele Kunste-woordeskat en -konsepte, en kunswaardering (Kunsgalery).
- Praktiese Visuele Kunste-aktiwiteite word gewoonlik oor drie lesse aangebied. Die onderwyser voorsien die papier, kryte, verf, ens.
- Stal die voltooide werk in die klaskamer uit.
- Versamel herwinbare materiale om vir 3D-kuns te gebruik.
- Visuele Kunste-aktiwiteite ontwikkel vaardighede soos lyn, kleur, tekstuur, verf, teken, collage, ens.
- Vir Uitvoerende Kunste is dit 'n goeie idee om 'n versameling van rekwisiete soos serpe, hoede en 'n nagemaakte mikrofoon in die klaskamer te hê.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Maandag

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 24 vir die week.
- Berei die toerusting vir die aktiwiteite voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die toerusting en verduidelik die aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspel die aktiwiteite.

**Doen klasaktiwiteit**

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie of wegkruipertjie.



### Dinsdag–Vrydag

**Warm op**

- Hardloop op tone soos feetjies/stamp voete soos 'n reus/gly soos 'n swaan.
- Volg my instruksies: Loop sywaarts/draai links/draai regs/hurk/spring op.
- Ritmiese handeklap/klik/voetstampaktiwiteite gelei deur verskillende leerders.

### Aktiwiteitstasies

- Groepe roteer deur die aktiwiteitstasies en doen een aktiwiteit per dag op Dinsdag tot Vrydag te doen. Sien bladsy 24 vir aktiwiteitsidees.
- Die onderwyser beweeg van groep tot groep, neem waar en ondersteun.




### Koel af

- Oefen diep asemhaling
- Staande of sittende, strek verskillende liggaamsdele
- Trek spiere styf en ontspan, begin by die tone en beweeg totby die kop

## Aktiwiteite vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteitstasies vir Kwartaal 3

Kies vier aktiwiteite vir die week wat op verskillende vaardighede fokus.

### 1 Beweging

- Bewegings soos kronkel, draai, buig, krul, sywaarts, vorentoe en agtertoe in ’n patroon – kombineer en koördoneer in groepe.
- Hop oor ’n afstand deur iets te dra en ’n maat se hande vas te hou.
- Vanuit ’n staanposisie, spring op een of albei voete.
- Spring vorentoe en doen nabootsingaksies, byvoorbeeld, spring soos ’n kangaroe, springbok, hasie, ens.

### 2 Perseptueel-motories

- Skop ’n bewegende bal na ’n teiken of ’n maat en verander rigting.
- Gooi balle hoog en ver met een of twee hande na teikens en vir ’n maat.

### 3 Ritme: Touspring

- Gebruik gevorderde bewegings soos oorkruis, dubbelswaai, ens.

### 4 Koördinasie: Vlugbal en gimnastiek

- Vlugbalaktiwiteite: hand-oog-koördinasie, dien (afslaan), en verskillende handhoue.
- Gimnastiek: aktiwiteite, byvoorbeeld, spring wydsbeen oor die geboë rug van ’n maat.

### 5 Ruimtelike oriëntasie: Hindernisbaan en speletjies

- Hindernisbaan wat kruip-, spring- en landingsaktiwiteite van ’n sekere hoogte, ratsheid en spoed vereis, ens.
- Speletjies soos “een teen drie” of “vang jou maat se stert”.

### 6 Balans: Beweging en gimnastiek

- Staan en loop op tone en hakke.
- Kruip op hande en knieë.
- Balanseerloop vorentoe en agtertoe.
- Klim op ’n klimraam: beweeg vrylik op ’n balanseerpaal/balk.
- Klim maklik van die apparaat af.
- Gimnastiek: balanseeraktiwiteite soos handstaan, kopstaan, spring af.
- Gimnastiekbewegings soos vooroorrol, agteroorrol, handsprong en wawiel.

### 7 Lateraliteit

- In pare: trek en stoot bewegings na links/regs.
- Wipplank.





# Bly veilig

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Meer leer oor openbare veiligheid, met die fokus op die gevare van elektrisiteit
- Luister en reageer op aankondigings oor openbare veiligheid
- ’n Storie lees oor ’n seun en sy hond wat ’n familie van ’n brand gered het
- Die identifiserende kenmerke van ’n oorvertelling leer en voorbeelde van oorvertellings lees
- ’n Oorvertelling van ’n dag in die vakansie skryf
- Klem en kontras in visuele kunste verstaan
- ’n Rolspel opvoer oor veilig bly.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | toe | daarna | uiteindelik | gou | held |
| | *then* | *after that* | *finally* | *soon* | *hero* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | veilig | verbinding/konneksie | onwettig |
| | *safe* | *connection* | *illegal* |

**Sinne**

*My naam is Mallo. Hierdie is ’n vertelling van ’n nag wat ek nooit sal vergeet nie. Dit het in 2020 gebeur. Ek was agt jaar oud. Ek het in Grassy Park gewoon.*

## MATERIALE

- Taaloefenboek vir skryf, Onafhanklike lees-antwoorde en handskrif
- Druk drie kort **openbare aankondigings** oor openbare veiligheid uit om hardop te lees tydens Luister en Praat, bv.
  – https://www.westerncape.gov.za/general-publication/protecting-children-fires
  – https://www.eskom.co.za/about-eskom/about-electricity/public-safety/
  – https://www.childsafe.org.za/home-safety.html (safety tips),
  – https://www.arrivealive.mobi/road-safety-and-the-child-pedestrian
  – die Departement van Gemeenskapsdienste, Openbare of Verkeersveiligheid in jou dorp of provinsie
- Verf of kryte

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike skryf (’n Dag in die vakansie) (Vrydag); Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde (Vrydag)

**Informeel:** Diktee (Vrydag)

# Lewendige draad!

*Hierdie storie is 'n inleiding tot die Lewensvaardigheidtema oor veiligheid. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 28). Dit sluit aan by die prentestorie op Dinsdag se Aanvangskennisles op bl. 16 in die LAB. Leerders kan die prentestorie in hul LAB volg terwyl jy lees.*

*Beeld die gevoelens en aksies uit deur middel van mimiek terwyl jy lees.*



My naam is Vuyo. Ek woon in die Oos-Kaap en ek is nege jaar oud.

My ma het gesê dat ons nie elektrisiteit in ons huis kan bekostig nie. Op 'n dag het Uyanda gesê dat hy vir ons elektrisiteit kan installeer, indien ons hom R500 betaal. Hy het gesê dat die staat in elk geval eendag vir ons elekstriteit sou gee, so dit sou nie 'n probleem wees as hy dit doen nie. Hy het geleer om 'n elektrisiën te word, maar kon nie werk kry nie. Hy het gesê dat hy nou sy eie werk skep. Hy is 'n entrepreneur.



My ma het toe vir hom R500 betaal. Hy het na ons huis gekom en kragproppe in die muur gesit. Hy het lang drade na die muurproppe gelei en 'n lang sloot vanaf ons huis na die elektrisiteitspale gegrawe. Toe het hy die elektriese drade in die sloot gesit en dit met sand bedek. Daarna het hy die drade aan die ESKOM-drade op die paal gekoppel. Hy het gesê: "Moet nóóit, óóit aan die drade vat nie!" Ons was baie opgewonde om, net soos ons bure, ook saans ligte in ons huis te hê.

Ek speel graag skool-skool saam met my maat, Khwezi. Somtyds is die bokke ons leerders. Gister was Khwezi die onderwyser. Ek en die bokke was die leerders. Khwezi het vir ons geleer hoe om somme te doen. Sy het op die muur geskryf.

Een van die bokke wou die klaskamer verlaat, en Khwezi het gesê sy kon verskoon word. Die bok het oor die sloot waar die elektriese drade onder die sand was, geloop. Skielik het ons 'n verskriklike harde slag gehoor. Die bok het neergeval. Ons het na die bok toe gehardloop. Van die drade het aan die bok geraak. Die bok was dood.






My ma het uit die huis gehardloop. Sy het gillend geskree: "My kind! My kind!" Sy het onmiddellik die elektrisiën laat kom om al die onwettige drade te verwyder. Sy het gesê as hierdie drade 'n bok kon doodskok, kan dit ons beslis ook doodmaak.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Vakansienuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle gedurende die vakansie gedoen? Is daar 'n spesifieke dag wat vir julle spesiaal was?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van een spesiale dag in jou vakansie.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)



## KLANKE — Soek die woorde

BL 9
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 8
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 27
15 min



**Vóór lees**
- Stel die onderwerp oor veiligheid bekend: Aan watter gevaarlike goed kan jy dink wat by die huis is? Op die pad? In jou gemeenskap?
- Verskaf 'n doel om te luister: In hierdie storie gaan ons leer hoe om veilig naby elektrisiteit te wees. Luister om uit te vind hoe Vuyo van gevaarlike elektriese konneksies geleer het.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Hoekom wou Vuyo se familie elektrisiteit in hul huis gehad het?
- Wie het die elektrisiteit in hul huis geïnstaleer?
- Hoeveel het hy vir hulle gevra?
- Wat het gebeur toe die bok oor die elektriese drade geloop het?
- Dink julle dat Vuyo se familie geweet het dat die konneksie gevaarlik vir hulle was?
- Wat, dink julle, sou gebeur het indien Vuyo of Khwezi aan die drade geraak het?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

**BL 10**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS Bly veilig

**Stel die konsep bekend**
- Het julle al ooit iets gedoen wat nie veilig was nie? Wat was dit? Wie het vir jou geleer om dinge veilig te doen?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet julle van hoe om veilig te bly? Noem ’n paar maniere hoe om veilig te bly.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil jy graag leer oor hoe om hierdie week veilig te bly? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item van elke ry om in hul KWL-kaarte te skryf.

**BL 11**
**30 min**






## VISUELE KUNSTE Fokuspunte

**Inleiding**
- Lees die inligting oor die skilder Claude Monet en sy skildery *Impression: Sunrise* in die LAB.

**Pare**
- Kyk na die skildery van naby.
- Beantwoord die vrae in die LAB.

**Klasbespreking**
- Hoekom het jy eerste na die son in die prent gekyk?
- Watter kleur is die son?
- Watter ander kleure is in die res van die skildery?
- Ons noem die helder kleur die fokuspunt van die skildery omdat dit is waarna jou oë heel eerste gaan.

**BL 12**
**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-atiwiteitstasies op bl. 24.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bly veilig

**15 min**



- Lees of speel (op jou selfoon) 'n openbare aankondiging oor hoe om veilig te bly.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat het jy van hierdie aankondiging geleer?
- **Pare:** Vertel vir jou maat een manier hoe ons almal veiliger kan bly.
- **Deel** met die klas.
- Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die sinne

**BL 13**
**15 min**




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

**BL 8**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

**BL 2–7**
**15 min**




**Vóór lees**
- Lees en bespreek kortliks die titel en die eerste illustrasie. (Moenie die bladsy omblaai nie.)
- Verskaf 'n doel om te lees: Wat dink julle het daardie aand gebeur? (voorspelling)

**Gedeelde Lees**
- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop om nuwe woorde of konsepte te verduidelik, byvoorbeeld deur die prente of 'n sinoniem te gebruik.
- Lees die **inligtingstabel** op bl. 7 saam met die leerders.
- Laat een leerder toe om die **voorspellingsvraag** aan die einde van die bladsy te beantwoord.

**Ná lees**
- Wie het 'n goeie voorspelling in hul kop gemaak terwyl julle gelees het? Vertel vir ons daarvan.
- **Verduidelik:** Dit word 'n **oorvertelling** genoem. Dit is deur Mallo geskryf. Hy het 'n **oorvertelling** van gebeure van wat met hom gebeur het in volgorde oorvertel.

## SKRYF — Leesbegrip

**BL 14**
**15 min**




**Lees en bespreek die vrae**
- Vestig die aandag op die logo.
- Herinner die leerders dat hierdie almal **lees-en-dink**vrae is.
- Herinner hulle dat hulle die antwoorde in hul eie woorde moet skryf.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer.**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *'n Spesiale skooldag*
- Let wel: Vanaf hierdie kwartaal gaan die leerders in hul oefenboeke op die teks reageer.

BL 15
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Lewendige draad!

**Lees en bespreek**
- Gebruik die storie om die leerders te help verstaan wat die gevare van onwettige elektriese konneksies is.
- Hoekom het die familie nie elektrisiteit in hul huis nie?
- Hoeveel het hulle vir die man betaal wat dit genstalleer het?
- Waaroor het hy hulle gewaarsku?
- Wat het die meisies buite gedoen? Het julle al ooit so 'n speletjie gespeel?
- Wat het met die bok gebeur?
- Wat het die mamma gesê?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat sal jy doen as jy elektriese drade op die grond sien lê? Vir wie sal jy vertel?
- **Pare:** Verduidelik vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

BL 16
30 min






## VISUELE KUNSTE

### Skep 'n fokuspunt

**Aktiwiteit (potlood op papier)**
- Leerders gebruik 'n potlood om op 'n stuk papier te krabbel. Dit moet die hele bladsy bedek.
- Hulle soek na vorms en prente in die krabbelpatroon en besluit waar die fokuspunt moet wees.
- Hulle kies een of twee plekke en kleur dit met helder kleure in, byvoorbeeld rooi of oranje.
- Hulle voltooi die prent deur die res van die vorms met sagter kleure in te kleur of deur sommige vorms met potlood in te kleur.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT Bly veilig

15 min



- Lees/speel 'n tweede keer die openbare aankondiging oor hoe om veilig te bly.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat het jy uit die aankondiging geleer?
- **Pare:** Vertel vir jou maat een manier waarop ons almal veilig kan bly.
- Deel met die klas.

## KLANKE Skryf sinne

BL 17
15 min




Woorde wat begin met 'n **v-**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF Kort woorde (lopend)

BL 8
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES Woordeskat

BL 2–7
15 min




**Woordeskatwoorde**
- Wys en lees hierdie week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| toe | daarna | uiteindelik | gou | held |

**Gedeelde Lees**
- Lees weer die teks saam **met** die leerders.
- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, merk die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Neem kennis: Sommige van die woorde verskyn twee keer in hierdie teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord in die konteks van die sin en die storie.

**Leerders sorteer flitskaarte alfabeties.**

## SKRYF Woordeskat

BL 18
15 min




**Mondeling**
- Gaan mondelings deur die LAB-aktiwiteite.

**Skryf**
- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon die flitskaartwoorde** op die Woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *'n Verjaarsdagbederf*

BL 19

30 min


DATUM

'n Verjaarsdagbederf

My naam is Anthony. Op my tiende verjaarsdag het ek 'n verjaarsdagbederf gekry wat ek nóóit sal vergeet nie. My tannie het my met die Gautrein laat reis! Die Gautrein is die vinnigste trein in Suid-Afrika.

My tannie het my kom haal en ons het stasie toe gery. Ons het met vier lang stelle roltrappe afgegaan tot diep onder die grond. Uiteindelik het ons by die perron gekom. Ons het in die trein geklim en op gemaklike, blou sitplekke gesit.

Ná 'n rukkie het die trein stadig begin beweeg. Dit het só stil en glad gebeur dat ek nie eens gevoel het dat ons beweeg nie. Toe het dit spoed opgetel en só vinnig beweeg; soms was ons ondergronds waar dit baie donker was en soms bo-gronds. Ek kon sien hoe goed blitsvinnig verby my gaan. Dit het net 12 minute geneem om by die lughawe te kom. By die lughawe het my tannie ons bederf met hamburgers en roomys in een van die restourante. Dit was 'n verjaarsdagbederf wat ek nóóit sal vergeet nie.

**Kies een. Voltooi dit in jou oefenboek.**

1. Teken 'n prent van die Gautrein. Sê hoekom jy graag eendag daarmee wil ry.
2. Skryf oor wat jy op jou verjaarsdag gedoen het.

WEEK 1 • WOENSDAG • 19



## AANVANGSKENNIS — Brandveiligheid by die huis

BL 20

30 min

**Lees en bespreek**

- Vir elke strokiesprent, bespreek:
  - Wat vind plaas?
  - Hoekom het die brand begin?
  - Hoe het die grootmense die kinders veilig gehou?
  - Hoe kon die brand voorkom word?
- Kan julle aan ander maniere dink waarop brande by die huis kan begin?
- Hoe kan ons brande by die huis voorkom?

**Gedeelde skryf**

- Help die leerders om die onderskrifte vir elke strokiesprent te skryf. Moedig hulle aan om 'n sin oor die voorkoming van brande te skryf.


DATUM

Brandveiligheid by die huis

Maak seker dat alle kerse, vure en verwarmers geblus en afgeskakel is voordat jy gaan slaap.
Hou kerse omtrent 30 cm weg van enigiets wat maklik kan vlam vat en brand.

Skryf 'n sin oor wat in elke ry prente gebeur.

Skryf 'n sin oor hoe jy 'n brand tuis kan voorkom.

20 • WEEK 1 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE — Rolspeel

30 min

**Stel bekend**

- Leerders werk in pare of groepe.
- Hulle dink aan die gevaarlike situasies waarvan hulle tot dusver geleer het.
- Hulle dink oor hoe hulle hierdie situasies kan opvoer.

**Oefen**

- Elke paar/groep rolspeel die situasie.
- Hulle oefen om die situasie die volgende dag vir die klas op te voer.
- Onderwyser loop rond en gee leiding.





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT **Bly veilig**

15 min



- Lees 'n derde openbare aankondiging oor om veilig te bly.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat het julle uit hierdie aankondiging geleer?
- **Pare:** Vertel vir jou maat een manier waarop ons veilig kan bly.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE **Skryf sinne**

BL 21
15 min




Woorde wat begin met 'n **v-**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF **Kort woorde (lopend)**

BL 8
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES **Taal**

15 min

**Stel die sinne bekend**
- Skryf die vyf sinne op die bord.
- Lees die sinne stadig saam met die leerders.
- Leerders vind die sinne in die teks op bl. 2.
- Hulle onderstreep/verlig die sinne.

**Werk met die sinne**
- Identifiseer die *selfstandige naamwoorde (eiename)* (Junie, Grassy Park, Mallo). Verduidelik die terme.
- Kyk na elke sin en vra wat dit vir jou vertel:
  - Sin 1. **Wie** die skrywer is
  - Sin 2. **Waaroor** die oorvertelling gaan
  - Sin 3. **Wanneer** dit gebeur het
  - Sin 4. **Wat** die ouderdom van die skrywer is
  - Sin 5. **Waar** dit gebeur het
- Watter twee sinne is in die teenwoordige tyd geskryf? Watter is in die verlede tyd geskryf?




## SKRYF **Taal**

BL 22
15 min




**Berei voor**
- Vee die sinne van die bord af.
- Beantwoord die vrae in die LAB mondelings.

**Skryf**
- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *'n Reis*

BL 23

30 min


DATUM

'n Reis

My naam is Felicia. 'n Reis wat ek nóóit sal vergeet nie, was 'n reis toe ek ses jaar oud was. Ons het vir my ouma in Limpopo gaan kuier.

Ons het voor sonsopkoms in die motor geklim. Ek en my suster het dadelik op die agterste sitplek aan die slaap geraak. Toe ons wakker skrik, het ek op die spoedmeter gesien dat my pappa baie vinnig gery het. Daarna het ek 'n verkeersteken opgemerk. Ek het gesê: "Pappa, kyk, die verkeersteken sê die spoed wat ons moet ry, is 120 en Pappa ry nou 140. My onderwyser sê altyd ons moet die verkeerstekens gehoorsaam." Pappa het gelag en stadiger begin ry. "Dankie, sussie, dat jy my daaraan herinner. Ek sien julle leer deesdae nogal baie in die skool."

Later het ons vir middagete gestop. Pappa het ook brandstof ingegooi terwyl Mamma vir ons toebroodjies en tee gegee het. Daarna het ons weer vir vier ure gereis. Ons het teen skemer veilig by Ouma se huis aangekom. Ek sal hierdie lang reis nóóit vergeet nie.

**Voltooi die antwoorde in jou oefenboek.**

1. Dink jy Felicia was reg om vir haar pappa te sê om stadiger te ry? Hoekom?
2. Skryf oor 'n keer toe jy in 'n motor iewers heen gegaan het.

WEEK 1 • DONDERDAG • 23



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart (bl. 11)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**veilig**
1. Jy word beskerm teen iets.
2. Jy is in gevaar.
3. Jy is nie bekommerd dat enigiets of enigiemand jou kan beseer nie.

**konneksie**
1. Dit verwys meestal na elektrisiteit.
2. Elektriese konneksies is altyd veilig.
3. Drade word met 'n elektriese konneksie verbind.

**onwettig**
1. Dit beteken dit is teen die wet.
2. Dit beteken jy word toegelaat om iets te doen.
3. Dit beteken jy kan by die polisie in die moeilikheid beland as jy dit doen.

**EAT** *safe* (veilig), *connection* (konneksie), *illegal* (onwettig)



## UITVOERENDE KUNSTE

### Dramatiseer die rolspel

30 min

**Voer op**
- Elke groep voer hul rolspel vir die klas op.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar ná elke opvoering aan.
- Lewer kommentaar oor die karakters, dialoog en aksie.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink** aan die beste ding van terug wees by die skool. Dink dan aan wat jy beplan hierdie kwartaal beter te doen.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas. Beklemtoon positiewe houdings teenoor die skool en skoolwerk.

## KLANKE — Diktee

BL 24
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Woorde: vyf** en **vlieg**

**Sinne:**
Sin 1: **Die spreeus eet al die wurms.**
Sin 2: **Daar is seuns en dogters in ons klas.**
Sin 3: **Hulle druk die lekkers in hulle monde.**

## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 8
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Laat die leerders toe om een antwoord met hulle maat te deel, byvoorbeeld wys 'n tekening of lees 'n antwoord.

**Bespreek die tekste**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Lees die antwoord en lewer slegs kommentaar. Let op wie in staat is om samehangend te antwoord.

## PERSOONLIKE SKRYF — 'n Oorvertelling

15 min

- Leerders skryf twee paragrawe oor een dag in hul vakansie.
- Bespreking vóór skryf: Oor watter dag sal julle skryf? Ek stel belang in wat julle doen wanneer julle nie by die skool is nie.
- Verduidelik die prosedure om "'n kans te waag" met skryf en spel.
- **Kyk na:** Interessante waarnemings deur die leerder, die gebeure op die dag word duidelik en in volgorde beskryf.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Die akwarium*

**BL 25**

**30 min**


DATUM

Die akwarium

My naam is Marie. 'n Uitstappie wat ek nóóit sal vergeet nie, was toe ek in graad 2 was en ons die akwarium besoek het.

My mamma het vir my middagete ingepak en my vroeg skool toe geneem. Daar het 'n bus reeds vir ons gewag. Op pad na die akwarium het ons liedjies gesing en was ons baie opgewonde. Toe ons daar kom, het ons onderwysers gesê dat ons elkeen hande met 'n maat moet vashou. Ek en Zodwa het hande vasgehou.

Eers het ons honderde pragtige vissies wat in groot tenks geswem het, gesien. Daarna het ons deur 'n tonnel geloop waar visse reg rondom ons geswem het. Ons het ons verkyk aan die wonderlike visse. Later het ons na 'n buite-area gegaan waar ons gehelp het om die pikkewyne te voer.

Ons het ons toebroodjies in die eet-area geniet en op die speelapparaat gespeel terwyl die onderwysers 'n bietjie gerus het. Heel laaste het ons na die haaitenk gegaan en gesien hoe die haaie gevoer word. Die haaie het rye en rye baie skerp tande gehad.

Die tyd het gevlieg en ons moes na die bus terugkeer. Ek was só moeg dat ek op pad huis toe aan die slaap geraak het. Dit was 'n uitstappie wat ek nóóit sal vergeet nie.

**Kies een. Voltooi in jou oefenboek.**

1. Maak 'n tekening met byskrifte oor iets wat jy in 'n akwarium kan sien.
2. Skryf oor waarom jy graag eendag na 'n akwarium sou wou gaan.

WEEK 1 • VRYDAG • 25



## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 34, bl. 4 en 5.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 4–5.






## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 2 OORSIG






# Bly veilig

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Gevaar- en waarskuwingstekens teken/maak en identifiseer
- Middels wat giftig is om in te neem, bespreek
- Gesels oor veilige speelplekke
- Luister na ’n Afrikalegende oor die Gekroonde Kraanvoël
- Lees oor ’n storie/oorvertelling (in hoofstukke) oor ’n verdwaling by ’n sokkerwedstryd
- ’n Oorvertelling skryf oor “’n Dag wat ek nooit sal vergeet nie”
- Verf met kleur as beklemtoning
- Beweeg en dans op ’n Suid-Afrikaanse liedjie.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | toe | daarna | uiteindelik | gou | held |
| | *then* | *after that* | *finally* | *soon* | *hero* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | skadelik | medisyne | waarskuwing |
| | *harmful* | *medicine* | *warning* |

**Sinne**

*My naam is Mallo. Hierdie is ’n oorvertelling van ’n nag wat ek nooit sal vergeet nie. Dit het in 2020 gebeur. Ek was agt jaar oud. Ek het in Grassy Park gewoon.*

### MATERIALE

- Leerders se oefenboeke
- Verf of kryte en papier vir Visuele Kunste-aktiwiteite
- Materiale om ’n veiligheidsteken te maak
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike Skryf (’n Uitstappie wat ek nooit sal vergeet nie, Vrydag); Woordeskat en Taalwerk (Donderdag); Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag); Vlotheidsoefening (Donderdag)

# Die Gekroonde Kraanvoël

*Die onderwyser lees hierdie storie op Maandag (sien OG bl. 40).*

***Inleiding:*** *Wys 'n prent van 'n gekroonde kraanvoël.*
***Verduidelik:*** *Daar is 'n Afrika-legende wat verduidelik hoe hierdie voëls hul verekroon gekry het.*

Eendag lank, lank gelede, was daar 'n beeldskone Afrikaprinses wat saam met haar vader, die magtige koning, gewoon het. Sy was versot op die wonderlike diere en voëls van Afrika, en het dikwels alleen in die veld gaan stap op soek na hulle.



Op 'n dag het die prinses besluit om na die hoep-hoep-voëls in die veld te gaan soek. Sy het vroeg daardie oggend vertrek en ure lank geloop en geloop. Dit was in die middel van die Afrikasomer. Soos die son al hoër gestyg het, het dit al warmer en warmer geword. Die verstandige prinses het besluit om liewer dadelik huis toe te gaan.

Sy het rondom haar gekyk en onmiddellik besef dat sy verdwaal het. Sy het geen idee gehad hoe om weer by haar huis te kom nie. Sy het baie bang en bekommerd begin raak, want sy het geweet dat die son nog ure lank gaan skyn, en dat die son haar vel sal brand en haar baie dors sal maak. Die vreesbevange prinses het plat op die gras gaan sit en baie hartseer begin huil.

Op daardie oomblik het 'n swerm grys kraanvoëls aangevlieg gekom. Hulle het die beeldskone, bang en huilende prinses gesien en grasieus langs haar geland. Hulle wou graag die prinses help. Die kraanvoëls het hul pragtige vlerke soos 'n sambreel oopgesprei, en vir die prinses 'n voëlskuiling gemaak. Hulle het hul vlerke liggies soos waaiers gewapper, om dit nóg koeler vir haar te maak. Een van die kraanvoëls het dadelik na die koning gaan soek, sodat hy sy manskappe kon stuur om die prinses te gaan help.

Gou-gou was die prinses gemaklik en veilig in die skaduwee van die kraanvoëlsambreel. Sy het ook opgehou om te huil. Toe die koning en sy manskappe haar vind, het sy gemaklik en skertsend met die elegante, intelligente voëls verkeer.

Die koning was oorstelp van vreugde om sy dogter lewendig te sien, en het dadelik besluit om die kraanvoëls te beloon. Hy het gesê dat alle kraanvoëls van daardie dag af 'n kroon van goue vere op hul koppe sal dra. Dit sal die mense daaraan herinner dat hulle die kosbare klein prinses gered het. Hy het hulle ook met 'n nuwe naam gedoop. In plaas daarvan om net kraanvoëls genoem te word, sou hulle van toe af as die *gekroonde* kraanvoëls bekend staan.

## MAANDAG

### LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel aan jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.
- **Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).

### KLANKE — Voltooi die blokkiesraaisel

BL 27
15 min




Woorde wat begin met 'n **f-**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

### HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 26
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

### LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 39
15 min



**Vóór lees**

- Wys 'n prentjie van 'n Gekroonde Kraanvoël.
- Lees die inleiding.
- Verskaf 'n doel na luister: Om die legende te hoor.

**Lees die teks vir die leerders.**

**Ná lees**

- Dink julle die kraanvoëls verdien hul beloning? Hoekom/hoekom nie?
- Is legendes ware verhale? Van watter ander legendes het julle al gehoor?

### E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig 'n les vanuit die E-Klaskamer.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 28
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Skadelike middels (stowwe)

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan dinge wat jy mag sluk of eet wat gevaarlik is.
- **Pare:** Deel jou idees met jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**
- Lees die bladsy in die LAB saam met leerders.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Watter verskillende tipes skadelike produkte kan julle sien? (*Byvoorbeeld skoonmaakmiddels, medisyne, vloeistowwe wat nie geïdentifiseer is nie, soos parafien*)
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Voltooi die aktiwiteit in die LAB.**

BL 29
30 min






## VISUELE KUNSTE

### Fokuspunte

**Aktiwiteit (verf of kryte)**
- Leerders kyk na die skildery *Impression: Sunrise* op bl. 12 in die LAB.
- Hulle identifiseer die fokuspunt.
- Hulle beplan en teken hul eie prent of 'n toneel met 'n fokuspunt, byvoorbeeld 'n vuur, helder ligte, ens.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi.**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

30 min



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Bespreek die hardopleesstorie

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Aan watter gevare was die prinses blootgestel? *(Sy kon sonsteek opdoen, ontwater, verdwaal wees.)* Wat kon sy anders gedoen het? (*hoed gedra het, water saamgeneem het, iemand gesê het waarheen sy gaan)*
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 30
15 min




Woorde wat begin met ’n **f-**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 26
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES — Vlotheid

BL 2–7
15 min




**Gedeelde Lees**

- Lees enige twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (let veral op na leestekens, uitspraak, betekenis wat deur uitdrukking oorgedra word, lees teen ’n goeie spoed).

**Lees in pare**

- Maats lees beurtelings ’n bladsy en oefen terselfdertyd vlotheid en lees met uitdrukking.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.



## SKRYF — Leesbegrip

BL 31
15 min




**Lees en bespreek die taak (’n opsomming van die storie)**

- Leerders gebruik hul eie woorde (op jou eie vrae)
- Elkeen gaan hulself dus effens verskillend uitdruk.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer**, maak voorsiening vir verskille in die opsommings van die storie.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Die groot dag (Hoofstuk 1)*

**BL 32**
**30 min**


DATUM

Die groot dag (Hoofstuk 1)

Ek is Mdu. Bheki is my vriend. Ons is in graad 3.

My pappa het vir ons met sy nuwe motor kom kuier. Ons het ons verkyk aan die pragtige motor. Dit het spoggerige ligte gehad en baie lae wiele. Ek het vir my pappa gevra om ons vir 'n rit in sy motor te neem. Hy het dadelik ja gesê. Hy het gesê as my mamma toestemming gee, sal hy vir ons na die sokkerwedstryd by die Moses Mabhida-stadion neem. Amazulu en Chippa United het daar gespeel.

Ek en Bheki was só gelukkig. Ons is mal oor Amazulu en wou baie graag gaan. My mamma wou egter nie hê ons moes gaan nie. Ons het gesoebat en gesê: "Laat ons asseblief gaan! Groot asseblief!"

Uiteindelik het sy ingestem en vir my pappa gesê: "Kyk mooi na hulle!"

Toe het ons in my pappa se vinnige, nuwe motor weggery. Ons het só gehoop dat ons vriende ons in die nuwe motor sou sien ry.

Watter woorde in die storie sê vir ons dat Mdu se pappa nie by hulle woon nie?

32 • WEEK 2 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS Veiligheidstekens

**Lees en bespreek**

- Leerders werk in pare om te sien watter tekens hulle herken en wat hulle beteken.
- Bespreek die tekens een vir een met die klas deur self die tekens te verduidelik, of leerders te vra om die tekens te verduidelik, wat hulle beteken en waar ons hulle kan sien.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter ander tekens ken julle ook? Kan julle dit beskryf?
- **Pare:** Verduidelik vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**BL 33**
**30 min**


DATUM

Veiligheidstekens

Tekens is een manier om mense van gevare bewus te maak. Daar is baie tekens wat ons veilig kan hou.

**Wat beteken hierdie tekens?**

Rooi tekens dui aan wat ons nie mag doen nie.

Blou tekens dui aan wat ons mag doen.

Groen tekens gee vir ons inligting.

Geel tekens is waarskuwingstekens.

WEEK 2 • DINSDAG • 33



## VISUELE KUNSTE Fokuspunte (vervolg)

**Voltooi die prente/skilderye**

**Vertoon en bespreek**

- Leerders verduidelik waar die fokuspunt van hul skildery is.

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**25 min**



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Persoonlike hertelling

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Hierdie week gaan julle skryf oor 'n uitstappie wat julle nooit sal vergeet nie. Dit kan saam met die familie of skool wees, onlangs of lank gelede.
- **Pare:** Maat A skep die toneel (wie, wanneer, waar, wat) en doen 'n oorvertelling van wat gebeur het. Dit word die volgende dag voortgesit sodat Maat B ook hul oorvertelling kan doen.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Maak sinne

BL 34
15 min




Woorde wat eindig op **-ik**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 26
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Oorsig van woordeskat en taal

15 min




**Hersien en kontroleer verlede week se werk**

**Woordeskat (bl. 18)**

- Lees verlede week se flitskaart:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| toe | daarna | uiteindelik | gou | held |

- Lees weer, skommel die kaarte en lees vinniger.
- Leerders kontroleer verlede week se aktiwiteit in die LAB en korrigeer.

**Taal (bl. 22)**

- Kontroleer en korrigeer die antwoorde op die vrae.

**Lees**

- Leerders lees hul paragrawe vir 'n maat.

## SKRYF — Woordeskat en taal

BL 35
15 min




**Woordeskat**

- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê. Draai elke flitskaart om en sê die woord in Engels:

| | | |
|---|---|---|
| then | after that | finally |
| soon | hero | |

**Sin**

- Elke groep neem een sin en bespreek hoe om die sin in Engels uit te druk.
- Skryf die groep se Engelse sin op die bord.
- Leerders kopieer/skryf die Engelse sinne:
  – My naam is Mallo. Hierdie is 'n oorvertelling van 'n nag wat ek nooit sal vergeet nie. Dit het in 2020 gebeur. Ek was agt jaar oud. Ek het in Grassy Park gewoon.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoorde as 'n klas.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Die groot dag (Hoofstuk 2)*

BL 36

30 min






## AANVANGSKENNIS

### Maak ’n veiligheidsteken

**Ondersoek**
- Watter tekens het ons by die skool nodig?
- Deel idees met jou maats.

**Lees en bespreek**
- Lees die vrae en instruksies.

**Gebruik tegnologiese vaardighede**
- Leerders werk in pare. Gee aan elke paar materiale om ’n teken te maak.
  - **Beplan** ’n teken.
  - **Maak** ’n eenvoudige teken deur die materiale te gebruik.
  - **Vertoon** die teken en gesels daaroor.

**Evalueer**
- Kan jou teken gebruik word? Hoekom/hoekom nie?

BL 37

30 min






## UITVOERENDE KUNSTE

### Sing ’n Suid-Afrikaanse liedjie

**Inleiding**
- Leerders warm hul stemme op deur op verskillende volumes en toonhoogtes te neurie.
- Herinner leerders aan die storie wat hulle gelees het oor die verjaarsdagbederf op die Gautrein.
- Vra of enigeen ’n liedjie oor ’n trein ken, byvoorbeeld “Shosholoza”, “Hoe ry die trein”.

**Oefen**
- Leer as klas ’n liedjie oor ’n trein aan.
- Sing met uitdrukking, artikuleer die woorde duidelik.
- Voeg liggaamsperkussie by, byvoorbeeld klap, stamp, klik vingers.
- Oefen totdat al die leerders die liedjie met vertroue kan sing.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorvertelling (vervolg)

15 min



**Pare-deel**

- **Pare:** Maat B skep die toneel (wie, wanneer, waar, wat) en vertel wat gebeur het.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

BL 38
15 min


DATUM

Skryf die woorde reg oor

1. rtie — tier
2. liklsmaa
3. oeimlik
4. devrielikn
5. likou
6. svrlikee
7. likkma
8. hfolik

38 • WEEK 2 • DONDERDAG

Woorde wat eindig op **-ik**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

BL 26
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Vlotheidsoefening

BL 39
15 min


DATUM

Vlotheidsoefening

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Ek het uit die bed gespring en in die gang afgehardloop. Oral in die gang was daar dik, swart rook. Die rook het onderdeur die deur vanuit die sitkamer gekom. Ek het my hand voor my mond en neus gehou om te keer dat ek nie rook inasem nie. Toe het ek deur die rook na my ma se kamer gehardloop om haar wakker te maak. Mamma en die babas was vas aan die slaap, maar ek en Jumbo het Mamma wakker gemaak. Mamma het dadelik 10111 geskakel. Ek het na die venster gehardloop en kliphard om hulp geskree. Ek het gehoop dat die bure, oom Fred en tannie Mimi, my sou hoor.

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie. | | |

WEEK 2 • DONDERDAG • 39

**Pare**

- Maats lees die teks beurtelings.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf die aantal lyne gelees neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.

## GEDEELDE SKRYF — Skryf ’n oortelling

15 min

- Voor die begin van die les, skryf die tydwoorde op die bord as verwysing: *eerste, daarna, toe, uiteindelik*.
- Leerders bespreek waaroor hulle wil skryf deur die metode **Dink-pare-deel** te gebruik.
- Skryf voorbeeldsinne as **Gedeelde Skryf** wat op die klas se "deel" gebaseer is. Voorbeeld:
  - *Paragraaf 1: My naam is Sipho. Ek sal nooit my uitstappie na Gold Reef City vergeet nie. Ek was sewe jaar oud. Ek het saam met my familie soontoe gegaan.*
  - *Paragraaf 2: Ons het om 10:00 gearriveer. Ons het eerste op die grootwiel gery. Daarna het ons met die stampkarre gery.*
- **Hersien kenmerke van ’n oorvertelling:** ’n Ware gebeurtenis, vertel in die eerste persoon, stel die toneel behoorlik bekend, vertel gebeure in volgorde, gebruik tydwoorde.
- Leerders kan hul oorvertellings begin skryf indien die tyd dit toelaat.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Die groot dag (Hoofstuk 3)*

BL 40

30 min


DATUM

Die groot dag (Hoofstuk 3)

Ek en Bheki het tussen die skare verlore geraak toe my pappa vir ons worsrolletjies gekoop het. Ek het na my pappa geroep, maar hy het nie geantwoord nie. Bheki het gesê dat ons hoër teen die pawiljoen moet klim om te probeer sien waar my pappa was.

Ons het hoër op teen die pawiljoen geklim, maar kon hom nie tussen die skare sien nie. Toe het ons probeer om ons sitplekke te kry, maar ons het nie geweet watter kant toe om te gaan nie. Ek het my koeldrank gemors en Bheki het sy worsrolletjie laat val. Iemand het daarop getrap.

Ek het gehoop my pappa sou ons vind. Ons het gaan sit en Bheki se koeldrank gedeel. Ons het ook my worsrolletjie gedeel. Ons het nie geweet wat om te doen nie. Ons het nie geweet waar om my pappa te vind nie en ons het ook nie geweet hoe ons huis toe sou gaan nie.

1. Hoe sou jy gevoel het as jy Mdu en Bheki was?
2. Kan jy aan enigiets dink wat hulle kon doen om hul probleem op te los?

40 • WEEK 2 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL kaart (bl 11)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**skadelik**
1. Iets wat jou kan seermaak.
2. Iets wat jou help.

**medisyne**
1. Sommige medisyne kan gevaarlik wees vir kinders.
2. Alle medisyne is veilig om te sluk.

**waarskuwing**
1. 'n Waarskuwing sê vir ons dat iets gevaarlik is.
2. 'n Waarskuwing sê vir ons dat iets veilig is.

**EAT** *harmful* (skadelik), *medicine* (medisyne), *warning* (waarskuwing)



## UITVOERENDE KUNSTE

### Beweeg op musiek

30 min

**Inleiding**
- Sing die treinliedjie van die vorige les.

**Groepe**
- Verdeel die klas in vier groepe.
- Elke groep gesels oor en oefen bewegings op die liedjie. Hierdie kan vertolking van dansbewegings wees of dit kan stylvolle treinbewegings wees.

**Voer op**
- Elke groep sing en beweeg beurtelings op die maat van die musiek.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar oor beweging en musiekooreenstemming, die byhou van 'n vaste ritme en die vertolking van die musiek.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Praat oor een interessante ding waarvan julle hierdie week geleer het, veral waarvan julle oor veilig bly geleer het.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Wat sal jy volgende week anders doen om veilig te bly?

## KLANKE — Spoedlees woorde

**BL 41**
**10 min**

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.


DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| middel | voël | foon | heerlik | fluister |
| vlooi | giggel | vlerk | fees | eerlik |
| fiets | moeilik | hakkel | vreet | frons |
| flits | film | vrolik | sokker | vark |
| frokkie | hoflik | familie | wonderlik | koffie |
| trekker | vlieg | foto | fees | vriendelik |
| val | jammer | vlinder | fyn | fokus |
| fiks | lelik | lekker | vere | flou |
| smaaklik | fluit | vreeslik | julle | vleis |
| fotograaf | taamlik | fraai | dadelik | hulle |

Hoogste telling: woorde

WEEK 2 • VRYDAG • 41

## HANDSKRIF — Kort woorde (lopend)

**BL 26**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

**15 min**



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Laat die leerders toe om een voorspelling met hul maat te deel.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Lees slegs die voorspellings en lewer net kommentaar. Neem kennis wie in staat is om samehangende voorspellings te maak.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Oorvertelling

**15 min**

- Skryf jul weergawes in jul oefenboeke.
- Skryf twee paragrawe. Gebruik die woorde op die bord as 'n riglyn.
- Gebruik tydwoorde (van die vorige dag) om volgorde aan te dui.
- **Let op na:** Oorvertelling in eerste persoon, korrekte tydvorme, woordeskat en korrekte spelling van hoëfrekwensiewoorde, goeie keuse van onderwerp, inleiding wat die toneel skep, logiese opeenvolging van gebeure.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 42
30 min

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Die groot dag (Hoofstuk 4)*






## AANVANGSKENNIS

### DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 35, bl. 6 en 7.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 17.






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 3 OORSIG





# Besoedeling

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Meer oor jong omgewingsaktiviste leer
- Rommel in hul omgewing analiseer en klassifiseer
- Luister en deur persoonlike ervaring rondom besoedeling antwoord
- Die storie oor die Umgenirivier in KZN lees
- Leer om 'n vloeidiagram te lees
- Patroon- en drukwerk verken.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | bron | rivier | besoedel | damme | waterval |
| | *source* | *river* | *polluted* | *dams* | *waterfall* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | besoedeling | rommel | materiale |
| | *pollution* | *litter* | *materials* |

**Sin**

*In 'n skoon, gesonde rivier is daar verskillende soorte visse en klein diertjies wat in die water leef.*

### MATERIALE

- Taaloefenboeke vir skryfwerk, Onafhanklike lees-antwoorde en handskrif
- Kunsbenodigdhede: verf, kryte, papier, polistireenborde
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike skryf ('n vloeidiagram); Woordeskat; Sinne; Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde

**Informeel:** Diktee (Vrydag)

# Kinders kan 'n verskil in die omgewing maak

*Hierdie storie is 'n inleiding tot die Lewensvaardigheidtema van insekte. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 52). Leerders kan na die prente op bl. 58 in die LAB kyk om te sien hoe Yola lyk.*

Weet julle wat besoedeling is? Dit is enigiets wat die aarde vuil en ongesond maak. Besoedeling kan die lug, die land en die water rondom ons beskadig. Ongelukkig word die meeste besoedeling deur mense veroorsaak!




In Khayelitsha in die Wes-Kaap, is daar kinders soos die eko-vegter, Yola Mgogwana, wat in hul tuisdorpe, hul skole en in die hele wêreld teen besoedeling baklei.

Yola was nog 'n klein dogtertjie toe sy besluit het dat die omgewing besig is om agteruit te gaan omdat die mense dit nie oppas nie. Sy het gesê: "Mense vergiftig die aarde met hul rommel. Ek gaan hulle dus leer om na die aarde om te sien deur nié die water en lug te besoedel nie, en nié hul rommel in die strate te gooi nie."

Eers kon haar familie nie verstaan waarom sy so baie vir die omgewing omgee nie, maar vandag ondersteun hulle haar. Hulle stem saam dat mense hul denke moet verander en na die die wêreld moet omsien. Hulle sê altyd: "Sifuna ichange." (Dit beteken: Ons soek verandering.)

Yola het by 'n groep genaamd "Die eko-vegters" by haar skool aangesluit om meer oor besoedeling en klimaatsverandering te leer. Toe het sy begin om die mense in haar gemeenskap te vertel hoe om hul strate skoon te hou, hoe om groente te kweek, en hoe om water en elektrisiteit slim en spaarsamig te gebruik sodat daar genoeg vir almal sal wees.

Yola het elke oggend op pad skool toe ál die vullis opgetel en in 'n swartsak gegooi. Sy het ook plastiekbottels, leë skyfiepakkies en lekkergoedpapiertjies opgetel. Dit is by haar skool in eko-bakstene verander.

In 2019, toe sy maar 11 jaar oud was, het sy gehelp om 'n protesoptog vir die omgewing te lei. Sy en honderde ander jongmense het na die Parlementsgeboue in Kaapstad geloop. Sy het 'n toespraak gelewer wat President Ramaphosa en die regering uitgedaag het om 'n plan te maak om besoedeling en klimaatsverandering te stop. Sy het 'n plakkaat gedra wat gesê het: "Mense moet verander om klimaatsveranderinge te stop."

As sy eendag groot is, wil Yola 'n prokureur word om vir die regte van arm mense te veg sodat hulle genoeg skoon water, lug en grond het om op te woon.

Later hierdie week kan julle oor ander eko-vegters soos Yola lees.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Hoe het jy gevoel oor die dinge wat jy gedoen het?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jou naweek en hoe jy gevoel het?

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 51
15 min




Woorde wat eindig op **-ike**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Getalle in woorde (lopend)

BL 50
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 51
15 min



**Vóór lees**
- Stel die onderwerp van besoedeling bekend:
  - Weet julle wat besoedeling is? Kan julle enige tipes besoedeling noem?
  - Wie dink julle kan besoedeling stop?
- Verskaf 'n doel vir luister: Luister om uit te vind oor 'n jong leerder wat probeer om besoedeling te stop.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Waar het Yola gewoon?
- Wat het sy gedoen om die omgewing te beskerm?
- Hoekom noem ons haar 'n eko-vegter?
- Wat is die belangrikste ding wat sy tot dusver gedoen het?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Lees sinne

BL 52

30 min




## AANVANGSKENNIS Besoedeling

BL 53

30 min

**Stel die konsep bekend**

- Is daar baie rommel naby waar julle woon? Wat, dink julle, het dit veroorsaak?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat weet julle van die soort rommel wat daar in jul omgewing is? Hoe word dit veroorsaak?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week oor besoedeling leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item uit elke ry om in hul KWL-kaarte te skryf.




## VISUELE KUNS Maak patrone

BL 54

30 min

**Patrone in die natuur**

- Verduidelik dat patrone lyne, vorms of kleure is, wat herhaal word om iets bevredigends vir die oog te skep.
- Herinner leerders dat hulle patrone gebruik wanneer hulle hul handskrif oefen.
- Die natuur is vol patrone. Vra vir die leerders om aan enige natuurlike patroon te dink wat hulle ken, byvoorbeeld patrone op 'n skoenlapper se vlerke, kolle op 'n liewenheersbesie, ens.

**Kyk na die prente van naby**

- Hierdie is almal natuurlike patrone.
- Raai waarvan elke patroon deel is.
- Van watter patroon hou jy die meeste?

**Klasbespreking**

- Watter van hierdie patrone het lyne? Vorms? Kleurgebruik?
- Kan julle aan enige ander patrone in die natuur dink?

**Teken** patrone in die are van die blaar – dit kan enige herhaling van patrone wees, byvoorbeeld kronkels, sig-sag, kolletjies, ens.




## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Waar ons speel

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Waar speel julle of kom julle saam met jul vriende bymekaar? Is dit 'n skoon, veilige speelplek? Hoekom of hoekom nie?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jul speelplek.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan. Maak 'n aantekening waar die leerders in jou klas speel, vir die volgende dag se les.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

BL 55
15 min




Woorde wat eindig op **-ike**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Getalle in woorde (lopend)

BL 50
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 44–49
15 min




**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel.
- Lees die inleidingsparagraaf op bl. 44. Bevestig dat hierdie 'n ware storie is (niefiksie).
- Wie was al in KZN? *(Sluit by die leerders se ervaringe aan.)*

**Gedeelde Lees**

- Lees bl. 44. Verduidelik dat dit 'n vloeidiagram is. Dit som die reis van hierdie rivier op, en maak dit makliker om te verstaan. Die storie/teks wat volg, sal alles breedvoerig verduidelik.
- Lees die **hele teks** saam met die leerders. Wys die verband met die foto's aan.
- Stop om nuwe woorde of konsepte te verduidelik, byvoorbeeld gebruik die prente of 'n sinoniem.
- Laat een leerder toe om die vraag aan die einde van elke bladsy te beantwoord.

**Ná lees**

- Wat het julle oor hierdie groot rivier geleer?
- Het julle al ooit 'n rivier gesien? (Waar en wanneer?)

## SKRYF — Leesbegrip

BL 56
15 min




**Vrae**

- Vestig die aandag op die drie logo's.
- Verduidelik dat al die vrae hierdie week beantwoord kan word met behulp van die **vloeidiagram**, want dit som die teks op of vereenvoudig dit.

**Skryf**

- Voltooi die LAB-aktiwiteit.

**Sien na en korrigeer.**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Greta Thunberg*

BL 57
30 min






## AANVANGSKENNIS

**Tel die vullis op!**

BL 58
30 min




**Let wel:** Indien jul skool Wetenskap-toerusting het, kan hierdie aktiwiteit met ’n waterstudie vervang word. Gebruik die Wetenskap-toerusting om ’n klein hoeveelheid water uit ’n dammetjie, stroom of poeletjie te bestudeer.

**Bespreek**
- Wat is rommel en waar kom dit vandaan?
- Waar kry ons rommel?
- Hoekom strooi mense rommel?

**Lees en doen**
- Lees die bladsy saam met die klas. Bespreek die woord “materie” (enigiets wat spasie opneem) en “materiaal” (die goed waaruit materie bestaan).
- Kyk na die tabel en bespreek verskillende tipes rommel wat die leerders moontlik by die skool mag sien.
- Verduidelik dat die leerders buite na die speelterrein sal gaan en vir ongeveer 10 minute (in groepe) rommel sal optel. Gee aan elke groep ’n vullissak om die rommel in te gooi en ook iets om hul hande te beskerm – handskoene of broodsakkies.
- Verduidelik wat ’n kerfstok is ~~||||~~ – vir elke stuk rommel in ’n spesifieke kategorie, maak ’n vertikale lyn op ’n kerfstok. Elke vyfde lyn is ’n horisontale lyn wat deur die vier vertikale lyne getrek word, byvoorbeeld:
- Leerders maak die rommel bymekaar en teken die soorte afval op hul tabelle aan.
- Hulle keer terug na die klaskamer en tel die totale aantal rommelstukke in elke kategorie.
- Gooi die sakke met rommel in ’n vullisdrom.



## VISUELE KUNSTE

**Patroondruk**

30 min



**Bespreek**
- Verduidelik dat afdrukke ’n vinnige manier is om vorms te gebruik om patrone te maak. ’n Afdruk is ’n herhalende patroon wat gemaak word deur ’n voorwerp wat in ink gedruk is, op papier af te druk.

**Aktiwiteit**
- Gee vir elke leerder ’n natuurlike voorwerp, byvoorbeeld ’n blaar, blom, klippie, bas. Interessante vorms en are maak afdrukke meer interessant – ook byvoorbeeld dik verf op ’n plat oppervlak soos ’n polistireenbord.
- Druk jou voorwerp in die verf sodat die hele oppervlak van die voorwerp met verf bedek is.
- Plaas die voorwerp met die verfbedekte gedeelte na onder op ’n skoon vel papier. Druk hard daarop.
- Lig die voorwerp van die papier af op en herhaal.
- Maak ’n patroon deur dieselfde of verskillende voorwerp en verskillende kleure te gebruik.

**Vertoon en bespreek**
- Vertoon die kunswerk.
- Bespreek watter voorwerpe die beste afdrukke gemaak het en hoekom.
- Bespreek of dit nodig was om vir elke afdruk weer verf op te sit en of jy moontlik ’n “skadu-afdruk” met minder verf kon maak.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24

# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Maak my eie omgewing skoon

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Hoe kan julle jul speelplek skoner en veiliger hou? *(Plaas 'n vullisdrom daar, tel die rommel op, tel honde afval met plastieksakkies op, ens.)*
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas. Hou 'n diepte bespreking. Sommige punte moet beklemtoon word: Die skoonmaak van een area, behoort nie 'n ander area te besoedel nie; rommel moet verantwoordelik verwyder word; om rommel te voorkom is beter as om dit op te ruim.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

BL 59

15 min




Woorde wat eindig op **-ik**/**-ig**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Getalle in woorde (lopend)

BL 50

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat

BL 44–49

15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bron | rivier | besoedel | damme | waterval |

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie weer **saam met** die leerders.
- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, merk die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde verskyn meer as een keer.

**Leerders rangskik die flitskaarte alfabeties.**

## SKRYF — Woordeskat

BL 60

15 min




**Mondeling**

- Hersien die alfabetiese volgorde. Indien daar 'n alfabetfries is, verwys die leerders hierna. Gaan mondelings deur die LAB-aktiwiteite.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon die flitskaartwoorde** op die Woordmuur.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A



- **Onafhanklike Werk:** *Ayakha Melithafa*

BL 65

30 min


DATUM

Robert Mazibuko

Robert Mazibuko het sy hele volwasse lewe daaraan gewei om mense te leer hoe om na die omgewing in KwaZulu-Natal te kyk.

Hy het as 'n klein seuntjie op die plaas waar hy gewoon het, baie geleer van die plante en bome wat natuurlik daar gegroei het. Ná skool het hy na 'n landboukollege gegaan. Hy het daarvan gehou om dit wat hy oor Afrikaplante geleer het met ander te deel. Hy het die Afrikaboomsentrum begin en gratis sade en plante aan mense gegee. Hy het hulle aangemoedig om oral waar daar paaie, dongas of vleie was, sade en plante te plant. Hy het verduidelik dat meer bome die grond sal verbeter, en voëls en diere sal lok. Die mense het Robert Mazibuko "Die Boomman" genoem.

Robert Mazibuko het die mense ook geleer hoe om hul eie groente te kweek. Hy het hulle geleer om 'n sloot te grawe, dit met grond en organiese materiaal soos gras, takke, dieremis en vrot of ou groente te vul. As dit genoeg water kry, maak dit ná 'n ruk die grond vrugbaar wat help dat die groente goed groei. Robert Mazibuko het hierdie vrugbare grond "swart goud" genoem.

1 Skryf wat jy weet van die kweek van groente. Skryf 2-3 sinne.

2 Huiswerk: Vind uit waarom dit so belangrik is om bome te plant.

WEEK 3 • DONDERDAG • 65



## AANVANGSKENNIS

### Watter rommel het jy gevind?

**Analiseer en bespreek**

- Kyk na die tabel wat die leerders die vorige dag voltooi het.
- Analiseer die uitslae en maak 'n tabel op die bord met die totale van elke soort materiaal wat deur die hele klas bymekaargemaak is.
- Bespreek waar die meeste items gevind is.
- Bespreek hoekom hierdie items op die grond gelê het. *(Byvoorbeeld geen vullisdromme, luiheid, ens.)*
- Bespreek strategieë om rommelstrooiing stop te sit.

**Beantwoord die vrae**

- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.

BL 62

30 min


DATUM

Watter rommel het jy gevind?

Gebruik die tabel wat jy gister gemaak het om die vrae te beantwoord.

1 Van watter tipe materiale het jy
- die meeste gekry?
- die minste gekry?

2 Waar het jy die meeste vullis gekry?

3 Hoekom, dink jy, was die meeste vullis dáár?

4 Watter probleme kan vullis op die speelterrein veroorsaak?

62 • WEEK 3 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

### Skep 'n bewegingsroetine

30 min

**Berei voor**

- Bespreek verskillende tipes besoedeling waarvan julle alreeds geleer het.
- Bespreek hoe elkeen die leerders laat voel, byvoorbeeld: die reuk van 'n vullishoop, die sig van besoedeling op die strand, die gevoel dat jy verstik van die rook, om op 'n rommelbestrooide pad te loop, ens.

**Groepe**

- Leerders werk in groepe van ses.
- Dinkskrum: Hoe kan jy beweeg om jou reaksie op verskillende tipes besoedeling uit te beeld?
- Kies een reaksie en ontwerp 'n reeks bewegings om te wys hoe jy voel – ten minste ses bewegings van verskillende vlakke (hoog, middel, laag, draai, ens.)
- Leerders oefen en berei bewegingsroetines voor.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Hou ons skool skoon

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Hoe kan ons ons klaskamer en speelterrein skoner en veiliger hou?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas. Bespreek dit in detail en skryf uitvoerbare punte op die bord. *(Byvoorbeeld: Vra die skoolhoof vir vullis- en herwinningsakke; Daar kan daagliks een groep vir 5 minute ná pouse die rommel op die skoolterrein optel; 'n Ander groep kan die klaskamer aan die einde van die skooldag skoonmaak; Vullissakke moet elke dag in die vullisdromme gegooi word. Herwinbare items moet in aparte sakke gegooi word, ens.)*
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die blokkiesraaisel

BL 63
15 min




Woorde wat eindig op **-ig**/**-ige**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Getalle in woorde (lopend)

BL 50
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Taal

15 min

**Stel die sin bekend**

- Lees die sin op die bord.
- Stel die tydvorm vas (teenwoordige tyd) en verduidelik dat dit vir die skryf van niefiksie gebruik word.
- Leerders vind en onderstreep die sin in die teks op bl. 47 in die LAB.

**Verbind sinne**

- Hersien wat 'n sin is. Verduidelik wat 'n voegwoord of verbindingswoord is.
- Skryf *en, maar* en *omdat* op die bord. Verduidelik die verskille in betekenis.
- Verduidelik dat die gebruik van voegwoorde herhaling voorkom en langer sinne skep, sodat ons, byvoorbeeld die sinslengte kan wissel, en hakerige skryfwerk gladder/vlotter kan maak.




## SKRYF — Taal

BL 64
15 min

**Skryf**

- Voltooi die bladsy in die LAB.
- Ván die leerders lees hul sinne hardop.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Robert Mazibuko*

BL 65
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart (bl. 53 in die LAB)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra die vrae.

**besoedeling**
1. Besoedeling word nie deur mense veroorsaak nie.
2. Die meeste besoedeling word deur mense veroorsaak.
3. Besoedeling veroorsaak klimaatsverandering.

**rommel**
1. Rommel is afval wat op die verkeerde plekke beland.
2. Rommel lok rotte, vlieë en muskiete, wat siektes kan veroorsaak.
3. Dit maak nie saak as ons rommel op enige plek gooi nie.

**materiaal**
1. Materiaal is dit wat gebruik word om goed waaraan jy kan raak, te maak.
2. Rommel bestaan uit materiaal.
3. Alle besoedeling word uit materiaal gemaak waaraan jy kan raak.

**EAT** *pollution*(besoedeling), *litter* (rommel), *materials* (materiale)



## UITVOERENDE KUNSTE

### Bewegingsroetine (vervolg)

30 min

**Voer op**
- Leerders voer in groepe hul beweginsroetines uit.
- Die klas moet raai wat hul besoedelingsituasie is.

**Evalueer**
- Elke groep bevestig wat hul besoedelingsituasie is.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat het jy gedink, gevoel of gedoen toe julle hierdie week oor besoedeling geleer het?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.
- Beklemtoon dat, alhoewel sekere besoedeling veroorsaak word deur dinge buite ons beheer (fabrieke ens), daar wel goed is wat ons omtrent besoedeling kan doen, byvoorbeeld: deur bome te plant, rommel te verwyder, dinge soos klimaatsverandering aan ander te verduidelik, ensovoorts.



## KLANKE — Diktee

BL 66

10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Woorde:** **julle** en **lekker**

**Sinne:**
Sin 1: **Ons giggel vir die lawwe hansworse.**
Sin 2: **Ek was sommer vroeg al wakker.**
Sin 3: **Hy voel jammer vir die gogga.**



## HANDSKRIF — Getalle in woorde (lopend)

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

BL 50

10 min






## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-tekste hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Hierdie tekste handel oor mense se besorgdheid oor die omgewing.
- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?

**Sien na**

- Neem in en parafeer of lewer algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — ’n Proses

15 min

- Leerders skryf oor ’n proses waarmee hulle bekend is.
- Jy kan die proses kies, of die leerders kan dit self kies. (Hoe ek my skooltas pak; Hoe ek my middagete vir skool maak; Hoe ek my bed opmaak, ens.) Jy mag iets kies wat by die aktiwiteite wat hulle reeds hierdie week gedoen het, aansluit, byvoorbeeld: Hoe ek my kunspatroon gemaak het (sluit aan by kunswerk); Hoe ek my speelplek skoongemaak het (mondeling).
- **Let op na:** logiese volgorde, besonderhede, goeie waarneming.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Wangari Maathai*

BL 67
30 min






## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 36 “Besoedeling”, bl. 8–9.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 23–24.






## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB’e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het ’n tyd geskeduleer om volgende week:**
- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 4 OORSIG



# Besoedeling

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Boomplantdag vier en meer oor inheemse Suid-Afrikaanse bome leer
- Lees oor die positiewe invloed wat bome op die omgewing het en dit verstaan
- Leer hoe om 'n boom te plant
- Luister na 'n Afrikalegende oor 'n boom
- 'n Vloeidiagram wat op die teks gebaseer is, maak
- 'n Blokafdruk skep
- 'n Boomplantdagprent verf.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | bron | rivier | besoedel | damme | waterval |
| | *source* | *river* | *polluted* | *dams* | *waterfall* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | Boomplantdag | klimaatsverandering | woud |
| | *Arbor Day* | *climate change* | *forest* |

**Sin**

*In 'n skoon, gesonde rivier is daar verskillende soorte visse en klein diertjies wat in die water leef.*

### MATERIAAL

- Kunsmateriaal: dik verf, polistireenborde, dik afvalkarton, dik wol of tou, skêre, potlode, A3- en A4-papier vir drukwerk en verf
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrif

**Informeel:** Spoedlees van woorde, Begrip (vloeidiagram), Vlotheidsoefening, AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktiwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Vr. | Skryf Assessring 1: 'n Proses: Vloeidiagram | PRAKTIES | OG bl. 72 |

# 'n Afrikalegende: Die vrugteboom

Lank, lank gelede in Afrika, het die diere van 'n towerboom gehoor. Hulle het gehoor dat al die vrugtesoorte aan hierdie boom groei: pynappels, appels, lemoene, piesangs en vele meer. Hulle was bewus daarvan dat slegs een soort vrug gewoonlik aan elke vrugteboom groei, so hulle het geglo dat hierdie boom toweragtig moes wees.

Koning Leeu het 'n vergadering aangekondig en gesê: "Wie sal bereid wees om na hierdie boom te gaan soek, en ons dan daarheen neem? Jy sal die pad moet onthou."

Jakkals het gesê: "Ek sal gaan; ek is so vinnig soos die wind." Hy het lank deur die Afrikabossies gedraf en uiteindelik by die toweragtige boom uitgekom. Hy was so oorstelp van vreugde dat hy dadelik 'n sappige lemoen begin eet het en terug begin draf het. Hy het die pad onthou. Maar, o wee, o nee … net toe hy naby die vergaderplek van die diere was, het hy 'n klein klipdassie in die veld sien hardloop. Hy het van alles vergeet en agter die klipdassie aangehardloop, totdat dit in 'n gat in die grond verdwyn het. Hy het teruggekeer na die vergaderplek, maar het besef dat hy so op die klipdassie gefokus was dat hy die pad heeltemal vergeet het. Die diere was baie teleurgesteld.



Sebra het gesê: "Ek sal gaan; ek is baie vinniger as Jakkals." Sy het 'n lang ent deur die Afrikabossies gegalop en uiteindelik die boom opgespoor. Dit was oorlaai met verskillende vrugte. Sy was so opgewonde dat sy dadelik 'n piesang begin eet het, en toe begin teruggalop het. Sy het die pad onthou, maar, oor wee, o nee … toe sy naby die vergaderplek van die diere was, het sy die groenste, smaaklikste polletjie gras gesien. Sy het heeltemal van alles en almal vergeet en aan die polletjie gras gewei totdat alles verorber was. Daarna het sy na die vergaderplek gegaan, maar omdat sy so op die gras gefokus het, het sy ook die pad vergeet. Die diere was baie ontsteld.

Toe het Skillie Skilpad gepraat en gesê: "Ek sal gaan. Ek weet ek is stadig, maar ek is betroubaar." Hy het stadig deur die Afrikabossies die lang pad aangedurf en uiteindelik die boom opgespoor. Dit was oorlaai met vrugte. Hy het in verwondering na die boom gestaar, maar geen vrugte geëet nie, en teruggekeer na die vergaderplek. Hy het aangehou stap en nie een keer gestop nie. By die vergaderplek het hy vir Koning Leeu en die ander diere meegedeel hoe om by die toweragtige boom uit te kom.

Die opgewonde, nuuskierige diere het almal na die boom gegaan en 'n feesmaal met al die smaaklikste verskillende vrugte geniet. Skilpad het die dag gered.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel aan jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - ’n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry ’n geleentheid elke kwartaal.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** *(wat om te bring, spesiale gebeure, ens.).*



## KLANKE — Skryf die regte woord

BL 69
15 min




Woorde met ’n **kappie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Plekke en dae (lopend)

BL 68
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 63
15 min



**Vóór lees**
- Wat is ’n fabel? *(’n storie wat vir ons ’n les leer)*
- Watter fabels het julle al gehoor?
- Verskaf ’n doel vir luister: Kom ons vind uit wat hierdie fabel vir ons wil leer.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Wat het die fabel ons probeer leer?

## E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig ’n les van die E-klaskamer.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 70

30 min


DATUM

Lees die sinne

Ek neem 'n foto van 'n vlinder.

In die winter sit ons by die vuur.

Ek skyn met die flits in die donker.

Joe het 'n nuwe foon.

Die vlooi byt my hond.

Wanneer sit ons by die vuur?

70 • WEEK 4 • MAANDAG



## AANVANGSKENNIS Boomplantdag

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan 'n boom wat naby jul huis groei.
- **Pare:** Vertel vir jou maat van die boom – die grootte, kleur, vrugte, ens.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**
- Vra: Hoekom moet ons bome plant?

BL 71

30 min


DATUM

Boomplantdag

Boomplantdag word die eerste week van September gevier. Op hierdie dag vier en plant ons nog bome. In Suid-Afrika is Boomplantdag vir die eerste keer in 1983 gevier. Mense het die belangrikheid van bome besef en 'n veldtog begin om meer bome te plant.

**Waarom is bome belangrik?**
- **Bome suiwer die lug.** Die lug rondom ons word deur rook en gasse van fabrieke en motors besoedel. Die gas staan bekend as koolstofdioksied of koolsuurgas. Bome help om die lug van koolsuurgas te suiwer.
- **Bome verkoel die aarde.** Bome verkoel die lug en oppervlakttemperatuur van die aarde, en stop sodoende klimaatsverandering.
- **Bome is huisvesting vir baie diere.** Baie wilde diere en voëls is afhanklik van bome vir kos en skuiling.
- **Bome voorsien kos en brandhout.** Baie mense is afhanklik van die hout van bome vir brandhout en bouwerk. Die meeste van ons vrugte kom van bome af.
- **Bome is mooi.** Deur na bome te kyk, na die geritsel van die blare te luister en om die natuur te ruik, kan mense kalmeer en meer ontspanne raak.

Probeer hierdie jaar om op Boomplantdag 'n boom te plant om die aarde te help red.

Skryf 'n paragraaf oor hoekom ons gedurende Boomplantweek bome moet plant.

WEEK 4 • MAANDAG • 71



## VISUELE KUNSTE Boomplantdag-prent

**Berei voor**
- Gesels oor die afdrukke wat julle verlede week met natuurlike voorwerpe gemaak het.
- Verduidelik dat daar ook ander maniere is om afdrukke te maak, byvoorbeeld 'n blokafdruk waar party dele van die blok uitsteek en ander weer dieper is (reliëf). Indien moontlik, wys vir die leerders 'n prent van 'n blokafdruk: https://artclasscurator.com/making-art-with-kids-block-printing/

**Aktiwiteit (maak 'n blokafdruk)**
- Gebruik 'n stewige stuk afvalkarton (omtrent 15 $cm^2$) en dik tou of wol.
- Draai die wol rondom die karton sodat die lyne aan die voorkant soos 'n boomstam lyk. Maak die tou/wol met kleeflint aan die agterkant vas.
- Smeer verf op die voorkant van die blok en maak seker dat die tou/wol met dik verf bedek is.
- Begin aan die linkerkant van 'n skoon vel papier (landskap) en druk boomstamme af deur die blok te gebruik. Herhaal totdat die breedte van die vel papier met boomstamme bedek is.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi.**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-Aktiwiteitstasies op bl. 24.

30 min



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bespreek die storie

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Is die storie wat ek gister vertel het 'n ware verhaal? Hoekom of hoekom nie? Hoe weet ons dat die skilpad 'n slim dier was?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf die woorde reg oor

BL 72
15 min




Woorde met 'n **kappie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Plekke en dae (lopend)

BL 68
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 44–49
15 min




**Gedeelde Lees**

- Lees enige twee bladsye van die teks saam met die leerders (nie die vloeidiagram).
- Demonstreer vlotheid en uitdrukking. (Let veral op na leestekens, uitspraak, goeie spoed, hulp om te verstaan.)

**Lees in pare**

- Maats lees beurtelings 'n bladsy en oefen terselfdertyd vlotheid en lees met uitdrukking.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.

## SKRYF — Leesbegrip

BL 73
15 min




**Lees en bespreek die taak**

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer.**





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Bome vir klimaatsverandering*

BL 74

30 min


DATUM

Bome vir klimaatsverandering

Daar is verskillende onsigbare chemikalieë in die lug, soos suurstof en koolstof. Klimaatsverandering vind plaas omdat daar meer koolstof as voorheen in die lug is. Dit veroorsaak dat die aarde warmer raak.

Die blare van bome absorbeer (suig) die koolstof in. Dit vervoer die koolstof na die wortels van die boom en verkoel so die aarde.

Daar is 'n spesiale Afrikaboom wat dit baie goed doen, naamlik die spekboom. Dit het dik, vet blare wat soos sponse is. Hulle absorbeer baie koolstof. Die spekboom het nie baie water nodig nie en groei maklik.

As elkeen 'n spekboom, of enige ander boom, in hul tuin plant, sal dit help om klimaatsverandering te stop.

Teken en kleur 'n prent van die spekboom in.

74 • WEEK 4 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Plant bome om besoedeling te beveg

**Lees en bespreek.**

- Hersien wat leerders oor Boomplantdag weet.
- Lees die vloeidiagram oor hoe om 'n boom te plant.

**Teken**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

BL 75

30 min


DATUM

Plant bome om besoedeling te beveg

**Lees die vloeidiagram oor hoe om 'n boom te plant. Teken 'n prent in elke blok.**

Hoe om 'n boom te plant

1 Grawe 'n gat groter as die wortels van die boom.

2 Gooi kompos op die onderkant van die gat.

3 Plaas die boom in die gat.

4 Vul die gat halfpad met grond en druk die grond stewig vas.

5 Maak die grond nat.

6 Vul die gat tot bo met grond en maak weer nat.

WEEK 4 • DINSDAG • 75



## VISUELE KUNSTE

### Boomplantdag-prent (vervolg)

30 min



**Aktiwiteit (afdruk)**

- Sny 'n blaarvorm (omtrent 5 cm lank) uit 'n polistireenbord en kerf met 'n potlood are daarop, of vind 'n klein blaartjie met prominente are daarop.
- Gebruik dik verf in verskillende skakerings van groen, geel en bruin om die are op die kant van die blaar te bedek.
- Druk aan die bokant van die vel papier (bokant die gedrukte stamme van die vorige dag) blare af om bome te maak.
- Voeg enige kenmerke soos gras, voëls, woud wesens, ens. by deur verf of viltpenne te gebruik.
- Leerders praat oor die verskillende tipes afdrukke en patrone wat hulle gebruik het.

**Vertoon en bespreek**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorvertelling van 'n storie

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink** aan die storie: *Die towerboom*.
- **Pare:** Vertel die storie vir jou maat. (Een maat vertel vandag die storie; die ander een môre.)
- **Deel:** Vra een leerder om die storie vir die klas te vertel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Omkring die woorde

**BL 76**
**15 min**




Woorde met 'n **deelteken**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Plekke en dae (lopend)

**BL 68**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LEES — Oorsig van woordeskat en taal

**15 min**




**Woordeskat (LAB bl. 60)**
- Lees verlede week se flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bron | rivier | besoedel | damme | waterval |

- Leerders kontroleer en korrigeer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB.

**Sinswerk (LAB bl. 64)**
- Skryf die korrekte verbindingsinne op die bord. Leerders kontroleer.
- Leerders lees hul eie sinne vir 'n maat.



## SKRYF — EAT

**BL 77**
**15 min**




**Woordeskat**
- Gesels oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê. Draai elke flitskaart om en sê die woord in Engels:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| source | river | polluted | dams | waterfall |

**Sin**
- Let op die woordeskatwoord. Verdeel die sin in drie dele.
- Engelse sin: A healthy **river/** has a lot of different kinds of fish and tiny animals/ living in the water.
  - Afrikaanse sin: *In 'n skoon, gesonde rivier / is daar verskillende soorte visse en klein diertjies / wat in die water leef.*

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na en korrigeer antwoorde as 'n klas.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Bome vir medisyne*

BL 78
30 min



DATUM

Bome vir medisyne

Party bome word gebruik om medisyne mee te maak. Die blare, wortels en bas van die bome word in laboratoriums getoets om uit te vind of dit enige siektes kan genees. Farmaseutiese maatskappye mag dan pille of medisyne van die chemikalieë van die bome maak.

Tradisionele genesers gebruik ook dele van bome om medisyne te maak. Hulle weet watter bome en plante die beste vir verskillende siektes is.

Dele van bome word soms vir medisyne gebruik, maar dit moet versigtig gedoen word. Indien daar te veel van die bas of blare afgepluk word, of as die wortels beskadig word, kan die boom doodgaan. Indien al die bome doodgaan, kan die siek mense nie gehelp word nie.

In Suid-Afrika is daar baie plante en bome wat sekere siektes kan gesond maak. Die aalwynplant (bitteraalwyn) het chemikalieë in hul blare wat gebruik word om rome te maak. Tradisionele genesers gebruik hierdie plant om brandwonde mee te behandel.

Daar is bevind dat die koorsboom ook genesende chemikalieë bevat. Tradisionele genesers gebruik die geel bas om tee te maak om mense met hartprobleme te help.

Laboratoriums het ook genesende chemikalieë in die kremetartboom se blare en vrugte gevind.

Wat gebeur wanneer ons die bas of wortels van 'n boom beskadig?

78 • WEEK 4 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS — Hoe om ’n boom te plant

**Lees en bespreek**

- Lees weer die vloeidiagram op bl. 75 in die LAB.
- Leerders verduidelik die stappe in hul eie woorde.

**Skryf**

- Leerders skryf ’n proses (stappe) vir hoe om ’n boom te plant in hul eie woorde.

BL 79
30 min



DATUM

Hoe om 'n boom te plant

Lees die vloeikaart wat jy op bladsy 75 voltooi het. Skryf die stappe neer hoe om 'n boom te plant.

Wat jy benodig

Wat jy moet doen

1 
2 
3 
4 
5 
6 

WEEK 4 • WOENSDAG • 79



## UITVOERENDE KUNSTE — Mimiekroetine

**Berei voor**

- Verduidelik dat mimiek toneelspel is wat met aksies of gevoelens gedoen word, sonder woorde, deur slegs ’n volgorde van gebare, uitdrukking en bewegings te gebruik.
- Demonstreer mimiek, byvoorbeeld: borsel jou tande deur oordrewe aksies en gesigsuitdrukkings te gebruik.

**Doen**

- Noem eenvoudige mimiektonele, byvoorbeeld: om uit die bed uit op te staan – gelukkig of traag; kos te proe waarvan jy hou of nie hou nie.
- Leerders mimiek die toepaslike volgorde van aksies.

**Groepe**

- In groepe van twee of drie moet die leerders aan ’n kort storie dink wat hulle kan mimiek.
- Hulle oefen hul mimiek in groepe.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Vertel weer 'n storie

15 min



**Pare-deel**
- Herhaal die vorige dag se aktiwiteit met die tweede maat wat die storie vertel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 80
15 min

Woorde met 'n **kappie** of **deelteken**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.


DATUM

Voltooi die sinne

**Kies die regte woord tussen hakies om die sin te voltooi.**

1. Ek kan al goed met 'n (skêr/skër) knip.
Ek kan al goed met 'n ______ knip.
2. Oupa (se/sê) dit gaan (reën/reën).
Oupa ______ dit gaan ______.
3. Die hen (lê/le) haar eiers in die nes.
Die hen ______ haar eiers in die nes.
4. Ek help my ouers, want ek is (fluks/vluks).
Ek help my ouers, want ek is ______.
5. Daar was tien (plae/plaë) in die Bybel.
Daar was tien ______ in die Bybel.
6. Die (voel/voël) sit in 'n (hoë/hoë) boom.
Die ______ sit in 'n ______ boom.
7. Daar is sewe (dae/daë) in 'n week.
Daar is sewe ______ in 'n week.

80 • WEEK 4 • DONDERDAG

## HANDSKRIF — Plekke en dae (lopend)

BL 68
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## LEES — Vlotheidsoefening

BL 81
15 min

**Lees in pare**
- Maats lees die teks beurtelings.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf die aantal lyne gelees neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**
- Lees die teks saam met die leerders.
- Leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.


DATUM

Vlotheidsoefening

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Die Umgenirivier het sy ontstaan in 'n vlei naby die Drakensberge. Dit word die bron van die rivier genoem.

Op pad see toe is daar baie damme langs die Umgenirivier. Die damme gaar die water op sodat dit skoongemaak kan word en met pype na krane gelei kan word sodat ons dit kan gebruik. Die water word ook gebruik om landerye nat te lei. Soms word die damme vir watersport gebruik.

Die eerste dam in die Umgenirivier is die Midmar-dam. Die Midmar-dam is bekend vir 'n swemkompetisie, naamlik die Midmar-myl. Elke jaar neem duisende deelnemers aan hierdie kompetisie deel. Hulle swem oor die Midmar-dam.

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie. | | |

WEEK 4 • DONDERDAG • 81

## GEDEELDE SKRYF — Vloeidiagram: hoe om papier te maak

15 min

- Kyk na voorbeelde van vloeidiagramme ("Reis van die Umgenirivier"; "Hoe om 'n boom te plant")
- Wat neem jy waar van 'n vloeidiagram? *(Wys vordering of 'n proses. Word as 'n diagram voorgestel. Bevat slegs belangrike punte of stappe. Kort sinne, frases of net woorde. Vloei in een rigting.)*
- Hoekom gebruik ons 'n vloeidiagram? *(Makliker om te lees, maak dinge eenvoudiger en makliker om te verstaan.)*
- Lees *Bome vir papier* op bl. 84 in die LAB saam met die klas.
- Verduidelik dat die leerders môre 'n vloeidiagram oor hierdie teks gaan voltooi om mense te help om die proses te verstaan van hoe papier gemaak word.
- **Kenmerke van 'n vloeidiagram:** 'n Vordering of proses word in volgorde geskryf, pyltjies en ovale word tussen stappe gebruik, word in teenwoordige tyd vertel, gebruik kort sinne of woorde, dis maklik om te verstaan.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Bome vir kos*

BL 82
30 min


DATUM

Bome vir kos

Maroelaboom

Maroelabessies

Keiappels

Die meeste van die vrugte wat ons eet, groei aan bome. Lemoene, appels, perskes, piesangs, papajas, avokadopere en appelkose groei almal aan bome. Suid-Afrika het 'n goeie klimaat om vrugtebome te verbou. Baie mense plant ook vrugtebome in hul tuine. Boere verbou ook vrugtebome.

Daar is egter ook vrugte in Suid-Afrika wat wild in die veld groei. Een hiervan is die maroelabessies wat aan die maroelaboom groei. Dit is vol vitamines om jou gesond te hou. Keiappels is 'n ander wilde vrug wat jy kan eet of waarvan jy konfyt kan maak. Dit kom in die Oos-Kaap voor.

Voordat kinders hierdie wilde vrugte eet, moet hulle eers by volwassenes seker maak of dit veilig is om te eet. Baie bessies lyk baie mooi, maar kan giftig wees en ons siek maak.

Teken 'n paar van die vrugte wat van bome kom.

82 • WEEK 4 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart (bl. 53 in die LAB)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra die vrae.

**Boomplantdag**
1. Boomplantdag word in die eerste week van September gevier.
2. Party mense plant bome op Boomplantdag.
3. Boomplantdag is 'n dag om bome af te kap.

**Klimaatsverandering**
1. Klimaatsverandering gebeur omdat daar meer koolstof in die lug is as voorheen.
2. Klimaatsverandering is goed vir die aarde.
3. Klimaatsverandering is sleg vir die aarde.

**Woude**
1. 'n Woud is een boom op sy eie.
2. Baie bome saam vorm 'n woud.
3. Woude help om klimaatsverandering te beveg.

**EAT** *Arbor Day* (Boomplantdag), *climate change* (klimaatsverandering), *forest* (woud).



## UITVOERENDE KUNSTE

### Mimiekroetine

30 min



**Warm op**
- Maak gelyktydig sirkels met jou gewrigte en heupe, enkels en nek, ens.

**Voer op**
- Groepe voer hul mimiekroetine beurtelings uit.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar oor uitdrukking, gebare en beweging.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink na oor wat julle hierdie week oor bome geleer het.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.



## KLANKE — Spoedlees woorde

BL 83
10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.


DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| haastige | hê | oë | vriendelike | lêer |
| reën | heerlike | sê | voël | breë |
| leë | feë | besige | êrens | geëet |
| nodige | hoflik | veilig | eerlike | môre |
| lê | rustige | twintig | treë | maklike |
| lelike | blêr | stadige | nodig | vêr |
| rustig | lieflike | bêre | stadig | seël |
| treurig | pragtig | vrolike | skêr | hoë |
| giftige | brûe | blitsig | wonderlike | kêrel |
| wêreld | ledige | nêrens | vroeë | manlike |

Hoogste telling: ............ woorde

WEEK 4 • VRYDAG • 83



## HANDSKRIF — Plekke en dae (lopend)

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

BL 68
10 min






## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Ná elke teks, lees die vraag/vrae. Vir die tekste van Maandag tot Donderdag, gee antwoorde; leerders merk self.

**Bespreek die tekste**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.



## SKRYF ASSESSERING 1 — Vloeidiagram: hoe om papier te maak

15 min

- Teken 'n vloeidiagram in jou oefenboek. Kopieer die eerste twee stappe en voltooi.
- Jy kan soveel stappe hê soos jy wil.
- Skryf puntsgewys of in sinne.
- Moontlike punte:
  - Fyn stukkies hout word met chemikalieë gemeng tot 'n pulp.
  - Die pulp word gedroog en platgerol om growwe papier te maak.
  - Die growwe papier word glad gemaak.
  - Papier word gebruik om verskillende produkte te maak.

**Sien na**
- **Let op na:** Korrekte gebruik van die vloeidiagram-templaat, goeie opsomming van stappe, stappe is in logiese volgorde, gebruik teenwoordige tyd, maak seker dat woordeskat- en HF-woorde korrek gespel is.

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Bome vir papier*

**BL 84**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 38 “Die uitwerking van besoedeling”, bl. 14.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 29–30.






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB’e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het ’n tyd geskeduleer om volgende week:**
- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.







# Hoe mense lank gelede geleef het

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Leer oor die lewe in die verlede deur te lees en waar te neem
- Leer hoe om ’n onderhoud met ’n ouer persoon oor hul herinneringe te voer
- ’n Groepdrama skep oor wat hulle geleer het
- ’n Tradisionele Europese volksverhaal van lank gelede lees
- Voorwerpe uit die verlede analiseer en daaroor leer
- Oor patrone in Afrikakuns leer
- Instruksies skryf oor hoe om ’n skoen te maak
- Meer oor museums verstaan
- Voortgaan om met voegwoorde en verbindings/opbreek van sinne te werk.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | denkbeeldige | toweragtige | hoop | beroemd | gewild |
| | *imaginary* | *magic* | *hope* | *famous* | *popular* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | museum | vertoonstuk | inligting |
| | *museum* | *exhibit* | *information* |

**Sin**

*Hy het die leer geneem en twee paar skoene daaruit geknip en dit op die werksbank gelos.*

## MATERIALE

- Taaloefenboek vir skryf, Onafhanklike lees-antwoorde en Handskrif
- Riffelkarton en papiergom vir tegnologie
- Kunsvoorraad
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se skryfboeke
- Verwysingsartikels vir Kunsgalery (LAB bl. 96):
  - https://www.1000hillstourism.co.za/2022/woza-moya-dream-of-africa-chair-tutu-foundation/
  - https://www.forbes.com/sites/yjeanmundelsalle/2019/06/07/esther-mahlangu-one-of-south-africas-most-famous-artists-perpetuates-traditional-ndebele-painting/?sh=2d70f0961501

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike skryf (prosedure); Woordeskat; Sinne; Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde

**Informeel:** Diktee

# Voorwerpe in die museum

*Hierdie storie is die inleiding vir die Lewensvaardigheidtema van hoe mense lank gelede geleef het. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 76). Leerders kan na die illustrasies in die LAB kyk en van die voorwerpe wat bespreek is, identifiseer.*



Die tweeling se onderwyser het die klas na die museum geneem om te gaan kyk na die voorwerpe wat mense lank gelede gebruik het.

Sy het die klas in twee groepe verdeel. Elke groep moes na spesifieke voorwerpe soek. Jennilee se groep moes voorwerpe soek wat ons gedurende beurtkrag goed sou kon gebruik het. Zane se groep moes weer na voorwerpe soek wat ons kon gebruik indien ons nie plastiek gehad het nie.

Jennilee se groep het 'n koolstoof gevind. Hulle het die klein deurtjie van die stoof oopgemaak en die spasie gesien waar die vuur gemaak moes word. "Dit sal goed werk gedurende beurtkrag," het Jennilee gesê. "Al wat jy nodig het, is hout of houtskool om die vuur te maak."



Op die stoof was daar ook 'n baie ou metaal strykyster om klere mee te stryk. "O, ek sien," het Jennilee gesê, "die vuur verhit die boonste deel van die stoof en dan word die strykyster warm." Hulle het ook 'n ander strykyster gekry wat kon oopmaak. Die leerders het gewonder hoe dit werk. Hulle het vir die dame wat in die museum werk, gevra. Sy het verduidelik dat dit 'n steenkool strykyster was. Jy kon baie warm steenkool in die strykyster sit om dit te verhit. "My ouma sal beslis van so iets hou, veral wanneer sy haar strykwerk wil doen en die elektrisiteit gaan af!" het een van die seuns gesê.



Daarna het hulle iets gevind met handvatsels en rollers. Die kurator het gesê dat dit 'n strykmasjien was. Dit is gebruik om die water uit die nat klere uit te druk. Sy het vir hulle gewys hoe jy die nat klere tussen die rollers plaas en dan die handvatsels draai. Die rollers druk dan die water uit die nat klere.

Zane se groep het dadelik gesien dat niks in die museum van plastiek gemaak is nie. Hulle het 'n volstruiseierdop gevind wat die San-mense gebruik het om hul water in te bêre. Hulle het tasse wat van harde leer gemaak is, gevind. Hulle het die skil van 'n harde pampoen gevind en uitgevind dat die mense dit gebruik het om suurmelk in te bêre. Die kurator het gesê dat dit 'n kalbas genoem word. Hulle het kleipotte met klein pootjies gevind, wat deur die vroeë Afrikamense gebruik was om hul kos in warm te hou. Hulle het ook pragtige potte gevind wat gebruik is om Afrikabier in te berg. Hulle het op een afgekom wat die grootte van 'n klein koppie was. Die dame van die museum het gelag en verduidelik dat, wanneer hulle gaste gekry het van wie hulle nie gehou het nie, hulle vir dié gaste bier in die klein koppies sou bedien. Die leerders het gedink dat dit baie snaaks was en saggies gegiggel.



Hul onderwyser het vir hulle verduidelik hoe die mense ál hierdie voorwerpe opgepas het en dit nie ná net een keer se gebruik weggegooi het nie. Sy het vir hulle gevra of hulle aan een groot verskil kan dink wat dit sou maak. "Ek weet," het Zane gesê, "daar sou geen rommel gewees het nie."

"Baie mooi," het die onderwyser gesê. "Geen rommel nie! Sou dit nie wonderlik gewees het nie?"

## MAANDAG

### LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel vir jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** *(wat om te bring, spesiale gebeure, ens.).*



### KLANKE — Skryf jou eie sinne

BL 93
15 min

Meervoude wat 'n **deelteken** kry

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.


DATUM
Skryf jou eie sinne
Kies 'n meervoudswoord uit die blok om 'n sin oor elke prent te skryf.
ploeë verhoë boë oë dialoë
WEEK 5 • MAANDAG • 43

### HANDSKRIF — Maande (lopend)

BL 92
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.


Handskrif
Januarie Februarie
April Januarie
Junie Julie Augustus
Julie Augustus Junie
September November
Desember September
sestig sewentig tagtig
tagtig sestig sewentig
negentig honderd
duisend negentig
42 • WEEK 5

### LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 75
15 min

**Vóór lees**

- Stel die onderwerp van **voorwerpe van lank gelede** bekend.
  - Was julle al in 'n museum? Wat het julle daar gesien?
- Verskaf 'n doel vir luister: Luister om meer uit te vind oor dinge van lank gelede wat jy in 'n museum kan sien.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**

- Waarna het Jennilee se groep gesoek?
- Waarna het Zane se groep gesoek?
- Hoekom het die mense lank gelede minder rommel agtergelaat?
- Verduidelik: Dinge in die museum word *vertoonstukke* genoem?



### MONDELINGE BEGRIP

15 min

- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 94
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Hoe mense lank gelede geleef het

**Stel die konsep bekend**

- Het julle al ooit oudmodiese dinge van lank gelede gesien? Watter voorwerpe van lank gelede kan jy noem?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat weet julle van hoe mense lank gelede geleef het?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week leer van hoe mense lank gelede geleef het? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item van elke ry om in hul KWL-kaarte te skryf.

BL 95
30 min






## VISUELE KUNSTE

### Patrone in Afrika

**Leer meer oor Afrikapatrone**

Afrikakuns word dikwels op patrone gebaseer. Soms is die patrone simmetries, ander kere het dit 'n fokuspunt. Hulle gebruik meestal helder kleure. Dit verteenwoordig die kultuur en erfenis van die mense wat dit maak.

Verduidelik dat wán die kuns nie gemaak word deur verf en lap of papier te gebruik nie. Dit kan ook op geboue of ander voorwerpe geverf word. Dit kan in klei geëts word, soos in die klei vir kleipotte waarvan hulle in Kwartaal 1 geleer het. Of dit kan van ander materiale, soos krale, gemaak word.

**Prente en teks**

- Kyk noukeurig na die eerste twee kunsitems op bl. 96.
- Lees die artikels oor die BMW en die stoel met kralewerk.

**Klasbespreking**

- Word kuns normaalweg op items soos motors en stoele gesien?
- Van watter kunswerk hou julle die meeste? Die motor of die stoel? Hoekom?
- Het julle al ooit Ndebele-skilderye of Zoeloe-kralewerk gesien? Waar?
- Sal jy graag sulke patrone wil maak?

BL 96
30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-atiwiteitstasies op bl. 24.

30 min



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Onderhoude

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat is 'n onderhoud? Het julle al ooit 'n onderhoud op TV gesien? Wat gebeur?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

- **Verduidelik:** Hierdie week gaan julle 'n onderhoud met 'n ouer persoon by die huis voer om uit te vind hoe die lewe lank gelede was. Ons gaan Vrydag gesels oor alles wat julle uitgevind het.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die sinne

**BL 97**
**15 min**




Meervoude wat 'n **deelteken** kry

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Maande (lopend)

**BL 92**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

**BL 86–91**
**15 min**




**Vóór lees**
- Lees en bespreek die titel kortliks.
- Wat is jou gunsteling tipe skoen?

**Gedeelde Lees**
- Lees die vloeidiagram op bl. 86.
- Lees die storie saam met die leerders. Sluit aan by die foto's.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik deur byvoorbeeld die prente of sinonieme te gebruik.
- Laat een leerder toe om die vraag aan die einde van elke bladsy te beantwoord.

**Ná lees**
- Was daar 'n gelukkige einde gewees? Wat het gebeur?

## SKRYF — Leesbegrip

**BL 98**
**15 min**




**Vrae**
- Vestig die aandag op die logo's.
- Leerders sal na die storie moet verwys vir antwoorde (nie na die vloeidiagram nie).

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer.**



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Skoene toe en nou*

BL 99
30 min






## AANVANGSKENNIS

### ’n Besoek aan ’n museum

BL 100
30 min

**Lees en bespreek**
- Verduidelik dat die voorwerpe in die prente is soos die vertoonstukke wat jy dalk in ’n museum mag sien. Bespreek wat die leerders al reeds weet omtrent wat in ’n museum gevind kan word.
- Verduidelik dat baie museums natuurlike geskiedkundige items, sowel as historiese items, het maar in hierdie les gaan ons spesifiek na dinge van lank gelede kyk.
- Herinner hulle aan die storie van die besoek aan ’n museum.
- Identifiseer watter items ons gedurende beurtkrag kan gebruik, en watter items in plaas van plastiek gebruik kan word.
- Leerders lys ander outydse voorwerpe waaraan hulle kan dink.

**Skryf**
- Voltooi die LAB-aktiwiteit.






## VISUELE KUNSTE

### Ontwerp ’n herhalende patroon

30 min

**Inleiding**
- Herinner leerders aan die prente van die Afrikakunspatrone wat hulle gesien het (LAB bl. 96).
- Wys vir hulle addisionele prente van kralewerk, Afrikalap, geverfde Ndbele-huise, ens. Indien moontlik, wys vir hulle die werklike voorwerpe.
- Wys uit hoe die patrone herhaal word, byvoorbeeld: Dieselfde elemente van die patroon (kleur of vorms) word oor en oor gesien.
- Kyk ook: https://www.ckjs.org.uk/Home_Learning/Year_3/Summer_Term/Week_6_1st_June/Art_Presentation.pdf

**Aktiwiteit (potlood en papier)**
- Vou ’n vel A4-papier in vier horisontale stroke.
- Deur ’n potlood en liniaal te gebruik, eksperimenteer en teken ’n ontwerp van ’n herhalende patroon in elke blok.
- Elke blok moet ’n ander patroon bevat.
- Leerders kies die patroon waarvan hulle die meeste hou en kleur dit met viltpenne of skerp inkleurpotlode in.



**Bêre dit veilig tot volgende week.**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Ouer mense wat jy ken

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wie is die oudste persoon wat julle ken? Wat sal julle vir hulle vra wanneer julle 'n onderhoud oor die lewe in die verlede met hulle voer?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Soek die woorde

BL 101
15 min




Woorde met **-ae**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Maande (lopend)

BL 92
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Woordeskat

BL 86–91
15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op die flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| denkbeeldige | toweragtige | hoop | beroemd | gewild |

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die storie **saam met** die leerders.
- Woordsoek: Terwyl jy lees, merk die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks.
- Hulle kan elke nuwe woord onderstreep of omkring. Sommige woorde kom meer as een keer voor.

**Leerders sorteer die flitskaarte** alfabeties.

## SKRYF — Woordeskat

BL 102
15 min




**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon die flitskaartwoorde** op die Woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Motors toe en nou*

BL 103
30 min


DATUM

Motors toe en nou

Toe motors die eerste keer uitgevind is, het dit nie 'n windskerm of deur gehad nie. Soms het dit net drie wiele gehad! Daar is eers van stoom gebruik gemaak om dit te laat beweeg. Dit het baie lank geneem om 'n motor te vervaardig en dit was baie duur.

In Amerika het Henry Ford 'n motorfabriek opgerig. Hy wou hê dat gewone mense ook motors moes kon bekostig. Sy motors het brandstof gebruik. Hy het ook windskerms en spoedmeters in sy motors gesit. Dit was baie geriefliker en makliker om te bestuur, maar hy het slegs swart motors vervaardig.

Motorfabrieke reg oor die wêreld het begin om motors in verskillende style te vervaardig. Motors het geriefliker en veiliger geword, en het sitplekgordels en lugsakke gehad. Motors was ook in verskillende kleure beskikbaar.

Vandag weet ons dat om brandstof vir motors te gebruik nie baie goed vir die klimaat is nie. Mense het onlangs motors begin ontwerp wat met elektrisiteit werk. Dit mag dalk die motors van die toekoms wees.

1 Skryf oor wat jy van outydse motors geleer het.
2 Huiswerk: Vra vir die oudste persoon wat jy ken oor hul klere van lank gelede.

WEEK 5 · WOENSDAG · 103



## AANVANGSKENNIS

**Skoene van lank gelede**

**Lees en bespreek**
- Lees die inligting en prente.
- Bespreek die verskillende soorte skoene wat gewys word.

**Skryf**
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Hulle pas die inligtingsbokse by die korrekte prente.

BL 104
30 min


DATUM

Skoene van lank gelede

Pas die prent by die korrekte inligting.

**Izimbadada**
In Suid-Afrika maak sekere mense skoene van herwinde motorbande. Dit word *izimbadada* genoem. Dit is vernoem na die geluid wat die skoene maak as jy loop. Dit is baie gewild onder mense wat tradisionele klere dra.

**Veldskoen**
Toe die Nederlandse setlaars Kaap toe gekom het, het hulle gesien dat die Khoisan-mense eenvoudige leerskoene dra om hul voete mee te beskerm. Die skoene was aanmekaargewerk en het geen spykers ingehad nie. Velskoen beteken "skoen van vel". Dit het baie gewild geraak, want dit was sterk en maklik om reg te maak.

**Rubberstewel**
Myners in die goudmyne het rubberstewels gedra om hul voete in die diep water in die myne te beskerm. Hulle het hul stewels gestamp en geklap om boodskappe na mekaar te stuur, want hulle was nie toegelaat om ondergronds met mekaar te praat nie. Rubbersteweldans het baie gewild onder die myners in hul vrye tyd geword. Vandag word rubberstewels van plastiek gemaak, maar rubberstewelдanse is steeds gewild.

**Tekkies**
In Suid-Afrika noem baie mense sportskoene "tekkies". Hierdie skoene word van seil (doek) gemaak en het rubbersole. Vandag is tekkies baie gewild omdat dit gemaklik is en nie duur is om te maak nie. Swart tekkies word soms met krale versier en saam met tradisionele Afrikaklere gedra.

104 · WEEK 5 · WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

**Berei voor vir dramatisering**

**Berei voor**
- Hersien die onderhoude wat die leerders met die ouer mense gevoer het.
- As 'n klas noem die leerders van die ouer mense met wie hulle onderhoude gevoer het, en wat hulle vir hulle vertel het.

**Groepe**
- Leerders werk in groepe van ses.
- Hulle bespreek hul onderhoude en kies een aktiwiteit waarvan hulle gehoor het, byvoorbeeld: Hoe dit destyds was om met die trein winkels toe te gaan.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT
**Voer onderhoud met ouer persoon**

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Hoe tree jy beleefd en respekvol op wanneer jy 'n onderhoud met 'n ouer persoon voer?
- **Pare:** Maak beurte met jou maat om te rolspel hoe om vir 'n ouer persoon te vra om 'n onderhoud met hulle te voer.
- **Deel** met die klas (een of twee pare).
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE
**Skryf die regte woord**

BL 105
15 min




Meervoude met **-ae**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF
**Maande (lopend)**

BL 92
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES
**Taal**

15 min




**Stel die sin bekend**
- Lees die sin op die bord.
- Leerders vind en onderstreep die sin in die teks op bl. 86-91.

**Verbind sinne**
- Identifiseer en onderstreep al die selfstandige naamwoorde (leer, skoene, werksbank) en voornaamwoorde (hy, dit) in die sin.
- Hersien wat 'n voegwoord of verbindingswoord is.
- Hersien hoekom ons voegwoorde gebruik. *(verhoed herhaling, skep langer sinne, maak hakerige skryfwerk glad/vlot)*
- Bespreek hoekom ons soms aparte, kort sinne gebruik. *(makliker om te lees, help om te verstaan)*
- Gebruik die LAB om die leerders te help om die voorbeeldsinne te verbind (pas) en dan weer te skei.



## SKRYF
**Taal**

BL 106
15 min




**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Klere toe en nou*

BL 107

30 min


DATUM

Klere toe en nou

Lank gelede, toe mense nog jagters was, het hulle klere van die diere se velle gemaak. Vandag mag dierevelle slegs na spesiale tradisionele geleenthede gedra word.

Toe mense uiteindelik materiaal kon maak, het hulle begin om klere met meer besonderhede te maak. In Afrika is materiaal van katoen, soos die Kentelap, gebruik. Op ander plekke is sy en wol gebruik. Vir sommige kledingstukke het ons baie materiaal nodig.

Mettertyd het klere makliker geword om te was en meer gemaklik om te dra. Vandag is daar honderde soorte materiale om van te kies; uit die natuur en kunsmatig. Elke jaar skep ontwerpers nuwe style klere met hierdie materiale. Virgil Abloh is 'n beroemde klereontwerper wat in die VSA werk. Hy ontwerp klere wat baie gewild is.

Om klere te maak is nie altyd goed vir die planeet nie omdat dit so baie hulpbronne verbruik. Klerefabrieke kan ook riviere besoedel. Ons moet probeer om ons klere te hergebruik of te herwin eerder as om nuwes te koop.

1 Skryf oor wat jy oor klere van lank gelede geleer het.

2 Huiswerk: Vra vir die oudste persoon wat jy ken oor elektrisiteit van lank gelede.

WEEK 5 · DONDERDAG · 107



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart (bl. 95 in die LAB)**

- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**

- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra vrae.

**museum**

1. Dinge van lank gelede kan in museums gevind word.
2. Sommige museums het ook ander voorwerpe soos plante, diere en insekte.
3. Alle museums is presies dieselfde.

**vertoonstuk**

1. Dinge wat in 'n museum uitgestal word, word vertoonstukke genoem.
2. Vertoonstukke kan ware items of prente wees.
3. Alle vertoonstukke is dieselfde.

**inligting**

1. Inligting is gewoonlik feite oor 'n persoon of 'n voorwerp.
2. Mense kan ook vir jou inligting gee.
3. Inligting kan ook neergeskryf word.

**EAT** *museum* (museum), *exhibit* (vertoonstukke), *information* (inligting)



## UITVOERENDE KUNSTE

### Berei 'n toneel voor

30 min



**Stel bekend**

- Herinner leerders aan die aktiwiteit wat hulle die vorige dag bespreek het.

**Oefen**

- In groepe oefen die leerders hul tonele.
  - Kies die karakters.
  - Skryf die dialoog.
  - Vind of maak rekwisiete.
  - Oefen die toneel.
- Hulle sal hierdie toneel in Week 6 vir assessering opvoer.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat het jy alles uitgevind gedurende jou onderhoud met 'n ouer persoon?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Diktee

BL 108
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Woorde:** vrae en vrugte

**Sinne:**
Sin 1: Maandae tel ons die leë blikkies op.
Sin 2: Vrydae is Ouma se knieë seer.
Sin 3: Op die dae wat dit reën, dra ons jasse.

## HANDSKRIF — Maande (lopend)

BL 92
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Hierdie tekste gaan almal oor mense se besorgdheid oor die omgewing. Waarvan het jy die meeste gehou? Hoekom?

**Sien na:**
- Neem in en parafeer slegs of lewer algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Hoe om skoene te maak

15 min




- Leerders skryf instruksies oor hoe om skoene te maak.
- Hulle gebruik die vloeidiagram op bl. 86 in die LAB as riglyn vir woordeskat en prosedure.
- Die eerste twee sinne word gegee.
- Stop die leerders 5 minute voor die einde van die les.
- Hulle lees wat hulle geskryf het, vir 'n maat.
- Bespreek: Wat is makliker vir julle om te verstaan? Die diagram of die teks? (Daar is geen korrekte antwoord nie.)
- **Let op na:** duidelike, gedetailleerde instruksies; instruksies wat verder as die sinne in die vloeidiagram strek.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Om elektrisiteit te maak – toe en nou*

**BL 109**

**30 min**


DATUM

Om elektrisiteit te maak – toe en nou

Daar is verskillende maniere om elektrisiteit te maak. Party maniere is egter beter as ander.

Die meeste elektrisiteit word opgewek (gemaak) deur masjiene wat met stoom aan die gang gehou word. Water word verhit sodat dit kook en dan word stoom gemaak. Steenkool, gas en olie kan gebruik word om die water te verhit. Maar om hierdie goed te laat brand, is skadelik vir die lewende dinge op aarde. Ook is daar slegs 'n sekere aantal steenkool, gas en olie in die wêreld, en daarvan kan ons nie méér maak nie. Wat gebeur as dit alles opraak? Hoe anders kan ons elektrisiteit kry?

Ingenieurs is tans besig om nuwe maniere te ontwikkel om elektrisiteit te vervaardig wat beter en veiliger vir ons planeet aarde is. Vallende en vloeiende water kan ook gebruik word om elektrisiteit te maak (hidroëlektriese krag in damme). Ons kan ook elektrisiteit uit die son se strale (sonkrag) en uit wind opwek. Selfs die see se branders kan gebruik word om elektrisiteit mee te maak. Hierdie nuwe maniere sal help om klimaatsverandering te voorkom.

Wanneer ons kragstasies breek, het ons beurtkrag. Skryf oor wat jy doen wanneer daar soms beurtkrag is.

WEEK 5 - VRYDAG - 109



## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 39 “Hoe mense lank gelede geleef het”, bl. 14 en 15.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2– bl. 38–39.






## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.







# Hoe mense lank gelede geleef het

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oor verskillende Afrika-artifakte uit die verlede lees, en verstaan wat dit vir ons vertel
- Na ’n ouma se storie oor die destydse lewe in Suid-Afrika luister
- Dink en gesels oor die oudste voorwerp in hul huis
- Meedeel wat ’n ouer persoon hulle vertel het
- ’n Persoonlike storie oor iets uit die verlede skryf
- Voortgaan om met voegwoorde te werk en sinne te verbind
- Die tegnologiese proses gebruik om ’n paar skoene te maak.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | denkbeeldige | toweragtige | hoop | beroemd | gewild |
| | *imaginary* | *magic* | *hope* | *famous* | *popular* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | ondersoek | ontwerp | toets |
| | *investigate* | *design* | *test* |

**Sin**

*Hy het die leer geneem en twee paar skoene daaruit geknip, en dit op die werksbank gelos.*

## MATERIALE

- Kartonbokse (riffelkarton) om skoene te maak
- Skêre, gom, verf, ens.
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke

## ASSESSERING

**Informeel:** Spoedlees van woorde, Onafhanklike skryf (iets uit die verlede), Handskrif, Vlotheidsoefening, AK-aktiwiteite.

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Di.–Do. | Luister en Praat 1: Aanbieding – Iets uit lank gelede | MONDELING | OG bl. 90, 92, 94 |
| Di. | Luister en Praat 2: Luisterbegrip – Dinge wat my ouma se ouma vir haar vertel het | LAB bl. 115 | OG bl. 90 |
| Ma.–Di. | Visuele Kunste 1: Afrikapatroonkuns | PRAKTIES | OG bl. 89, 91 |
| Di. | Uitvoerende Kunste 1: Groepdramatisering | PRAKTIES | OG bl. 93, 95 |
| Vr. | Liggaamsopvoeding 1: Speletjies | PRAKTIES | OG bl. 97 |

# Dinge wat my ouma se ouma haar vertel het

*Die onderwyser lees hierdie storie op Maandag (sien OG, bl. 88)*



My ouma vertel vir my dinge wat haar ouma haar vertel het. Ek hou daarvan om na haar te luister.

My ouma vertel dat toe haar ouma nog klein was, hulle nie in baksteenhuise gewoon het nie. Hulle het in 'n pragtige ronde huis, wat van gras gemaak is, gewoon. In isiZoeloe staan hierdie huise bekend as *amaqhugwana*. Hierdie huise was baie gerieflik om in te woon. Wanneer dit buite baie warm was, was dit heerlik koel in die binnekant en wanneer dit weer koud buite was, was dit warm in die binnekant.

Om hierdie huise te maak, het hulle begin deur 'n raamwerk van hout te maak. Hulle het dan dik dekrietgrasse gebruik om die raam mee te bedek. Elke familie het 'n paar van hierdie dekriet- of strooidakhuise gehad. Elke huis het 'n klein deurtjie gehad, en mense moes buk om te kon ingaan.

My ouma se ouma het ook hul familie se Nguni-beeste onthou. Nguni-beeste verskil van die ander beeste. Hulle is die pragtigste beeste in die hele wêreld. Hulle velle is 'n mengsel van wit, swart en bruin en elke koei se vel het 'n ander patroon.

My ouma se pa het baie beeste gehad en hy het elke koei se kleurskema geken. Hy het daarvan gehou om hulle in die *isibaya* (kraal) te sien inkom ná 'n lang dag waar hulle buite in die veld gewei en gras geëet het. Die vee het saans in die isibaya (kraal) geslaap.

Onder die *isibaya* was 'n droë put waarin hulle die mielies gestoor het. Die put was snags veilig.

My ouma se ouma het ook onthou hoe haar ma Zoeloe-bier in kleipotte gemaak het vir mense om te drink. Maar die Zoeloe-bier is ook vir iets ander gebruik. Luister mooi om te verstaan.

Rysmiere is insekte wat soos groot miere lyk, maar hulle eet blare en stokke, terwyl miere dieselfde kosse as mense eet. Soms het die rysmiere die kraal aangeval. Hulle wou die droë mielies in die put en die gras van die grashuise eet. Die mense moes dus planne maak om die rysmiere weg te hou.

Om die rysmiere te keer om die droë mielies te eet, was daar 'n digte deksel op die put. Lug kon dus nie inkom nie. Wanneer die rysmiere in die put gekom het, het hulle doodgegaan omdat hulle nie kon asemhaal nie.

Om te keer dat die rysmiere die grashuise eet, het die vroue die oorskiet Zoeloe-bier reg rondom die grashuise gegooi. Miere het gekom om die suiker in die bier te eet. Die miere sou nie die rysmiere deurlaat nie, en so kon die rysmiere nie die grashuise beskadig nie.

Ouma sê dat die mense van die ou dae baie slim en kreatief was!

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT Nuus

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle die afgelope naweek tyd spandeer of met 'n ouer persoon gesels? Wat het julle by hulle geleer?
- **Pare:** Vertel vir jou maat. Wees gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).

**Berei hulle ook voor vir die Luister en Praat Assessering die volgende dag.** Hulle moet óf met 'n ouer persoon gesels, óf die oudste item in hul huise vind.

## KLANKE Rangskik in volgorde

**BL 111**
**15 min**




Dae van die week

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF Sinne (lopend)

**BL 110**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES Onderwyser lees hardop

**TG BL 87**
**15 min**



**Vóór lees**
- Het jul oumas al ooit vir julle iets vertel wat hul oumas destyds gedoen het?
- Luister na *Dinge wat my ouma se ouma haar vertel het*.

**Ná lees**
- Hoekom het Ouma gesê dat die mense slim was in daardie dae?

## E-KLASKAMER

**15 min**



- Onderrig 'n les vanuit die E-klaskamer.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 112
30 min


DATUM

Lees die sinne

Die katjie is spelerig.

Die atleet is vinnig.

Die skilpad loop stadig.

Ouma se kos is smaaklik.

Die slang is giftig.

Wie is vinnig?

112 · WEEK 6 · MAANDAG



## AANVANGSKENNIS

Maak skoene

**Ondersoek**

- Sê vir die leerders dat hulle gaan deel hê aan 'n tegnologiese proses om skoene te maak. Hierdie proses begin met 'n **ondersoek** waartydens hulle soveel as moontlik inligting moet versamel.
- In klein groepies dink die leerders oor die belangrikheid van skoene, hul eienskappe en moontlike materiale wat gebruik word.
- Hulle voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Ontwerp**

- Die volgende stap in die tegnologiese proses is vir die leerders om 'n skoen te ontwerp.
- Hulle werk op hul eie en teken 'n ontwerp.

BL 113
30 min


DATUM

Maak skoene

Ondersoek

1 Watter kenmerke van skoene is belangrik? Merk die woorde af waarmee jy saamstem.

kleurvol, gemaklik, hou jou voete warm, modern, hou jou voete droog, mooi, sterk, duur

2 Watter dele van 'n skoen is belangrik? Maak 'n lys.

3 Indien jy nie leer of 'n spesiale masjien het nie, wat kan jy gebruik om skoene mee te maak? Maak 'n lys van enigiets waaraan jy kan dink.

Ontwerp

Teken 'n paar skoene wat jy graag sal wil maak. Skryf byskrifte by die verskillende dele.

WEEK 6 · MAANDAG · 113



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

### Herhalende Afrikapatrone

**Berei voor**

- Gesels oor die twee voorwerpe met patrone waarvan julle in Week 5 gelees het – die stoel en die BMW.
- Herinner die leerders aan die herhalende patroon wat hulle verlede week ontwerp het.

**Aktiwiteit (teken)**

- Leerders kies 'n voorwerp wat hulle dink mooi sal lyk met 'n herhalende patroon daarop.
- Gee 'n paar voorstelle, byvoorbeeld, 'n huis, 'n bak, 'n pot, 'n beker, ens.
- Leerders teken die buitelyne van die voorwerp op gewone papier. Hierdie tekening moet die hele papier vol wees.
- Hulle teken hul eie herhaalde patroon in potlood op die voorwerp.
- Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi.

30 min



**Sien na:** Sien bl. 147
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

30 min



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Iets uit die verlede**

15 min




Skryf die sinsbeginners op die bord. Los dit op die bord vir hierdie week en volgende week (Week 7). Probeer om 5–6 leerders daagliks hul praatjies te laat doen.

**Stel die assesseringstaak bekend**

- Van môre af sal elke leerder ’n kort praatjie vir Kwartaal 3 praatassessering lewer. Lees die sinsbeginners en verduidelik dat leerders ’n onderwerp kan kies. Jy kan ’n voorbeeld van elkeen gee.

**Dink-pare-deel**

- **Dink** oor wat julle wil praat.
- **Pare:** Oefen jou aanbieding: Vertel vir jou maat waaroor jy gaan praat en wat jy gaan sê.

**Verduidelik waarna jy gaan oplet:**

- Goeie aanbieding (*houding, oogkontak, duidelike, harde stem*)
- Goeie inleiding (*Ek gaan praat oor …*)
- Interessante onderwerp, m.a.w. ’n goeie verduidelik van die onderwerp/waarvoor dit gebruik is of duidelike oorvertelling van iets wat deur ’n ouer persoon oor die lewe van lank gelede vertel is
- Goeie mondelinge taal (taal)
- Interessante woorde (woordeskat)

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10

## KLANKE

**Skryf die woorde reg oor**

BL 114
15 min

Dae van die week

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF

**Sinne (lopend)**

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES EN HARDOPLEES

**Hardopleesstorie**

15 min

- Lees weer die hardopleesstorie: Dinge wat my ouma se ouma vir haar vertel het.
- Lees sonder om te stop om te verduidelik of vrae te vra.




## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

**Luister en begrip**

BL 115
15 min

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.




**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 5





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *'nBrief uit die verlede – kopstutte*

BL 116
30 min


DATUM
'n Brief uit die verlede – kopstutte
116 · WEEK 6 · DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Maak jou eie skoene

**Berei voor**

- Herinner leerders dat hulle deur 'n proses werk om skoene uit afvalmateriaal te maak: Hulle het reeds **ondersoek** en **beplan**, en hulle sal nou hul skoene **maak**.

**Maak**

- In pare lees leerders die prosedure om skoene uit kartonbokse te maak.
- Hulle begin om hul eie paar skoene te maak.
- Laat hulle toe om kreatief te wees en die prosedure te gebruik om by hul eie ontwerp en beskikbare materiale te pas

BL 117
30 min


DATUM
Maak jou eie skoene
Wat jy benodig
Wat jy moet doen
WEEK 6 · DINSDAG · 117



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

### Herhaalde patroon (vervolg)

**Aktiwiteit (kleur in of verf)**

- Leerders kleur die patroon op hul bladsy in deur helder kryte of verf te gebruik.
- Hulle knip óf hul voorwerp uit en plak dit op 'n eenvoudige agtergrond, óf kleur die agtergrond met 'n donker kleur in sodat die patrone kan uitstaan.

**Vertoon en bespreek**

- Leerders verduidelik hoe die patroon die voorwerp mooier en bruikbaarder maak.

**Sien na:**
Sien bl. 147
**Punte:** 5

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

15 min



### Iets uit die verlede (vervolg)

**Voer op**

- Assesseer 'n paar kinders vandag.
- Begin met die leerders wat meer selfvertroue het.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10



## KLANKE Soek die woorde

BL 118
15 min




Dae van die week

- Doen vinnige klank
- herkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Sinne (lopend)

BL 110
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES Oorsig van woordeskat en taal

15 min




**Woordeskat (LAB bl. 102)**

- Lees die flitskaarte van die vorige week:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| denkbeeldige | toweragtige | hoop | beroemd | gewild |

- Leerders kontroleer die vorige week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer dit.

**Sinswerk (LAB bl. 106)**

- Skryf die korrekte verbindingsinne op die bord. Leerders kontroleer.
- Leerders lees hul eie sinne vir 'n maat.



## SKRYF EAT

BL 119
15 min




**Woordeskat**

- Gesels oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê. Draai die flitskaart om sê die woord in Engels:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| imaginary | magic | hope | famous | popular |

**Sin**

- Bespreek hoe om die eerste sleutelsin in Engels uit te druk.
- Voorsien die woorde vir *leer*, *skoene* en *werksbank*.
- Deel die sin in twee dele. Onderrig die woord ***and***
  - Hy het die leer geneem en twee paar skoene daaruit geknip, en dit op die werksbank gelos.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na en korrigeer antwoorde as 'n klas.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A



- **Onafhanklike Werk:** *'n Brief uit die verlede – Benin se Brons*

**BL 120**
**30 min**


DATUM

'n Brief uit die verlede – Benin se Brons

Standbeelde wat lank gelede gemaak is, is soos 'n brief uit die verlede.
Lank gelede was daar Afrikakonings wat in die land Benin gewoon het. Die konings het 'n baie groot paleis, so groot soos 'n dorpie, gehad. Hulle wou hê dat die paleis baie mooi moes lyk, en het kunstenaars aangestel om die paleis te versier. Die kunstenaars het standbeelde van metaal van die belangrike mense wat daar gewoon het, gemaak.
Benin het later deel van die land Nigerië geword. Omdat die standbeelde van metaal gemaak was, het die mense die standbeelde Benin se Brons (brons is 'n soort metaal) genoem.

**Wat Benin se Brons vir ons van die mense van lank gelede vertel:**
Dit vertel vir ons dat die konings van Benin baie ryk en magtig was omdat hulle groot paleise gehad het en baie werkers in hul diens aangestel het. Die standbeelde wys vir ons hoe die mense in die paleis gelyk het en watter klere hulle gedra het. Omdat die standbeelde van metaal, soos brons, gemaak was, weet ons dat die Benin-mense myne gehad het waar die metaal uit die grond gehaal kon word om te smelt.

Teken 'n standbeeld wat jy graag wil maak.

120 · WEEK 6 · WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Dink oor jou skoene

**Lees en bespreek**

- Herinner leerders aan die verskillende stadiums van die tegnologiese proses. Verduidelik dat hulle hul skoene gaan **toets**, **evalueer** en daaroor gaan **kommunikeer**.
- Lees die gedeelte oor toetsing van die skoene (Vraag 1).
- Lees die gedeelte oor evaluering van die proses (Vraag 2).
- Lees die gedeelte oor hoe om oor die proses te praat (Vraag 3).

**Skryf**

- Leerders beantwoord die vrae in die LAB.

**BL 121**
**30 min**


DATUM

Dink oor jou skoene

**Beantwoord die vrae oor die skoene wat jy gemaak het.**

1 Maak 'n merkie in die korrekte kolom.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Het die skoene gepas? | | |
| Kan jy dit dra sonder dat dit gebreek het? | | |
| Het dit mooi gelyk? | | |
| Het dit jou voete teen die grond beskerm? | | |
| Kan jy dit op enige plek dra? | | |

2 Was jy gelukkig met jou skoene? Verduidelik hoekom.

3 Indien jy "Nee" by een van die stellings gemerk het, verduidelik hoe jy daardie deel kan verbeter.

WEEK 6 · WOENSDAG · 121



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

### Voer 'n toneel van lank gelede op

**Voer op**

- Die helfte van die groepe voer hul toneelstuk vir die klas op.

**Evalueer**

- Moedig positiewe kommentaar ná elke opvoering aan.
- Lewer kommentaar oor die karakters, dialoog, rekwisiete en aksies.

**30 min**

**Sien na**: Sien bl. 148
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**25 min**



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

15 min



### Iets uit die verlede (vervolg)

**Voer op**

- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10



## KLANKE Rangskik in volgorde

BL 122
15 min

Dae van die week

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.


DATUM

Rangskik in volgorde

Maandag Dinsdag Woensdag Donderdag
Vrydag Saterdag Sondag

**Vul die dae van die week in die regte volgorde van Maandag tot Sondag in die gedig in.**

1 ______ gaan ons skool toe, begin die week se werk.
2 ______ doen ons sport; dit maak ons fiks en sterk.
3 ______ sing ons lekker saam, en speel ons op die trom.
4 ______ moet ons hard leer om die toets deur te kom.
5 ______ is dit lekker lag; ons weet dis amper tyd vir braai en swem en vir ontspan, en vir 'n sportwedstryd.
6 ______ is besig; ons help in die kombuis.
7 ______ gaan ons kerk toe, en rus dan by die huis.

122 • WEEK 6 • DONDERDAG



## HANDSKRIF Sinne (lopend)

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9






## LEES Vlotheidsoefening

BL 123
15 min

**Lees in pare**

- Maats lees die teks beurtelings.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf die aantal lyne gelees, neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om aan te hou om die leesteks tuis te oefen.


DATUM

Vlotheidsoefening

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Die volgende oggend het die skoenmaker se 7
vrou gesê: "Daardie klein mannetjies het ons uit 15
armoede gered. Ons moet regtig wys dat ons 23
dankbaar is. Ek dink nie hulle het enige mooi 32
klere nie, want hul klere is stukkend. Ek sal vir 42
hulle klein hempies, jassies en broekies maak, en 50
vir hulle sokkies brei. Jy kan vir hulle twee paar 60
klein skoentjies maak." 63
Die man het gesê: "Ek sal dit met die grootste 73
plesier doen. Dit sal ons manier wees om vir 82
hulle dankie te sê." 86
Albei van hulle het baie hard gewerk en 94
daardie aand het hulle hul geskenkies, in plaas 102
van die leer, op die werksbank gelos. 109

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie. | | |

WEEK 6 • DONDERDAG • 123



## GEDEELDE SKRYF Iets van lank gelede

15 min

- Gesels oor die mondelinge opvoerings wat die klas hierdie week aangehoor het.
- Maak 'n lys van die dinge waaroor die leerders tot dusver gepraat het.
- Kies één om saam met die klas oor te skryf as Gedeelde Skryf.
- **Kenmerke wat jy kan beklemtoon:** Die gebruik van verbindingsinne en voegwoorde *(sluit aan by taal)*, konsekwente gebruik van tydvorme, verslaggewende teks *(indien geskryf word oor wat ouma gesê het)*, goeie byvoeglike naamwoorde *(beskrywing van voorwerp van lank gelede)*, interessante besonderhede wat skryfwerk jou eie maak (*die telefoon was swart met roterende nommersleutels*).






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *'n Brief uit die verlede – ou kralewerk*

**BL 124**
**30 min**


DATUM

'n Brief uit die verlede – ou kralewerk

Die San-mense wat lank gelede in Suid-Afrika gewoon het, het krale gebruik om juweliersware mee te maak. Die krale is van volstruiseiers gemaak. Later het mense krale van klein klippies, klei of bene gemaak. Handelaars van ander lande het glaskrale na Suid-Afrika gebring. Een so 'n sakkie krale het een koei gekos. Die krale is gebruik om pragtige klere en juweliersware mee te maak. Hulle is deur mans en vrouens na spesiale seremonies, soos troues, gedra.

**Wat die ou kralewerk vir ons van die mense van lank gelede vertel:** Kralewerk van lank gelede vertel vir ons dat mense eers krale gemaak het deur materiale uit die natuur te gebruik. Die voorwerpe wat gemaak is, wys vir ons dat die mense kon ontwerp en pragtige patrone met die krale kon maak. Wanneer ons dinge sien wat met glaskrale gemaak is, weet ons dat die mense van lank gelede met ander lande handel gedryf het. Dit is interessant, want dit was voordat daar motors, treine en vliegtuie was.

Teken 'n halsnoer wat jy van krale kan maak. Gebruik 'n sirkel om elke kraal te wys.

124 · WEEK 6 · DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

**30 min**

**KWL-kaart (bl. 95)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra die vrae.

**ondersoek**
1. Om te ondersoek beteken om iets uit te vind.
2. Jy ondersoek iets omdat jy alreeds alles daaroor weet.
3. Jy ondersoek iets omdat jy meer inligting wil bekom.

**ontwerp**
1. Om iets te ontwerp is om dit uit mekaar te haal.
2. Een manier om iets te ontwerp is om 'n prent van dit wat jy wil hê te teken.
3. Nóg 'n manier van ontwerp is om 'n klein model te maak van dit wat jy wil hê.

**toets**
1. Om iets te toets is om te kyk of dit werk of nie.
2. Om iets te toets is om iets daarmee te probeer doen.
3. Ons toets iets om punte te kry.

**EAT** *investigate* (ondersoek), *design* (ontwerp), *test* (toets)



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

**30 min**

### Voer 'n toneel van lang terug op

**Voer op**
- Die helfte van die groepe voer hul opvoerings vir die klas op.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke opvoering aan.
- Lewer kommentaar oor die karakters, dialoog, rekwisiete en aksies.

**Sien na:**
Sien bl. 148
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



WEEK 6 • HOE MENSE LANK GELEDE GELEEF HET

## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat het julle oor die lewe van lank gelede hierdie week geleer?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Wat sal jy anders doen wanneer jy met 'n ouer persoon praat?

### KLANKE — Spoedlees woorde

BL 125
10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.


DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| doe | oë | droë | vroeë | ploeë |
| Maandag | vlae | boë | haastige | hê |
| twintig | Dinsdag | sae | oulike | geëet |
| rustige | nodig | Woensdag | slae | maklike |
| seël | stadig | wonderlike | Donderdag | plae |
| vêr | kêrel | ledige | wêreld | Vrydag |
| krae | sê | voël | breë | skêr |
| Saterdag | lae | hoë | maer | môre |
| lêer | Sondag | vrae | moeë | hael |
| nêrens | veilig | dialoë | mae | verhoë |

Hoogste telling: ______ woorde

WEEK 6 • VRYDAG • 125

### HANDSKRIF — Sinne (lopend)

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




### LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-tekste hardop **vir** die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Leerders lees of kyk na mekaar se antwoorde.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie. Lewer kommentaar op goeie kunswerk.

### ONAFHANKLIKE SKRYF — Iets van lank gelede

15 min

- Leerders skryf oor iets van lank gelede.
- Herinner leerders aan voegwoorde wat skryfwerk beter laat klink.
- **Let op na** (volgens die onderwerp wat gekies is): Korrekte gebruik van die verlede tyd, oorvertelde toespraak (wat ouma gesê het), byvoeglike naamwoorde (beskrywing van die voorwerp), verbindingsinne, interessante besonderhede, goeie keuse van die onderwerp en samehangende skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *'n Brief uit die verlede – kleipotte*

BL 126

30 min






## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 41 “Was dit goed om in die verlede ’n kind te wees?”, bl. 18 en 19.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 50–51.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**Speletjie**

25 min

- Beplan ’n spanspeletjie met ’n duidelike stel reëls, byvoorbeeld, mini-krieket, vlugbal of netbal – afhangende van die apparaat wat beskikbaar is.
- Verduidelik die reëls van die speletjie.
- Verdeel die klas in twee spanne.
- Speel die speletjie. Neem waar en teken op.

**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB’e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het ’n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Ruimte

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Na inligting oor die ruimte en die sonnestelsel luister
- 'n Storie lees en verstaan oor 'n meise wat na die maan toe gaan
- Lees en reageer op individuele tekste oor diere, mense, satelliete en ruimterommel in die ruimte
- Oor 'n droom skryf
- Kenmerke van planete klassifiseer
- Voortgaan om met voegwoorde en saamgestelde sinne te werk
- 'n Bewertjie van die sonnestelsel maak
- Bewegingsinne binne 'n ruimtetema skep.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | aarde | dryf | sekelmaan | voorgee | flits |
| | *Earth* | *floating* | *crescent* | *pretend* | *torch* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | ruimte | sonnestelsel | planete |
| | *space* | *solar system* | *planets* |

**Sin**

*Sy het gesê dat die aarde ook 'n rotsbal is wat in die ruimte sweef, maar dat dit baie groter as die maan is.*

## MATERIALE

- Materiale vir 'n bewertjie: afvalkarton, skêre, vorms om rondom te teken, verf/kryte, dun tou of vislyn, elke leerder moet 'n takkie of groot stok vir hul bewertjie bring
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke
- Meer inligting oor vorms in kuns: https://lilliangray.co.za/7-elements-of-art-shape/

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat, Taal, Skryf (kreatiewe storie)

**Informeel:** Diktee

| **Formele Assesseringsaktiwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Di.–Do. (voortsetting van Week 6) | Luister en Praat 1: Aanbieding – Iets uit lank gelede | MONDELING | OG bl. 102, 104, 106 |
| Di. | Klanke 1: Skryf klanke | LAB bl. 139 | OG bl. 102 |
| Di. | Lees 1: Leesbegrip – Marlene en die maan | LAB bl. 140 | OG bl. 102 |
| Wo. | Aanvangskennis 1: Watter planeet is ek? | LAB bl. 147 | OG bl. 105 |

# Ruimte

Dagsê, graad 3 ruimtevaarders!



Het julle geweet dat die ruimte alles is wat buite die aarde se atmosfeer is? Dit is 'n massiewe ruimte wat met sterre, mane, planete, komete en nog baie meer gevul is! Verbeel jou, dit is só groot dat wetenskaplikes nog steeds elke dag nuwe dinge oor die ruimte ontdek en ontleed!

Die middelpunt van ons sonnestelsel is die son. Dit is 'n enorme gasbal wat lig en hitte uitstraal, en dit aan al die planete wat rondom dit wentel, verskaf.



Ons planeet, aarde, is een van daardie planete en ons leef daarop. Die aarde is baie spesiaal en uniek omdat dit lug, water en land het – al die dinge wat lewe moontlik maak!



Die maan wentel rondom die aarde. Julle kan dit feitlik elke aand in die lug waarneem. Ons maan het 'n groot invloed op ons planeet omdat sy swaartekrag die verskillende getye van die oseane veroorsaak.



Daar is altesaam agt planete in ons sonnestelsel: Mercurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus. Elke planeet is verskillend en uniek. Jupiter is, byvoorbeeld, die grootste planeet en het baie mane, terwyl Venus weer bekend is vir sy uitermatige hitte wat veroorsaak word deur die dik afmosfeerlaag en vulkane.

Het julle al ooit 'n komeet gesien? 'n Komeet is 'n groot bal wat uit ys, stof en gas bestaan en deur die ruimte dryf. Wanneer dit té na aan die son kom, smelt dit en vorm dan 'n helder stert wat vanaf die aarde waargeneem kan word. Komete vertoon ook soos 'n helder ster wat deur 'n lang stert gevolg word, en word dikwels "vuil sneeuballe" genoem. Hulle kan vreeslik mooi wees en help ons ook om meer oor die heelal te leer.



Het jy al ooit gewonder hoe dit sou wees om in die ruimte te reis? Ruimtevaarders is mense wat na die ruimte reis. Hulle gebruik spesiale voertuie, genaamd ruimtetuie, om daar te kom. Hulle dra spesiale klere wat ruimtepakke genoem word, om hulle teen die gevare in die ruimte te beskerm, soos geen lug, baie hoë en baie lae temperature.

Die ruimte is gevul met wonderlike, interessante dinge om te ontdek en verken. Hou aan om oor die ruimte te leer en, wie weet, miskien word jy dalk self eendag 'n ruimtevaarder!

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT **Nuus**

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel aan jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** *(wat om te bring/ te leer vir assessering ens.).*

## KLANKE **Skryf die woorde reg oor**

BL 135
15 min


DATUM

Skryf die woorde reg oor

1. rtie — tier
2. ssievi
3. ksaies
4. okiekst
5. kkieistr
6. fiefis
7. blkkieo
8. piliep

WEEK 7 • MAANDAG • 135

Verkleinwoorde: Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig. Die laaste konsonant verdubbel en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF **Lopende woorde**

BL 134
10 min


Handskrif

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES **Onderwyser lees hardop**

OG
BL 99
15 min



**Vóór lees**
- Wat sien ons gedurende die dag in die lug? In die nag?
- Weet julle hoekom ons lig in die dag het en donkerte in die nag?
- Kan julle nog onthou hoe die aarde rondom die son beweeg? Wat noem ons dit? (wentel)
- Kan julle nog onthou hoe die maan rondom die aarde beweeg? (wentel)

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Waar is die ruimte?
- Is ons sonnestelsel die hele ruimte?
- Hoeveel planete is daar in ons sonnestelsel?
- Sal julle graag die ruimte wil besoek?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 136
30 min






## AANVANGSKENNIS Ruimte

**Stel die konsep bekend**
- Geniet julle dit om van dinge wat ver weg is, te leer – soos die ruimte? Hoekom/Hoekom nie?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet julle van die ruimte?
- **Pare:** Vertel vir jou maat?
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week oor die ruimte leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item van elke ry om op hul KWL-kaarte te skryf.

BL 137
30 min






## VISUELE KUNSTE Vorms in kuns

**Hersien**
- Herinner leerders aan 'n paar van die kunselemente wat hulle tot dusver geleer het: simmetrie, balans, fokuspunte, kleur.

**Leer oor vorms**
- Vorm is een van die elemente van kuns.
- 'n Vorm is 'n lyn wat verbind word waar dit begin het.
- Vorms is gewoonlik geometries of organies.
- Vorms is plat of tweedimensioneel. Kunstenaars laat dit meer realisties vertoon deur kleur en skakering by te voeg.

**Pare**
- Kyk mooi na die tekening in die LAB en identifiseer die vorms.

**Klas**
- Lees die res van die bladsy saam met die klas.
- Bespreek verskillende vorms wat hulle dalk in die ruimte mag sien, en of dit geometries of organies is.

**Doen**
- Leerders skets vorms wat hulle moontlik in die ruimte mag sien, byvoorbeeld, sterre, sirkels, sekelmane, spirale, ens.

BL 138
30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

30 min



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**15 min**

### Iets uit die verlede (vervolg)

**Aanbiedinge**
- Jy mag dalk nodig hê om weer die sinsbeginners op die bord te skryf.
- Herinner die leerders aan die kriteria vir die nasien.
- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10



## KLANKE ASSESSERING 1 — Omkring die woorde

**BL 139**
**15 min**

Verkleinwoorde: Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat eindig op -k, -s, -f, -g of -p. Die laaste konsonant verdubbel en kry 'n -ie aan die einde.

**Omkring die woorde**
- Omkring die woorde met 'n dubbleklank: blokkie, sakkie, vissie, bakkie, proppie laggie (enige vyf)
- Leerders skryf die klanke in die ooreenstemmende spasies in die LAB.

**Sien na:**
Sien bl. 139
**Punte:** 10




## HANDSKRIF — Lopende woorde

**BL 134**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

**BL 86–91**
**15 min**

**Vóór lees**
- Lees en bespreek die titel kortliks.
- Verskaf 'n doel vir lees: Marlene is 'n meisie se naam. Kom ons kyk wat met Marlene gebeur.

**Gedeelde Lees**
- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik.
- Stop aan die einde van elke bladsy en lees die besprekingsvraag. Kies 'n paar leerders om te antwoord (1 min per vraag).

**Ná lees**
- Dink julle Marlene se reis was net 'n droom? Hoekom of hoekom nie?




## LEES ASSESSERING 1 — Leesbegrip

**BL 140**
**10 min**

**Vrae**
- Lees die vrae een keer.
- Hersien die formaat vir Waar- en Onwaar-vrae.
- Sê vir die leerders dat hierdie 'n assesseringsaktiwiteit is.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10







## GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Diere in die ruimte*

BL 141

30 min



DATUM

Diere in die ruimte

Lank gelede, voordat mense ruimte toe gegaan het, het hulle diere ruimte toe gestuur om vas te stel of hulle lewende organismes in die ruimte kan instuur en veilig en ongedeerd kan terugbring. Amerika het twee apies, genaamd Patricia en Mike, met 'n vuurpyl ruimte toe gestuur. Op dié vlug was daar ook twee wit muise, genaamd Mildred en Albert. Die deel van die vuurpyl waarin die diere was, het met 'n valskerm teruggekeer aarde toe. Al die diere was ongedeerd en het daarna in 'n dieretuin gaan woon.

Die Russe het eers honde ruimte toe gestuur voordat hulle mense ruimte toe gestuur het. Die eerste hond in die ruimte was Laika. Later het Amerika en Rusland ander tipes diere soos sjimpansees, visse en eekhorings ook ruimte toe gestuur.

Ongelukkig het party van die diere gesterf as vuurpyle neergestort het. Maar die diere het die wetenskaplikes baie van reise ruimte toe geleer en dit het verseker dat dit veiliger vir mense was om ruimte toe te gaan.

Dink jy dit was reg dat diere voor mense ruimte toe gestuur is? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

WEEK 7 • DINSDAG • 141



## AANVANGSKENNIS

### Ons sonnestelsel

**Lees en bespreek**

- Lees die teks vir en saam met die leerders.
- Bespreek wat hulle reeds oor die planete weet.
- Kyk mooi na die prente van elke planeet, want hulle gaan die kennis in die Visuele Kunste-les nodig hê.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink julle dat mense op enige van die ander planete kan lewe? Hoekom? Hoekom nie?
- **Pare:** Verduidelik vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

BL 142–143

30 min



DATUM

Ons sonnestelsel

Lees die inligting oor ons sonnestelsel.

| | |
|---|---|
| Mercurius | • kleinste planeet in ons sonnestelsel<br>• planeet naaste aan die son en die aarde<br>• vinnigste planeet in ons sonnestelsel<br>• het geen mane nie |
| Venus | • tweede planeet vanaf die son<br>• dieselfde grootte as die aarde<br>• warmste planeet in die sonnestelsel<br>• baie helder maar het geen mane nie |
| Aarde | • derde planeet vanaf die son<br>• vyfde grootste planeet in ons sonnestelsel<br>• het een maan<br>• 70% van die oppervlak is bedek met water<br>• tuiste van wesens en plante |
| Mars | • vierde planeet vanaf die son<br>• word ook die rooi planeet genoem as gevolg van sy rooi oppervlak<br>• koud en droog met ys by die pole<br>• het twee mane: Phobos en Deimos |

142 • WEEK 7 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n bewertjie van die sonnestelsel

30 min

**Pare**

- Sê vir die leerders dat al die planete geometriese of organiese vorms het.
- Leerders verwys na bl. 142–143 in die LAB en bespreek die planete en hul relatiewe groottes, byvoorbeeld, Mercurius is die kleinste, en Jupiter is die grootste.

**Aktiwiteit (potlood op papier)**

- Leerders teken sirkels op karton wat elke planeet verteenwoordig. Gebruik 'n kompas, teken rondom borde en botteldoppies of teken met die vrye hand.
- Mercurius moet omtrent 3 cm in deursnee wees en Jupiter omtrent 15 cm in deursnee.
- Knip die sirkels uit.

**Bêre dit veilig om volgende week te voltooi.**

Let wel: Vra die leerders om te soek vir 'n takkie of stokkie en dit skool toe te bring om hul planete aan te hang as hulle 'n bewertjie maak.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasie op bl. 24.



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Iets uit die verlede (vervolg)

**Aanbiedings**

- Assesseer die volgende groep leerders.

15 min

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10





## KLANKE

**Voltooi die sinne**

BL 143
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat eindig op -k, -s, -f, -g of -p. Die laaste konsonant verdubbel en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF

**Lopende woorde**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

BL 134
10 min






## GEDEELDE LEES

**Woordeskat**

BL 128–133
15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| aarde | dryf | sekelmaan | voorgee | flits |

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die storie **saam met** die leerders.
- **Woordsoek:** Terwyl daar gelees word, merk die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord.
- Bespreek enige ander woorde waaroor die leerders onseker is.
- Ken een woord aan elke ry toe. Die leerders in die ry dink aan 'n mondelinge sin deur die woord te gebruik. Luister na een leerder uit elke ry.

**Leerders sorteer** die flitskaarte alfabeties.



## SKRYF

**Woordeskat**

BL 145
15 min




**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Lees jou sin vir jou maat.

**Vertoon die flitskaartwoorde** op die Woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Mense in die ruimte*

BL 146

30 min



DATUM

Mense in die ruimte

Iemand wat die nodige opleiding gekry het om ruimte toe te gaan, word 'n ruimtevaarder genoem. Meer as 650 mense was al ruimte toe. Daar is tans mense wat in 'n ruimtetuig in die ruimte leef.

Yuri Gogarin was in 1961 die eerste persoon wat ruimte toe gegaan het. Later daardie jaar het Alon Shepherd reg rondom die aarde gegaan. Dit staan bekend as wentel om die aarde. Twee jaar later, in 1963, het die eerste vrou, Valentina Tereshkova, om die aarde gewentel.

Vir die afgelope 60 jaar het ruimtevaarders in groepe van twee of meer mense ruimte toe gegaan. Hulle het van baie verskillende lande af gekom. Oor die jare het ruimtevaarders langer tye in die ruimte spandeer, en verder weg van die aarde gereis. In 1969 het ruimtevaarders vir die eerste keer op die maan geloop.

Dit is nie maklik om in die ruimte te wees nie, maar dit is wonderlik om die aarde en sterre uit die ruimte te sien.

Sou jy graag 'n ruimtevaarder wou wees? Skryf 'n paragraaf om te sê hoekom of hoekom nie.

146 • WEEK 7 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 1

### Watter planeet is ek?

**Lees en bespreek**

- Bespreek die formaat van die vrae:
  - Vul gapings in
  - Rangskik in volgorde
  - Eie idees

**Skryf**

- Leerders beantwoord die vrae in die LAB.

BL 147

30 min

**Sien na:**
Sien bl. 146
**Punte:** 15



DATUM

Watter planeet is ek?

Mercurius Venus Mars Aarde
Jupiter Saturnus Neptunus Uranus

1. Ek is die derde planeet vanaf die son. Mense lewe op my.
   Ek is ______.
2. Ek is die planeet naaste aan die son, en ek is baie klein.
   Ek is ______.
3. Ek is blou en ek is die planeet verste vanaf die son. Ek het 14 mane.
   Ek is ______.
4. Ek staan bekend as die "rooi planeet". Ek is die vierde planeet vanaf die son. Ek is ______.
5. Ek is verskriklik koud en word die "ysreus" genoem.
   Ek is ______.
6. Ek is die warmste planeet met baie vulkane en berge.
   Ek is ______.
7. Ek is die grootste planeet in die sonnestelsel. Ek is 'n baie stormagtige planeet. Ek is ______.
8. Ek is 'n groot planeet met pragtige ringe.
   Ek is ______.

WEEK 7 • WOENSDAG • 147



## UITVOERENDE KUNSTE

**Stel bekend**

- Herinner leerders aan wat hulle oor ons liggame in die ruimte weet, byvoorbeeld, geen swaartekrag, dryf, gewigloosheid.

**Doen**

- Vertel vir die leerders 'n ruimtereisstorie en laat hulle dienooreenkomstig beweeg. Sluit die volgende bewegings in: wieg, draai, huppel, hop, spring, beweeg agteruit, ens. Byvoorbeeld: Lanseer 'n vuurpyl (buig die knieë en spring op met die aftelling 10-9-8-7-6-5-4-3-2-1-LANSEER), haal nou die kopstuk af en beweeg in 'n geen swaartekrag-sweefposisie, neem groot hopperige spronge, doen dan iets by die Stasie, beweeg baie stadig; gaan lê om te slaap en hou aan om weg te dryf, ens.

**Koel af**

- Leerders sluit hul oë en verbeel hulle hoe die aarde vanuit die ruimte lyk. Vertel saggies vir 'n maat.

### Skep bewegingsinne: ruimte

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## DONDERDAG

### LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Iets uit die verlede (vervolg)**

15 min



**Aanbiedings**

- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na:** Sien bl. 138
**Punte:** 10

### KLANKE — Voltooi die blokkiesraaisel

BL 148
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat eindig op -k, -s, -f, -g of -p. Die laaste konsonant verdubbel en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

### HANDSKRIF — Lopende woorde

BL 134
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




### GEDEELDE LEES — Taal

15 min

Sy het gesê dat die aarde ook 'n rotsbal is wat in die ruimte sweef, maar dat dit baie groter as die maan is.

**Stel die sin bekend**

- Skryf die sin op die bord.
- Lees die sin stadig saam met die leerders.
- Leerders vind die sin in die storie.
- Hulle onderstreep/verlig die sin.

**Werk met die sin**

- Identifiseer die selfstandige naamwoorde in die sin. (*rotsbal*, *aarde*, *ruimte*, *maan*)
- Watter byvoeglike naamwoord vertel ons meer van die "rotsbal"?
- Identifiseer die eienaam? Hoe weet julle dit is 'n eienaam?
- Is dit 'n stelling of 'n vraag? (*stelling*)
- Identifiseer die **voegwoord**. (*maar*)
- Wat is die funksie van die **voegwoord**? (*om twee kort sinne te verbind om een langer sin te maak*)
- Indien julle hierdie sin in twee sinne moet opbreek, wat sal dit wees?
- Vind **nóg twee sinne** met verskillende voegwoorde op bl. 128 in die LAB (die eerste bladsy van die storie).
- Watter twee **woordeskatwoorde** kon julle in die sin vind? (*aarde*, *dryf*)

### SKRYF — Taal

BL 149
15 min




**Skryf**

- Leerders werk in pare en maak mondelings saamgestelde sinne deur die tabel te gebruik.
- 'n Paar leerders sê hul sinne vir die klas.

**Individueel**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- 'n Paar leerders lees hul sinne hardop vir 'n maat.



## GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Satelliete in die ruimte*

**BL 150**

**30 min**


DATUM

Satelliete in die ruimte

Satelliete is masjiene wat ruimte toe gestuur word en om die aarde wentel. Hierdie satelliete het 'n spesifieke doel.

Party satelliete het kameras om foto's van die aarde te neem. Van hoog bo af kan die satelliete foto's van die wolke, storms of woestyne neem. Hierdie foto's help ons om die weer te voorspel en om vir boerdery te beplan.

Party satelliete help met kommunikasie. Dit help veral TV- en radiostasies en die internet regoor die aarde. Wanneer jy na 'n TV-program van 'n ander land kyk, of navorsing op die internet doen, is dit 'n satelliet wat jou help!

Satelliete word deur grondstasies op die aarde beheer. Dit word met vuurpyle ruimte toe gestuur. Sodra hulle rondom die aarde wentel, gaan hulle vir duisende jare om en om die aarde.

Daar is tussen 12 000 en 20 000 satelliete wat op die oomblik om die aarde wentel. Jy kan dit soms in die aand sien beweeg.

Skryf 'n paragraaf oor 'n interessante TV-program van 'n ander land wat jy gesien het.

150 • WEEK 7 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

**30 min**

**KWL-kaart (bl. 137 in die LAB)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra vrae.

**ruimte**
1. Die ruimte is alles buite die aarde se atmosfeer.
2. Wetenskaplikes weet alles wat daar te weet is oor die ruimte.
3. Jy kan met 'n gewone vliegtuig in die ruimte rondreis.

**sonnestelsel**
1. Ons sonnestelsel bestaan uit die son en agt planete.
2. Ruimtevaarders het al dele van ons sonnestelsel verken.
3. Daar is slegs een sonnestelsel in die ruimte.

**planeet**
1. Planete is sterre.
2. Planete is nie sterre nie.
3. Ons sonnestelsel het agt planete.

**EAT** *space* (ruimte), *solar system* sonnestelsel), *planet* (planeet)



## UITVOERENDE KUNSTE

**Skep bewegingsinne: ruimte (vervolg)**

**30 min**

**Stel bekend**
- Hersien die bewegingsroetine van die vorige dag.

**Groepwerk**
- Groepe beplan en oefen 'n kort storie oor 'n ruimtereis.
- Hulle storie moet 'n bewegingsroetine van ten minste vier bewegings insluit.

**Voer op**
- Groepe voer hulle bewegingsroetine vir die res van die klas op.

**Evalueer**
- Lewer kommentaar oor elke groep se beweging.






## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor een interessante ding wat julle hierdie week oor die ruimte geleer het.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Waarna sien jy volgende week uit?

### KLANKE — Diktee

BL 151
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Woorde:** **blokkie** en **proppie**

**Sinne:**
Sin 1: **Die duif vlieg met die brief.**
Sin 2: **Juffrou sê ons moenie afkyk nie.**
Sin 3: **Ek sing 'n loflied oor my lyfie.**

### HANDSKRIF — Lopende woorde

BL 134
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

### LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee antwoorde vir die tekste vir Maandag tot Donderdag; die leerders merk self.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite/woorde geleer?

**Sien na**
- Neem in en parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.

### SKRYF — My droom

15 min




- Lees die titel en sinsbeginners op die bord.
- Laat 'n paar leerders toe om te sê wat hulle gaan skryf.
- Hulle kan skryf oor 'n droom wat hulle gehad het, of een opmaak.
- Hierdie is persoonlike skryf. Hulle skryf vir hulself.
- **Let op vir:** Verlede tyd, verbeelding, snaakse of interessante vertelling van hulle drome, ryk woordeskat.




## GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Rommel in die ruimte*

BL 151
30 min






## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 45 "Die aarde soos uit die ruimte gesien", bl. 26 en 27.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 56–57.






## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 8 OORSIG





# Ruimte

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Luister na 'n legende oor 'n seuntjie wat té naby die son gevlieg het
- Lees, kyk na en reageer op kunswerk en foto's oor die naghemel
- Meer oor ruimtevaarders leer
- Beplan en skryf oor 'n droom wat op die Gedeelde Leesstorie gebaseer is
- Voortgaan om met voegwoorde te werk
- Beweeg op musiek met 'n ruimtetema.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | aarde | dryf | sekelmaan | voorgee | flits |
| | *Earth* | *floating* | *crescent* | *pretend* | *torch* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | wentel | komeet | ruimtevaarder |
| | *orbit* | *comet* | *astronaut* |

**Sin**

*Sy het gesê dat die aarde ook 'n rotsbal is wat in die ruimte sweef, maar dat dit baie groter as die maan is.*

## MATERIALE

- Kunsmateriaal
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat en taal

**Informeel:** Vlotheidsoefening

| **Formele Assesseringsaktiwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Lees 2: Mondelinge Hardoplees (GBL) * | MONDELING | OG bl. 113, 115, 117, 119, 121 |
| Di.–Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Balans | PRAKTIES | OG bl. 115, 117, 119, 121 |
| Wo. | Aanvangskennis 2: Feite oor ruimtereise | LAB bl. 165 | OG bl. 117 |
| Do.–Vr. | Skryf 2: 'n Droomstorie | OEFENBOEK | OG bl. 118, 120 |
| Vr. | Handskrif 1: Lopende skrif: kleinletters en verbindings | LAB bl. 153 | OG bl. 120 |
| Vr. | Klanke 2: Spoedlees van woorde | LAB bl. 169 | OG bl. 120 |

* Individuele leesassessering sal gedurende Groepbegeleide leestyd plaasvind. Elke groep sal dus 'n leesles van 30 minute hê.

# Om té naby aan die son te vlieg



Eendag, baie lank gelede, was daar ’n kunstenaar met die naam van Daedalus en sy seun Ikarus. Hulle het alleen op ’n eiland gewoon, omring deur die wye see. Hulle wou bitter graag die eiland verlaat, maar dit was té ver om na ’n ander land te swem.

Op ’n dag het Daedalus op ’n krans geloop en na die see afgekyk toe hy seevoëls oor die see sien vlieg. “As ons vlerke gehad het, kon ons oor die see na ’n ander land gevlieg het. Ek gaan vir albei van ons vlerke ontwerp en maak,” het hy gedink.

Hy het sy idee met sy seun Ikarus gedeel. “Ons moet die eiland deursoek vir vere wat die seevoëls dalk afgeskud het. Ek sal was gebruik om dit aan mekaar te heg om vir ons vlerke te maak.” Hulle het elke dag die eiland deursoek vir vere, en uiteindelik het hulle genoeg vere gehad om vier vlerke te kon maak.

Daedalus het die was versigtig gebruik om die vere aan mekaar te heg om die vlerke te maak. Toe die vlerke klaar was, het hy een paar vlerke vir Ikarus aangesit en een paar vir homself. Ikarus was baie opgewonde, maar Daedalus het hom gewaarsku. “Moenie te hoog met hierdie vlerke vlieg nie. Dit is met was geheg en die was kan smelt as jy té naby aan die son vlieg.”

Met die vlerke aan het die twee na die hoogste krans gegaan en daar afgespring terwyl hulle hul vlerke soos voëls geklap het. Die vlerke het fantasties gewerk en nie lank nie, of hulle het saam oor die see gevlieg. Ikarus het só opgewonde geraak dat hy toertjies in die lug begin maak het. “Ek wil so hoog soos die son vlieg,” het hy uitgeroep. Hy het heeltemal van sy vader se waarskuwing vergeet.

“Stop! Moenie hoër vlieg nie!” het Daedalus benoud uitgeroep. Maar Ikarus wou nie luister nie. Hy het hom terdeë geniet en ál hoër en hoër gevlieg.

Julle kan seker raai wat toe gebeur het.

Die was in die vlerke het begin smelt en die vlerke het uitmekaar begin val. “Help! Help” het Ikarus wanhopig uitgeroep. Skielik kon Ikarus nie meer vlieg nie en het hy begin val. Af, af, af tot in die see. Daedalus kon maar net hulpeloos toekyk hoe hy val.

Ikarus het terug na die eiland geswem en moes toe alleen daar woon terwyl Daedalus na ’n nuwe land gevlieg het.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel vir jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - ’n Paar leerders deel van hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal ’n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*veral die assesserings*)



## KLANKE — Voltooi die spelreël

**BL 153**
**15 min**




Verkleinwoorde: Woorde met ’n lang klank (dubbelklank) en wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig. As daar twee van dieselfde vokale soos aa, ee en uu is, val een van die vokale weg en kry ’n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Lopende woorde

**BL 152**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

**OG BL 111**
**15 min**



**Vóór lees**

- Kan mense vlieg? Kan mense in stories en drome vlieg?
- Verskaf ’n doel vir luister: Luister na ’n legende (’n storie van lank gelede) oor twee mense wat dit reggekry het om te vlieg.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**

- Wat het Ikarus verkeerd gedoen?

## E-KLASKAMER

**15 min**



- Onderrig ’n les vanuit die E-klaskamer.

## LEES ASSESSERING 2 — Individuele lees (Groep A)

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10

- Gebruik die Gedeelde Leesstorie van Week 1. Jy sal hierdie met al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister hoe elke leerder die teks hardop vir 1 minuut lees.

- **Onafhanklike Werk:** Sinne

BL 155
30 min


DATUM

Lees die sinne

Ek ry op my klein perdjie.

My sussie teken 'n prentjie.

Die visserman vaar met sy bootjie.

Mamma kook rys in 'n klein potjie.

Die eendjie swem in die dam.

Wat swem in die dam?

WEEK 8 • MAANDAG • 155

## AANVANGSKENNIS — Ruimtevaarders

BL 156
30 min


DATUM

Ruimtevaarders

'n Ruimtevaarder is 'n persoon wat spesiale opleiding ontvang om in 'n ruimtetuig op 'n ekspedisie maan toe te gaan. Sowel mans as vrouens kan ruimtevaarders wees. Die meeste ruimtevaarders is baie goed in wiskunde en wetenskap.

Ruimtevaarders dra spesiale ruimtepakke wanneer hulle 'n vuurpyl ruimte toe lanseer. Sodra hulle in die ruimte is, kan hulle gewone klere dra.

Party ruimtevaarders werk by die Internasionale Ruimtestasie wat permanent in die ruimte om die aarde wentel. Ruimtevaarders kan vir weke of selfs maande by die stasie woon. Hulle doen verskillende werke daar. Party ruimtevaarders doen herstelwerk by die stasie, ander doen eksperimente in die ruimte en van hulle kommunikeer met die aarde. Hulle moet ook spesiale beddens, stoele en toilette gebruik, want daar is nie swaartekrag in die ruimte nie. Dit beteken dat hulle rondsweef as hulle nie aan die mure, plafon of vloer van die stasie vasgemaak is nie.

Maak 'n lys van die vaardighede wat, jy dink, 'n ruimtevaarder nodig het.

156 • WEEK 8 • DINSDAG

**Lees en bespreek**
- Lees die bladsy in die LAB saam met die leerders.
- Bespreek watter vaardighede 'n ruimtevaarder nodig het, byvoorbeeld, hardwerkend, goed in wiskunde en wetenskap, fiks, kan goed regmaak, ens.

**Skryf**
- Maak in die LAB 'n lys van al die vaardighede.

## VISUELE KUNSTE — Maak 'n bewertjie van die sonnestelsel (vervolg)

30 min

**Aktiwiteit (verf of kryte)**
- Leerders verwys na prente van die planete. Hulle kan hul LABe gebruik of hul eie navorsing doen.
- Leerders kleur die planete in deur verf of kryte te gebruik. Hulle moet albei kante inkleur of verf.
- Hulle kan ander elemente (sterre, komete, ens.) byvoeg indien die tyd dit toelaat.

**Bêre dit veilig om môre te voltooi.**



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 — Inleiding

30 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bl. 25 vir die week, insluitende die volgende as stasie 1, wat geassesseer gaan word:

**Balans**
- Loop vorentoe en agtertoe op die tone en hakke, behou balans.
- Balanseer terwyl hulle op 'n balanseerbalk/groot paal of lae muur/klouterraam loop. Klim met geboë knieë af.
- Gimnastiekaksies: Doen 'n handstaan of kopstaan met behulp van 'n maat.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteitstasies vir die week.
- Leerders rolspel die aktiwiteite.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT Vertel weer die storie

15 min



- Indien jou Luister en Praat Assessering 1 nog nie voltooi is nie, gebruik hierdie week die Luister en Praat-lesse om dit te voltooi.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink oor die hardopleesstorie en hoe jy dit kortliks kan vertel.
- **Pare:** Vertel 'n verkorte weergawe van die storie. Ruil rolle om.
- **Deel:** Laat een of twee leerders toe om met die klas te deel indien die tyd dit toelaat.



## KLANKE Soek die woorde

BL 156
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met 'n lang klank (dubbelklank) en wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig. As daar twee van dieselfde vokale soos aa, ee en uu is, val een van die vokale weg en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Lopende woorde

BL 152
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES Vlotheid en leesbegrip

BL 128–133
15 min




**Gedeelde Lees**
- Lees weer die laaste twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (*let op na leestekens, uitspraak, oordrag van betekenis deur uitdrukking, goeie leesspoed*).

**Lees in pare**
- Maats lees 'n bladsy en oefen terselfdertyd om vlot en met uitdrukking te lees.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.



## SKRYF Luisterbegrip

BL 158
15 min




Hierdie luisterbegrip is gebaseer op die hardopleesstorie *Om té naby aan die son te vlieg*. Dit is in die vorm van 'n Cloze-aktiwiteit. Dit is nie 'n formele assesseringsaktiwiteit vir punte nie.

**Bespreek die taak**
- Verduidelik dat dit 'n opsomming van die storie is.
- Kies die korrekte woord vir elke spasie, maar skryf dit langs die nommer neer.
- Merk die woorde af soos wat jy dit gebruik.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.



## LEES ASSESSERING 2

### Individuele lees (Groep B)

- Gebruik die Gedeelde Leesstorie van Week 1. Jy sal hierdie met al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister hoe elke leerder die teks hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** *Die sterrenag*

BL 159
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Ruimteverkenners

BL 160–161
30 min




**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Van watter ruimteverkenners het julle al gehoor of gelees?
- **Pare:** Vertel vir jou maat wat jy weet.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**
- Lees saam met die leerders die bladsy in die LAB.

**Skryf**
- Voltooi die tabel in die LAB.
- LW: Leerders sal die ouderdomme van die twee verkenners moet uitwerk deur na die datums te kyk.



## VISUELE KUNSTE

### Maak ’n bewertjie van die sonnestelsel (vervolg)

30 min



**Voltooi die bewertjie**
- Heg die tou aan en hang die sirkels op verskillende hoogtes om die bewertjie interessant te laat lyk.

**Vertoon en bespreek**
- Leerders verduidelik hoekom hulle hul planete en ander ruimtevoorwerpe op ’n bepaalde manier gehang het.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

25 min



**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5

# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT Toekomsdrome

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Drome kan iets wees wat jy droom wanneer jy slaap, of iets wat jy wens in die toekoms bewaarheid kan word. Vandag gaan ons oor die tweede betekenis van drome praat. Het julle 'n spesiale droom vir die toekoms?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jou spesiale droom.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE Kleur verkleinwoorde in

BL 160
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met 'n lang klank (dubbelklank) en wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig. As daar twee van dieselfde vokale soos aa, ee en uu is, val een van die vokale weg en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnie klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF Lopende woorde

BL 152
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9




## LEES Oorsig van woordeskat en taal

15 min




**Woordeskat (LAB bl. 145)**

- Lees die flitskaarte van verlede week:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| aarde | voorgee | flits | dryf | sekelmaan |

- Leerders kontroleer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer dit.

**Sinswerk (LAB bl. 149)**

- Skryf die korrekte sin op die bord. Leerders kontroleer self.
- Leerders lees hul eie sinne vir 'n maat.

## SKRYF EAT

BL 163
15 min




**Woordeskat**

- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels uit te spreek. Draai elke flitskaart om en sê die Engelse woord:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Earth | floating | crescent | pretend | torch |

**Sin**

- Bespreek hoe om die sleutelsin in Engels uit te druk.
- Let eerstens op na die twee woordeskatwoorde en plaas die flitskaarte op die bord.
- Gee ook die Engelse woorde vir *maan*, *ruimte* en *rotsbal*. Skryf die woorde op die bord.
- Deel die sin in twee dele. Onderrig die woord *maar* (*but*) en skryf dit op die bord:
- Sê die Engelse sin **mondelings**: She said that the **Earth** is also a rocky ball floating in space, **/** **but** it is much bigger than the moon.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoorde met die klas.

## LEES ASSESSERING 2

### Individuele lees (Groep C)

- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1. Jy sal hierdie met al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister hoe elke leerder die teks hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10

- **Onafhanklike Werk:** *'n Feetjiemaan en 'n verlate strand*

**BL 164**
**30 min**


DATUM

'n Feetjiemaan en 'n verlate strand

Hierdie is nie 'n skildery nie, maar 'n houtblok-afdruk. Dit beteken die kunstenaar het die vorms wat hy wou hê uit hout gekerf of gesny. Daarna het hy elke stukkie hout geverf en dit toe op papier afgedruk. Hy moes elke stukkie hout op die korrekte plek afdruk. Op hierdie manier kon hy dus baie skilderye maak wat dieselfde lyk.

Die kunstenaar se naam is Hiroshige en hy was van Japan. Die skildery wys 'n man wat in die aand langs 'n Japanese strand loop. Hy dra twee emmers. In die lug is daar 'n ronde volmaan. Die kunstenaar noem dit 'n feetjiemaan, want dit het toweragtig gelyk. Daar is niemand anders in die skildery nie, so die man lyk eensaam.

Skryf 'n paragraaf oor die man in die prent. Gebruik jou verbeelding om te sê ...
- waarheen hy gaan
- wat hy in die emmers dra
- hoekom hy alleen is
- hoe die maan hom help.

164 • WEEK 8 • WOENSDAG

## AANVANGSKENNISASSESSERING 2

### Feite oor ruimtereise

**Lees en bespreek**
- Sê vir die leerders dat hierdie 'n assesseringstaak is.
- Verduidelik dat die antwoorde vir die vrae in enige van die aktiwiteite wat hulle reeds oor die ruimte gedoen het, mag wees, óf dit wat hulleself ken en weet.
- Lees die vrae vir en saam met die leerders.

**Skryf**
- Leerders voltooi die vrae deur in die LAB vir die antwoorde op die vrae te soek.

**Sien na:**
Sien bl. 146
**Punte:** 15

**BL 165**
**30 min**


DATUM

Feite oor ruimtereise

**Soek die antwoorde vir hierdie vasvra in jou LAB.**

1 Voltooi die antwoorde in die blokkies.

a Die eerste persoon in die ruimte was van Rusland. Sy naam is

b Die eerste persoon wat op die maan geloop het, was van

c Die jongste persoon wat ruimte toe gegaan het, was 'n ruimtetoeris. Sy naam is

d Watter dier was die eerste dier wat in 'n ruimtetuig ruimte toe gestuur is?

e Ruimtevaarders dra gewone klere wanneer hulle hul ruimtetuig lanseer. Ja of nee?

f Is alle ruimtevaarders van die VSA? Ja of nee?

2 Pas die naam van die ruimtevaarder by die regte datum.

| | |
|---|---|
| 1961 | Mae Jemison |
| 1969 | Yuri Gagarin |
| 1963 | Mark Shuttleworth |
| 1980 | Oliver Daeman |
| 1992 | Valentina Tereshkova |
| 2002 | Pham Tuam |
| 2022 | Neil Armstrong |

WEEK 8 • WOENSDAG • 165

## UITVOERENDE KUNSTE

### Beweeg op maat van musiek – ruimte

**30 min**

**Stel bekend**
- Warm op deur stadig te beweeg asof daar geen swaartekrag is nie, en dan weer vining asof op die aarde.

**Doen**
- Sê vir die leerders dat hulle na musiek gaan luister en vrylik daarop moet beweeg, maar hulle moet voorgee dat hulle in die ruimte is.
- Leerders beweeg vrylik in die klaskamer en gee uitdrukking aan hulself terwyl hulle beweeg.
- Voorgestelde musiek: Die klankbaan van *Our Planet* https://www.youtube.com/watch?v=uhCtVtOyiW8&t=102s of enige ander stadige musiek.

**Koel af**
- Koel die liggaam af: Strek stadig in verskillende rigtings met stadige en strelende musiek.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT

### Skryfvoorbereiding: 'n Droomstorie

15 min

**Stel bekend**

- In Skryf, later vandag, gaan ons begin met Assessering. Julle gaan 'n droomstorie soos Marlene s'n skryf.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink oor wie die twee hoofkarakters in jul storie gaan wees, en wat hulle vervoer gaan wees.
- **Pare:** Vertel vir jou maat wat jou idees is.
- **Deel** met die klas.

**Paragraaf 1**
Net toe XXX aan
die slaap wou raak,
het sy/hy ... gehoor
Sy/hy het 'n ... buite
die huis gesien.



## KLANKE

### Voltooi die sinne

BL 164
15 min

Verkleinwoorde: Woorde met 'n lang klank (dubbelklank) en wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig. As daar twee van dieselfde vokale soos aa, ee en uu is, val een van die vokale weg en kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



DATUM

'n Feetjiemaan en 'n verlate strand



## HANDSKRIF

### Lopende woorde

BL 152
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LEES

### Vlotheidsoefening

BL 167
15 min

**Lees deur die teks**

- "Breek" saam met die leerders die teks in korter frases op.

**Lees in pare**

- Maats lees die teks beurtelings.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf die aantal lyne gelees, neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks vir 'n gehoor by die huis te lees.



DATUM

Vlotheidsoefening



## SKRYF ASSESSERING 2

15 min

### 'n Droomstorie

**Bespreek die taak**

- Vir assessering gaan julle 'n storie skryf deur hierdie raam te gebruik.
- **Paragraaf 1:** Kies jou karakter se naam, hoe hulle vervoer is (vuurpyl, vlieënde motor, vlieënde fiets, ruimteskip), en wat die stem gesê.
- Dink eers en skryf dan Paragraaf 1 in jou oefenboek.
- Dink oor **Paragraaf 2** wat julle môre sal skryf: Dink waarheen hulle gegaan het (maan, son, Mars, 'n ster) en wat hulle daar gesien het.

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10

**Paragraaf 1**
Net toe XXX sy/hy aan
die slaap wou raak, het
sy/hy ............... gehoor.
Sy/Hy het 'n ............ buite
die huis gesien.
'n Stem het gesê: ...................

**Paragraaf 2**
Wat het die volgende gebeur?



## LEES ASSESSERING 2 — Individuele lees (Groep D)

- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1. Jy sal hierdie met al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister hoe elke leerder die teks hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** *Nóg 'n Sterrenag*

**BL 168**
**30 min**


DATUM

Nóg 'n Sterrenag

Hierdie skildery het dieselfde naam as Millet se skildery. Dit staan ook bekend as "Sterrenag". Hierdie skildery is deur die kunstenaar, Vincent van Gogh, geskilder. Hy is vandag beroemd, maar toe hy geleef het, wou niemand van sy skilderye koop nie. Hy was baie arm en hartseer.

Hy het daarvan gehou om baie dik verf en baie dik kwaste te gebruik. In hierdie skildery is daar 'n boom en 'n klein dorpie in die nag. In die middel van die dorpie is 'n kerk. In die lug kan jy die maan, sterre en groot, bewegende wolke sien. Van Gogh het daarvan gehou om voorwerpe te laat lyk asof hulle beweeg.

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie skildery met die ander sterrenag-skildery vergelyk deur hierdie vrae te beantwoord:
- Hoe verskil die twee skilderye?
- Hoe is die twee skilderye dieselfde?
- Van watter skildery hou jy die meeste? Hoekom?
- Wie, dink jy, is die beter skilder?

168 • WEEK 8 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS — Oorsig van konsep

**30 min**

**KWL-kaart (bl. 137)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**wentel**
1. Die pad wat 'n ruimteskip neem om rondom 'n planeet of maan te wentel.
2. Die aarde wentel om die maan.
3. Die maan wentel om die aarde.

**komeet**
1. 'n Stuk rots en ys met 'n gloeiende stert.
2. 'n Ster.
3. Iets wat jy somtyds in die naghemel kan sien.

**ruimtevaarder**
1. Iemand wat opgelei is om in die ruimte te werk.
2. Iemand wat betaal om op 'n ruimteskip te gaan.
3. Iemand wie se werk dit is om in die ruimte te werk.

**EAT** *orbit* (wentel), *comet* (komeet), *astronaut* (ruimtevaarder)



## UITVOERENDE KUNSTE — Beweging op die maat van musiek – ruimte

**30 min**

**Stel bekend**
- Bespreek wat ruimtevaarders dalk in die ruimte mag sien, byvoorbeeld, planete, die maan, sterre, komete, verskietende sterre, ruimteskepe, satelliete, ruimterommel, ens.

**Groepe**
- Leerders kies een voorwerp wat hulle dalk mag sien.
- Hulle beplan en oefen 'n kort dansdrama wat wys hoe hulle voel wanneer hulle die voorwerpe sien – opgewonde, bang, gretig, ens. en hoe die voorwerp lyk en beweeg, byvoorbeeld, draai, beweeg vinning of stadig, skitter, ens.

**Voer op**
- Groepe maak beurte om hul dans uit te voer soos wat jy die "ruimtemusiek" wat jy die vorige dag gebruik het, speel.

**Evalueer**
- Moedig elke groep aan terwyl hulle optree.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.



**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Praat oor een ding wat julle oor julself hierdie week geleer het ten opsigte van assessering, byvoorbeeld, hoe julle gevoel het, hoe goed julle voorbereid was, ens.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Wat sal julle volgende keer anders doen?

## KLANKE ASSESSERING 2 — Spoedlees woorde

BL 169
10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.

**Sien na:** Sien bl. 139
**Punte:** 5



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hasie | Maandag | vissie | koffie | liggie |
| proppie | wekie | Woensdag | laggie | middag |
| rosie | dae | bokkie | vinnig | kroppie |
| sakkie | strepie | binne | lippie | Saterdag |
| bogie | mae | kassie | fakkel | siffie |
| trossie | kasie | Dinsdag | rokkie | fontein |
| ogie | lae | knopie | pragtig | klippie |
| messie | grafie | besig | bokkie | vlooi |
| rokie | Vrydag | hopie | vlerk | strikkie |
| blokkie | vae | Sondag | laggie | Donderdag |

Hoogste telling: ........ woorde

WEEK 8 • VRYDAG • 169

## HANDSKRIF ASSESSERING 1 — Lopende woorde

**Sien na:** Sien bl. 141
**Punte:** 5

- Volg die rigyne vir Handskrif Assessering.

BL 153
10 min




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde vir die tekste vir Maandag tot Donderdag; leerders merk self.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.

## SKRYF ASSESSERING 2 — 'n Droomstorie (vervolg)

15 min

- Gaan voort om die storie te skryf.
- **Paragraaf 2:** Dink oor waarheen jou karakter gegaan het, en wat hulle daar gesien het. Dit kan die werklikheid wees of denkbeeldig.
- Skryf die paragraaf in jou boek.
- **Paragraaf 3:** Dink oor hoe jou storie gaan eindig. Het dit soos Marlene s'n geëindig? *(Sy het wakker geskrik en besef dit was 'n droom) of op 'n ander manier.*
- Skryf die paragraaf in jou boek.

**Sien na:** Sien bl. 142
**Punte:** 10



## LEES ASSESSERING 2

**Individuele lees (Groep E)**

- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1. Jy sal hierdie met al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister hoe elke leerder die teks hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:** Sien bl. 140
**Punte:** 10

- **Onafhanklike Werk:** *Foto's van die aarde*

**BL 170**
**30 min**




## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi hulle.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 47 "Ruimtereise", bl. 30 en 31.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2 – bl. 58–59.




## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

**25 min**

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**Sien na:** Sien bl. 149
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.








# Meer oor mense wat lank gelede geleef het

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Meer verstaan oor hoe mense lank gelede geleef het
- ’n Storie oor verskillende oumas en kleinkinders lees
- Hul ervaringe vergelyk en kyk hoe dit verskil
- Skoolervaringe van “vandag” en “toe” vergelyk
- Meer eenvoudige dagboekinskrywings lees en vir een week ’n dagboek byhou
- ’n Lees-toneelstuk in groepe uitvoer
- Taalkenmerke, wat gepaard gaan met die lees van ’n toneelstuk, identifiseer en oefen
- ’n Paar kenmerke van toneelstukke identifiseer en ’n eenvoudige dialoog skryf.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** Engels (aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | toneelstuk (formaat) | toneel | karakters | verteller | take/werkies |
| | *play (format)* | *scene* | *characters* | *narrator* | *chores* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | vergelyk | dieselfde | anders |
| | *compare* | *same* | *different* |

### Sin

***Mev. Ramlall:*** *Ja, maar ons het goeie tye in die verlede gehad!*
*Neem kennis: Vir Onafhanklike Werk hierdie week gaan die leerders ’n dagboek byhou.*

## MATERIALE

- Karton en tydskrifte of advertensie pamflette, skêre, gom vir Visuele Kunste-les
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Leerders se oefenboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrifoefening, Onafhanklike Skryf (dialoog), Leesbegrip, Woordeskat en taal.

**Informeel:** Diktee (Vrydag), Daaglikse dagboekinskrywings

# Skool lank gelede

*Hierdie is 'n storie wat Ouma oor haar skooldae vertel het.*





Ek het in 1973 begin skool toe gaan, toe ek 7 jaar oud was. Ek het in 'n plattelandse omgewing gewoon waar daar nie groot skole naby was nie. Ons het ons lesse in 'n huis, wat aan die plaaslike kerk behoort het, gekry. Die huis was van wattelboompale en modder gemaak. Die vloer was met koeimis bedek. Elke Vrydag moes die meisies, voordat hulle huis toe gegaan het, vars mis op die vloer smeer.



Daar was geen water by die skool nie so die meisies het elke oggend water uit die rivier gaan haal.

Omdat die klaskamer baie klein was, moes ons in skofte skool toe gaan. Party leerders moes soggens skool toe gaan en ander smiddae. Ons onderwyser het gesê dat die slim kinders middae lesse het. Ek het soggens gegaan.



My graad 1-juffrou het vir my die bynaam "skilpad" gegee omdat ek kort en mollig was, en omdat ek baie stadig gewerk het. Sy het die ander kinders aangesê om vir my te lag en my te spot. Sy het my ook met 'n lat geslaan wanneer ek nie my werk voltooi het nie. Ek het niks van my onderwyser gehou nie!

Ons het nie lessenaars in ons klaskamer gehad nie – daar was net lang banke waarop ons gesit het. Soms moes ons op die grond kniel en ons skryfwerk op die banke doen.




Ons het ons skryfwerk op 'n lei met 'n griffie (potlood) gedoen. Ek het altyd my grifpotlood op die klippe skerpgemaak. Ons het ook 'n klein botteltjie water en 'n lappie gebruik om alles uit te vee wat ons geskryf het, voordat ons met die volgende les sou begin.

Die onderwyser het 'n klein swartbord gehad waarop sy met bordkryt geskryf het. Dit was op twee stoele geplaas, en was baie oud en vol krapmerke. Soms was dit moeilik om te sien wat sy met die kryt op die bord geskryf het. Ons het geen boeke gehad nie. Die onderwyser het die storie op die bord geskryf en ons moes dit dan lees soos sy die woorde aandui. Nadat ons klaar gelees het, het sy die storie afgevee en ons moes dan die storie uit ons geheue oorvertel. Indien ons dit verkeerd vertel het, het sy smoorkwaad geword!



Wanneer ons Wiskunde gedoen het, het ons klippies en stokkies gebruik om ons te help tel. Ek het altyd klein ronde klippies by die rivier opgetel om my met my somme te help.

Ons het nie pouses of speeltyd by die skool gehad nie omdat ons net vir 'n halwe dag skool bygewoon het. Ná skool het ons huis toe gegaan en daar gespeel. Ons gunstelingspeletjie was om skool-skool te speel!

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min

- Verduidelik dat ons hierdie week meer oor die ou dae gaan gesels.

**Dagboeke**
- In Onafhanklike Werk hierdie week gaan die leerders meer van Khanya se dagboekinskrywings lees.
- Herinner leerders wat 'n dagboek is. (*optekening van gebeure, gedagtes, gevoelens, waarnemings*)
- Verduidelik hoekom ons 'n dagboek skryf. (*om ons te help onthou*)

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus oor die naweek? Iets wat julle in jul dagboeke kan skryf?
- **Pare:** Vertel vir jou maat jou nuus. Wees gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE Skryf die woorde reg oor

BL 179
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met dubbelklanke, diftonge en dubbelkonsonante wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig, kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Sinne (lopend)

BL 178
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES Onderwyser lees hardop

OG
BL 123
15 min



**Vóór lees**
- Stel die storie bekend. Verduidelik dat die storie deur 'n ouma vertel word, en gaan oor hoe skool vir haar was. Verduidelik dat dit 'n ware storie is.
- Verskaf 'n doel om te luister: Hoe was dinge destyds anders by Ouma se skool in vergelyking met jul skool vandag?

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Waar het Ouma skool gegaan?
- Wat het die leerders gebruik om hul skryfwerk te doen?
- Het hulle boeke gehad om te lees?
- Sou julle graag na Ouma se skool wou gaan? Hoekom/hoekom nie?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig'n les wat op klanklees gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep A en B

- **Onafhanklike Werk**: *Daaglikse dagboek*
- Verduidelik dat hierdie week se leeswerk Khanya se dagboekinskrywings sal wees.
- Leerders sal daagliks hul eie dagboekinskrywings in hul oefenboeke skryf.

**BL 180**

**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Hoe mense lank gelede geleef het

**Stel die konsep bekend**

- Ons het reeds baie omtrent mense wat lank gelede geleef het geleer. Waarvan het julle die meeste gehou om te leer?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Sou jy daarvan gehou het om lank gelede te geleef het? Hoekom/Hoekom nie?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week van die lewe van lank gelede leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item van elke ry om op hul KWL-kaarte te skryf.

**BL 179**

**30 min**






## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n prentraam met tekstuur

**Lees en bespreek**

- Gesels oor **tekstuur** – iets wat met jou hande in 'n 3D-item gevoel kan word.
- Verduidelik dat kunstenaars ook iets kan skep wat die illusie van tekstuur in 'n skildery of prent kan skep deur verskillende verf- of potloodhale in 'n 2D prent te gebruik.
- Verduidelik die verskil tussen tweedimensioneel (2D) – plat, en driedimensioneel (3D) – iets wat jy fisies kan vashou.
- Leerders voel aan items met verskillende teksture – dinge wat in die klaskamer is of items wat jy klas toe gebring het, byvoorbeeld erdewerk wat gegraveer is, ens.
- Lees en bespreek die prosedure om 'n prentraam met tekstuur te maak.

**Maak**

- Leerders begin om hul prentrame te maak.

**Die raam sal oor die volgende twee weke voltooi word, so bêre alle dele veilig.**

**BL 182**

**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteite op bl. 24.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT Dialoog

15 min



- Praat oor hoe julle in pare 'n dialoog kan voorberei. Dit is amper soos toneelspeel.
- Die dialoog moet 'n doel hê om vir 'n gehoor aan te bied.

**Berei voor vir 'n dialoog.**
- Die leerders gaan vandag 'n dialoog tussen 'n **kleinkind** en **grootouer** voorberei.
- Hulle kan praat oor dinge wat vandag anders is as lank gelede.
- Demonstreer met twee leerders (maak beurte om te praat; praat duidelik).
- **Deel:** Vra 'n paar pare om 'n paar minute voor die einde van die les hul idees te deel.

## KLANKE Voltooi die blokkiesraaisel

BL 183
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met dubbelklanke, diftonge en dubbelkonsonante wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig, kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF Sinne (lopend)

BL 178
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES Leesbegrip

BL 172–177
15 min




**Vóór lees**
- Verduidelik dat hierdie week se teks in die vorm van 'n **toneelstuk** geskryf is.
- Kyk na die toneelstuk. Hoe is dit georganiseer? (*karakters, tonele, woorde wat deur verskillende karakters gepraat word, rol van die verteller*)
- Is die leestekens dieselfde as vir sinne? (*nee, eers karakternaam en dan dubbelpunt*)
- Blaai deur die toneelstuk en verduidelik die kleurkodering.

**Gedeelde Lees**
- Lees deur die toneelstuk; lees al die karakters self. Leerders kan aansluit.
- Kies ses goeie lesers. Ken aan elkeen 'n karakter toe.
- Leerders lees die toneelstuk volgens hul karakter.

**Ná lees**
- Van watter karakter het julle die meeste gehou? Hoekom?
- Dink oor watter karakter jy graag sal wil wees, indien julle die toneelstuk sou opvoer.

## SKRYF Leesbegrip

BL 184
15 min




**Lees en bespreek vrae**
- Sommige antwoorde mag verskil. Moedig oorspronklike idees aan.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer.**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Daaglikse dagboek*

BL 185
30 min






## AANVANGSKENNIS Skool lank gelede

**Lees en bespreek**
- Herinner die leerders aan die hardopleesstorie oor skoolgaan lank gelede.
- **Pare:** Wat wys elke prent vir julle oor skool lank gelede? Maak beurte om vir jou maat te vertel.
- **Deel:** Kies 'n paar leerders om hul gedagtes oor die prente te deel.
- **Nadat hulle gedeel het, vra:** Van watter deel van skool lank gelede, dink julle, sou julle gehou het? Nie gehou het nie? Laat 'n paar leerders antwoord.

**Skryf**
- Skryf 'n sin vir elke prent.

BL 186
30 min






## VISUELE KUNSTE 3D-prentraam

**Aktiwiteit**
- Leerders gaan voort om aan hul prentraam te werk.

**Bêre dit veilig om volgende week te voltooi.**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir Liggaamsopvoeding op bl. 24.

25 min



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT Voorlesing van toneelstuk

15 min



**Groepe**

- Drie pare span saam om 'n groep van ses te vorm. Elke leerder moet hul eie LAB hê.
- Groepleier ken karakters toe.
- Groepe beweeg na verskillende spasies in die klaskamer.
- Groepe lees die toneelstuk in die LAB. Hulle moet met uitdrukking lees.
- Beweeg van groep na groep om hulle te ondersteun.



## KLANKE Voltooi die sinne

BL 187
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met dubbelklanke, diftonge en dubbelkonsonante wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig, kry 'n -ie aan die einde.

- Do rapid sound recognition of sounds taught in Grade 2.
- Learners complete the LAB page.
- Check and mark together.



## HANDSKRIF Sinne (lopend)

BL 178
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## GEDEELDE LEES Woordeskat

BL 172–177
15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees hierdie week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| toneelstuk (formaat) | karakters | toneel | verteller | take/werkies |

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die storie saam met die leerders.
- **Woordsoek**: Terwyl jy lees, sien leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks raak. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Party woorde verskyn meer as een keer.

**Leerders sorteer die flitskaarte alfabeties.**



## SKRYF Woordeskat

BL 188
15 min




**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die geskrewe aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon woordeskat flitskaarte** op die Woordmuur.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Daaglikse dagboek*

BL 189
30 min


DATUM

Daaglikse dagboek

Skryf 'n dagboekinskrywing in jou oefenboek.

WEEK 9 • WOENSDAG • 189



## AANVANGSKENNIS

### Skool toe en nou

**Lees en bespreek**

- Lees die tabel wat 'n opsomming van die storie oor skool lank gelede is.
- Leerders dink oor hul eie skoolervaring, in teenstelling met dié ervaringe in die tabel.

**Skryf**

- Leerders voltooi die tabel en beantwoord die vrae in die die LAB.

BL 190
30 min


DATUM

Skool toe en nou

Die kolom aan die linkerkant vertel vir ons hoe skool was in die storie op bladsy 184.
Dink oor jou skool en voltooi die kolom aan die regterkant.

| | Lank gelede | My skool |
|---|---|---|
| Die gebou | 'n Huis van swartwattelpale en modder gemaak met 'n vloer gesmeer met beesmis. | |
| Water | Geen lopende water nie. Meisies het water by die rivier gaan haal. | |
| Lessenaar | Geen lessenaars, net lang banke. | |
| Skryf | Leerders het met skerp klippies op leie geskryf. | |
| Lees | Geen boeke nie. Onderwyser het woorde op die skryfbord geskryf. | |
| Wiskunde | Stokkies en klippies is as tellers gebruik. | |

1 Wat was dieselfde?

2 Wat was verskillend?

3 Van watter soort skool sou jy die meeste gehou het?

190 • WEEK 9 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

### Groepe se toneelopvoering

**Inleiding**

- Soms kan ons 'n geïmproviseerde toneelstuk uitvoer, wat beteken daar is geen geskrewe woorde vir die toneelstuk nie.

**Groepwerk**

- Gesels in groepe oor 'n toneelstuk wat julle vir die klas kan opvoer.
- Besluit oor die karakters en storie en improviseer dan die woorde soos julle die toneelstuk opvoer. Elke groep bespreek die kort toneelstuk wat hulle gaan opvoer.
- Groepe oefen hul toneelstuk en improviseer woorde.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir Liggaamsopvoeding op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Aanbieding van toneelstuk-lees

15 min



**Groepe**
- Gee vir die groepe vyf minute om hul toneelstuk-lees weer te oefen.
- Kies een of meer groepe om vir die klas aan te bied.
- Gebruik jou aantekeningboek om jou waarnemings aan te teken.

## KLANKE — Skryf die regte woord

BL 191
15 min




Verkleinwoorde: Woorde met dubbelklanke, diftonge en dubbelkonsonante wat op -k, -s, -f, -g of -p eindig, kry 'n -ie aan die einde.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopend)

BL 178
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Taal

15 min




**Stel die sin bekend**
- Skryf die sin op die bord.
- Lees die sin stadig saam met die leerders.
- Leerders vind die sin in die toneelstuk.
- Hulle onderstreep/verlig dit.

**Werk met sinne**
- Identifiseer leestekens. (*karakters se name vetgedruk, dubbelpunt, komma, uitroepteken*)
- Wat is die gesproke woorde?
- Lees jy die karakter se naam?
- Hoekom is daar 'n uitroepteken?
- Identifiseer die werkwoord in die sin. Sê in watter tydvorm dit geskryf is.

## SKRYF — Taal

BL 192
15 min




**Dialoë**
- Lees die twee lyne van die toneelstuk wat die dialoog vorm.
- Beantwoord die vrae oor die dialoog.
- Verduidelik die taak (om 'n dialoog te skryf).

**Skryf**
- Voltooi die LAB-bladsy.
- **Lees** jou dialoog saam met 'n maat.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groeplees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Daaglikse dagboek*

**BL 193**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

**30 min**

**KWL-kaart (bl. 181)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra vrae.

**vergelyk**
1. Kyk na twee dinge en vind uit wat dieselfde is.
2. Pas twee dinge bymekaar.
3. Kyk na twee dinge en vind uit wat verskillend is.

**dieselfde**
1. eenders
2. identies
3. ooreenstemmend

**verskillend**
1. anders
2. afwykend
3. soortgelyk

**EAT** *compare* (vergelyk), *same* (dieselfde), *different* (verskillend)



## UITVOERENDE KUNSTE

### Groepe se toneelopvoering (vervolg)

**30 min**

**Voer op**
- Groepe voer hul geïmproviseerde toneelstukke vir die klas op.

**Evalueer**
- Prys en lewer kommentaar op die opvoerings.
- Maak voorstelle vir verbetering – in Week 10 kan die leerders weer vir 'n groter gehoor opvoer.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor watter groep-toneelspel julle veral geniet het, en sê hoekom.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Positiewe kommentaar oor die groep-toneelspele.

## KLANKE — Diktee

BL 194
10 min




